



**Pastorale perspektiewe op heraanpassing van
weduwees na die dood van 'n huweliksmaat
vanuit 'n Pentekostalistiese benadering**

MG Van Wyngaard

 **orcid.org/0009-0008-9114-8639**

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister
Theologiae in Pastorale studies* aan die Noordwes-
Universiteit

Studieleier: Prof RA Denton

Medestudieleier: Prof M Nel

Gradeplegtigheid: Junie 2026

VOORWOORD

Hierdie projek sou nie gebeur het sonder die onophoudelike ondersteuning, leiding en aanmoediging van baie mense nie.

Eerstens wil ek dankie sê aan my hemelse Vader vir die voorreg en geleentheid om hierdie navorsing te kon doen. Dit is my gebed dat dit tot diens in die Koninkryk sal wees.

Tweedens aan my studieleiers, Proff. Rudy Denton en Marius Nel, dankie vir jul geduld, wysheid en konstruktiewe terugvoer deur die verloop van hierdie navorsing. Ek waardeer julle insette en insigte.

Ek wil ook my vrou, Marelize, en my kinders, Tiaan, Reinhardt en Minè, bedank vir hul volgehoue ondersteuning, begrip en aanmoediging. Sonder julle ondersteuning sou dit nie kon gebeur het nie.

Hierdie werk is opgedra aan almal wat glo dat navorsing nie net kennis uitbrei nie, maar ook lewens kan transformeer.

Tienie van Wyngaard

ABSTRAK

Hierdie studie ondersoek die heraanpassing van weduwees na die sterfte van 'n huweliksmaat vanuit 'n Pinksterperspektief, met die doel om 'n geïntegreerde raamwerk vir pastorale begeleiding te ontwikkel. Die navorsing is uitgevoer binne Richard Osmer (2008) se vier take van praktiese teologie, naamlik die deskriptief-empiriese, interpretatiewe, normatiewe en pragmatiese take.

Die literatuurstudie het verskeie roumodelle ondersoek, insluitend taakgedrewe (Lindemann, 1944; Worden, 2009), fasegedrewe (Bowlby, 1980 ; Kübler-Ross, 1952 ;Parkes, 1998) en geïntegreerde modelle (Klass *et al.*, 1996; Rando, 1993; Stroebe & Schut, 1999). Hierdie modelle het 'n multidimensionele begrip van rou en heraanpassing moontlik gemaak. Bevindinge het aangedui dat rou nie lineêr verloop nie, maar 'n dinamiese proses van verliesverwerking, sinvorming en geloofsgroei is.

Die eksegetiese ondersoek van Jakobus 1:27 bevestig die roeping van die kerk om weduwees te beskerm en pastorale betrokkenheid prakties uit te leef. Die pragmatiese ontleding het die mandaat van die kerk as kanaal van hoop, genesing en gemeenskaplike ondersteuning beklemtoon.

Die studie sluit met 'n geïntegreerde pastorale raamwerk af wat teologiese, psigologiese en gemeenskapsdimensies saambring. Beperkings sluit in dat die studie slegs teoreties is en dus aan empiriese data ontbreek. Moontlikhede vir verdere navorsing sluit die volgende in: die invloed van geslag en ouderdom op heraanpassing, die rol van geloofspraktyke in rouverwerking, asook die ondersoek na komplekse of traumatiese rou.

Die studie dra tot praktiese teologie by deur 'n Bybelsgegronde raamwerk vir die begeleiding van weduwees binne die Pinkstertradisie te bied.

Sleutelwoorde:

Rousmart, weduwees, kerk, praktiese teologie, Pentekostalisme, heraanpassing

ABSTRACT

This study investigates the readjustment of widows after the death of a spouse. It is done from a Pentecostal perspective, with the aim of developing an integrated framework for pastoral care. The research was conducted within Richard Osmer's (2008) four tasks of practical theology, namely the descriptive-empirical, interpretive, normative, and pragmatic tasks.

The literature study examined several grief models, including task-oriented models (Lindemann, 1944; Worden, 2009), stage-oriented models (Bowlby, 1980; Kübler-Ross, 1952; Parkes, 1998), and integrated models (Klass et al., 1996; Rando, 1993; Stroebe & Schut, 1999). These models enabled a multidimensional understanding of grief and readjustment. Findings indicated that grief does not progress linearly but is a dynamic process of loss processing, meaning-making, and spiritual growth.

The exegetical study of James 1:27 affirms the church's calling to protect widows and to express pastoral involvement in practical ways. The pragmatic analysis emphasised the mandate of the church as a channel of hope, healing, and communal support.

The study concludes with an integrated pastoral framework that brings together theological, psychological, and community dimensions. Limitations include the fact that the study is purely theoretical and therefore lacks empirical data. Possibilities for further research include the influence of gender and age on readjustment, the role of faith practices in grief processing, and the study of complicated or traumatic grief.

The study contributes to practical theology by offering a Biblically grounded framework for the care of widows within the Pentecostal tradition.

KEY WORDS:

Grief, widows, church, practical theology, Pentecostalism, readjustment

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	II
HOOFSTUK 1: INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSMETODE	1
1.1 Titel en sleutelterme	1
1.1.1 Titel	1
1.1.2 Sleutelterme	1
1.2 Konsepklarifikasie	1
1.2.1 Rousmart.....	1
1.2.2 Weduwees.....	1
1.2.3 Kerk.....	2
1.2.4 Praktiese teologie	3
1.2.5 Pentekostalisme	4
1.3 Agtergrond en probleemstelling.....	7
1.3.1 Agtergrond.....	7
1.3.2 Probleemstelling	8
1.4 Voorlopige literatuurstudie	9
1.5 Navorsingsvraag, doelstelling en doelwitte.....	12
1.5.1 Sentrale navorsingsvraag	12
1.5.2 Verdere navorsingsvrae.....	12
1.5.3 Navorsingsdoel.....	12
1.5.4 Navorsingsdoelwitte.....	12
1.6 Sentrale teoretiese argument	13
1.7 Navorsingsepistomologie	13

1.8	Navorsingsontwerp/Metodologie	14
1.8.1	Metodologie	14
1.8.2	Navorsingsmetode.....	14
1.9	Waarde en bydrae van die studie	17
1.9.1	Waarde van die studie	17
1.9.2	Bydrae van die studie	18
1.10	Etiese oorwegings.....	18
1.11	Literatuurstudie: Metodologie	18
1.12	HOOFSTUKINDELING	18
HOOFSTUK 2: ROU EN DIE ROUPROSES		20
2.1	Inleiding.....	20
2.2	Die realiteit van roumart.....	21
2.3	Modelle en teorieë van rou wat 'n duidelike impak op die benadering van rou gehad het.....	22
2.3.1	Taakgedrewe modelle	22
2.3.2	Fasegedrewe modelle	25
2.4	Gehegtheidstyle.....	29
2.4.1	'n Kombinasie van taak- en fasemodelle.....	32
2.4.2	Margaret Stroebe en Henk Schut: Die tweevoudige fokusmodel van rou.....	33
2.4.3	Klass, Silverman en Nickman: voortgesette-bande-teorie	35
2.5	Ander noemenswaardige modelle en teorieë van rou	35
2.5.1	Konstruktivistiese routeorie.....	35
2.5.2	Post-traumatiese groei en rou.....	36

2.6	Die rouproses en praktiese teologie	37
2.7	Spanningspunte tussen teologie en sielkunde in die benadering tot rou en die rouproses	38
2.8	Opsomming en insigte wat uit hierdie hoofstuk bekom is	39
HOOFSTUK 3: UITDAGINGS WAT HERAANPASSING BEÏNVLOED		41
3.1	Inleiding.....	41
3.2	Definisie en teorie van heraanpassing.....	42
3.3	Toets van die sentrale argumente en geloofwaardigheid van die teorie	43
3.4	Uitdagings wat heraanpassing beïnvloed.....	43
3.4.1	Interne uitdagings	44
3.4.2	Eksterne uitdagings	50
3.4.3	Geestelike uitdagings	53
3.5	Samevatting	55
HOOFSTUK 4: DIE NORMATIEWE TAAK		57
4.1	Inleiding.....	57
4.2	Die konsep van hoop as eskatologiese belofte	58
4.3	‘n Skriftuurlike basis vir die bystand van weduwees	59
4.4	Eksegese van Jakobus 1:27	61
4.4.1	Eksegetiese raamwerk	61
4.4.2	Kultuur-historiese analise	63
4.4.3	Leksikaal-sintaktiese analise	64
4.4.4	Teologiese analise.....	67
4.4.5	Toepassing.....	69

4.4.6	Opsomming van eksegeese	70
HOOFSTUK 5: DIE PRAGMATIESE TAAK		71
5.1	Inleiding.....	71
5.2	Die funksie van die pragmatiese taak	71
5.3	Leierskap as pastorale taak	72
5.3.1	Taakbevoegdheid	72
5.3.2	Transaksionele leierskap	72
5.3.3	Transformerende leierskap	72
5.4	Praktiese transformerende begeleiding.....	74
5.4.1	Vestig 'n raamwerk van dringendheid	75
5.4.2	Vorm 'n sterk leidende koalisie	76
5.4.3	Vestig 'n visie. Hoe lyk die einddoel prakties gesproke?	79
5.4.4	Beplan en vier korttermynoorwinnings	80
5.4.5	Nuwe gewoontes word gereelde gewoontes.....	81
5.5	'n Pinksterperspektief: die waarde van 'n Pinksterparadigma	82
HOOFSTUK 6: SINTESE.....		85
6.1	Inleiding.....	85
6.2	Integrasie van bevindinge uit Osmer se model	86
6.2.1	Vanuit die beskrywend-empiriese taak (Hoofstuk 2) is die volgende insigte bekom	86
6.2.2	Die interpretatiewe taak (Hoofstuk 3): Die uitdagings van heraanpassing na die dood van 'n huweliksmaat.....	89
6.2.3	Die normatiewe taak: Hoe Jakobus 1:27 'n rigtinggewende norm bied aangaande die kerk se roeping teenoor weduwees	90

6.2.4	Die pragmatiese taak (Hoofstuk 5): Die rol van die kerk in pastorale sorg en begeleiding	90
6.2.5	Integrerende gesprek.....	90
6.3	Bybelse en Pinkster-teologiese bydraes	91
6.4	Implikasies van die navorsing	92
6.4.1	Praktiese implikasies	92
6.4.2	Teologiese implikasies.....	94
6.5	Sinvolle voortgesette verbondenheid en eskatologiese hoop	95
6.6	Beperkings van die studie	95
6.6.1	Subjektiewe aard van rou en interpretasie	95
6.6.2	Beperkte vergelyking tussen modelle van rou.....	95
6.7	Voorstelle vir verdere navorsing	95
6.7.1	Langtermynstudie oor heraanpassing	96
6.7.2	Die rol van geloofspraktyke in rouverwerking.....	96
6.7.3	Die invloed van geslag en ouderdom op heraanpassing.....	96
6.7.4	Ondersoek na traumatiese of komplekse rou.....	96
6.7.5	Evaluering van pastorale intervensiemodelle	96
6.8	Slotwoord	97
BRONNELYS.....		99
ADDENDUM A.....		111
ADDENDUM B.....		112

HOOFSTUK 1 INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSMETODE

1.1 Titel en sleutelterme

1.1.1 Titel

Pastorale perspektiewe op die heraanpassing van weduwees na die dood van 'n huweliksmaat vanuit 'n Pentekostalistiese benadering

1.1.2 Sleutelterme

Rousmart, weduwees, kerk, praktiese teologie, Pentekostalisme, heraanpassing

1.2 Konsepklarifikasie

1.2.1 Rousmart

Die term "smart" word toegeskryf aan die emosie wat beleef word na verlies, veral na die sterfte van 'n geliefde. Blom (2004:215) definieer rou as 'die tydperk na verlies deur afsterwe'. 'n Gepaste definisie vir rousmart is dus die tydperk na die afterwe van 'n geliefde wat gekenmerk word deur lyding. Bonnano (2009) definieer dit as 'n natuurlike en aanpassende reaksie tot verlies. Worden (2018) beskou roumart nie net as 'n reaksie op rou nie, maar 'n multifasetproses tot heraanpassing. Dit stem ooreen met Brunsdon (2009:412) se definisie van rousmart as "die sienbare en onsienbare smart wat op die dood van 'n geliefde volg". Hagman (2001:24) skryf dat die konsep van rousmart die volgende behels:

A varied and diverse psychological response to the loss of an important other. Mourning involves the transformation of the meanings and affects associated with one's relationship to the lost person, the goal of which is to permit one's survival without the other, while at the same time ensuring a continuing experience of relationship with the deceased.

1.2.2 Weduwees

Die term "weduwee" verwys na 'n getroude vrou wat 'n huweliksmaat aan die dood afgestaan het. Dit maak nie onderskeid tussen die wyses van afsterwe nie. Versorging van weduwees is 'n bybelse opdrag en is vandag steeds relevant vir die kerk. Die Bybel bevat verskeie gedeeltes wat handel oor die hartseer van weduwees en die medelye wat die gemeenskap en individue aan hulle moet betoon. Dit kan gesien word uit

verskeie gedeeltes wat die belangrikheid daarvan beklemtoon om weduwees te versorg en te ondersteun, hul kwesbaarheid te erken en God se medelye te toon (Eks. 22:22-24; Deut. 10:18; Jes. 1:17; Luk. 7:12-15; 1 Tim. 5:3-4; Jak. 1:27). Alhoewel die kultuurhistoriese konteks waarin die Bybel ontstaan het van die huidige milieu verskil, val die relevansie van die opdrag nie weg nie.

1.2.3 Kerk

In teologiese terme is die kerk die liggaam van Christus (Ef. 1:22-23) en bestaan dit uit gelowiges wat God se verlossing in Christus ontvang en as instrument van sy Koninkryk dien. Hierdie gelowiges vorm 'n geloofsgemeenskap waarin die mandaat van die Koninkryk uitgeleef word. Dit dui op meer as 'n gebou of instituut; dit verwys na mense wat saam in geloof leef en getuig. Die kerk is die *ekklesia* van God; dit het die opdrag van versorging en om, volgens Jesus se opdrag aan Petrus in Johannes 21:17, toe te sien dat sy skape kan wei. Die kerk se mandaat is om te leer (Matt. 28:19-20), te versorg (Joh. 21:17) en om lief te hê (Joh. 13:34).

Jakobus 1:27 lui: "Reine en onbevleete godsdienst voor God die Vader is dit: om wees en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jou onbesmet van die wêreld te bewaar." Die kerk is God se gekose kanaal waardeur hierdie opdrag tot vervulling kom. Hierdie uitgangspunt vorm die basis vir die navorsing.

Die kerk funksioneer as 'n gemeenskap van gelowiges wat deur eenheid en liefde gekenmerk word (Hand. 2:42-47). Dit is 'n plek waar gelowiges bemoedig en opgelei word om doelgerig Christus se opdrag van dissipelskap en sending te vervul.

Augustinus, die vroeë kerkvader (Augustine, 2003), onderskei tussen die sigbare en onsigbare kerk: die sigbare kerk is die institusionele kerk wat mense kan sien (soos gemeentelêre), terwyl die onsigbare kerk uit alle ware gelowiges bestaan. Nie net hul wat tans lewe nie, maar ook die wat alreeds gesterf het.

In die Pinkstertradisie vervul die kerk 'n belangrike rol as draer van die werking van die Heilige Gees. Die kerk is die platform waar God se teenwoordigheid ervaar word deur gebed, profesie en genesing (Anderson, 2004:2). Die fokus is op aktiewe deelname van elke lid, met die fokus op sendingwerk en die uitbou van God se koninkryk.

Die kerk het 'n missio Dei-fokus, wat beteken dat dit God se missie in die wêreld weerspieël deur liefdadigheid, evangelisasie en sosiale betrokkenheid (Bosch, 1991:20). Dit behels plaaslike sowel as globale sendingaktiwiteite.

1.2.4 Praktiese teologie

Volgens Gräb (2012:79) is die verstaan van moderne praktiese teologie op 'n groot mate beïnvloed deur Schleiermacher (2011) se begrip van teologie. Schleiermacher se uitgangspunt is dat die veld van praktiese teologie in ooreenstemming behoort te wees met die praktyk, wat samewerking tussen die menslike en geesteswetenskappe aanmoedig. Teologiese akademiese dissiplines behoort interdisiplinêr met mekaar en ander wetenskappe te funksioneer.

Die idee dat praktiese teologie sinoniem met “pastorale teologie” is (Farley, 1994:3), is deur sommige geleerdes aangevoer (Schleiermacher, 2011; Schweitzer, 2014). In die geskiedenis van praktiese teologie het die term “pastorale teologie” na pastorale praktyk verwys, terwyl die term “praktiese teologie” ook gebruik is om na professionele ekklesiale praktyk te verwys (Schweitzer, 2014:144). In die hedendaagse konteks word praktiese teologie as 'n vak gesien wat te make het met die interne praktyke en prosedures van die kerk (Ballard & Pritchard, 2006; Fowler, 1999), sowel as met die eksterne bekommernisse en behoeftes van die wêreld (Browning, 1996; Geis & Messer, 1994; Townes, 1995).

Volgens Schweitzer (2014:146) moet die materiaal van praktiese teologie ekklesiale praktyk in 'n professionele sin wees, maar met drie uitbreidings: 1) praktiese teologie moet verder as die kerk gaan, 2) verder as tradisionele vorme van prediking, onderrig en berading, en 3) verder as die fokus op professionele pastore. In Schweitzer se opinie het navorsing in praktiese teologie “te veel op die professionele werk van die predikant of die situasie of lewe van gemeentes gefokus. Praktiese teologie moet eerder 'n kritiese rol speel deur die dissipline uit te daag om die behoefte om die definisies van die bestudeerde objekte verder uit te brei, ernstiger op te neem”. Praktiese teologie sluit sowel die bronne van teologie as ander dissiplines in 'n hermeneutiese, ervaringsgerigte, teologiese aktiwiteit in, met die doel om die kerk in en vir die wêreld te wees (Ballard & Pritchard, 2006; Fowler, 1999; Heitink, 1999). Volgens Swinton en Mowat (2016:25) is praktiese teologie

...an interpretative discipline which offers new and challenging insights into Christian tradition in light of fresh questions that emerge from particular situations. In this sense it seeks to bring the practice of church into the continued process of theological formulation, clarification and construction.

Die meeste geleerdes op die gebied van praktiese teologie stem saam dat dit 'n akademiese dissipline is wat teologiese teorieë oor praktyk bou (Hermans & Schweitzer, 2014; Schleiermacher, 2011). Wat behels die konsep van praktyk egter? Wat is ons begrip van praktyk in praktiese teologie? Wat is die implikasies van ons begrip van praktyk vir empiriese navorsing in praktiese teologie?

Schweitzer (2014:142) beskou die definisie van praktyk as konvensioneel, afhangende van die teologiese raamwerk wat gebruik word, wat beteken dat praktyk in verhouding tot sy naaste dissiplines gedefinieer moet word. Daarbenewens sê die skrywer dat, indien praktiese teologie en etiek as aparte dissiplines gestruktureer is, die eerste “hom met professionele ekklesiale praktyk moet besig hou”, terwyl “menslike praktyk in die algemeen die doelwit” vir laasgenoemde sal wees (2014:139). Schweitzer beklemtoon die belangrikheid van evaluerende navorsing vir die kwaliteit van professionele praktyk: “As praktiese teologie beperk was tot menslike handeling in die algemeen of tot navorsing oor godsdiens as 'n hermeneutiek van kultuur, sou dit nie hierdie belangrike taak ten opsigte van professionele praktyk kon aanspreek nie” (2014:145).

Gräb (2012:81) voer aan dat praktiese teologie daartoe bydra om kerk-teologiese selfverwysing te oorkom, byvoorbeeld deur die vraag “Wat is godsdiens?” te beantwoord, aangesien hierdie dissipline die term “godsdiens” op 'n meer “diskursief-ooop en formeel-funksionele manier” sal reflekteer. Die rol van praktiese teologie is in hierdie opsig om “teologie in dialoog met die kontemporêre kultuur te bring” (Osmer & Schweitzer, 2003:216).

1.2.5 Pentekostalisme

Die navorsing word vanuit 'n Pinksterperspektief gedoen. Volgens Nel (2015:6) is daar sekere kenmerkende elemente van 'n Pentekostalistiese paradigma, naamlik die sentraliteit van die Woord en die Heilige Gees. In 'n Pinksterkonteks word die Bybel as die geïnspireerde Woord van God beskou deur wie God Homself openbaar, en dit bevat die presiese waarhede wat God bestem het om te openbaar. Die Heilige Gees is die aktiewe agent wat die Woord lewend maak vir die gelowige, maar wat ook die gelowige gemeenskap bekragtig vir hulle dienswerk.

Pentekostalisme behels meer as net die doop in die Heilige Gees en die spreke in tale as die onderskeidende kenmerk. 'n Beter beskrywing van Pentekostalisme is die vier- of vyfvoudige Christologiese benadering. Aimee Semple McPherson, die stigter van die Foursquare Church,¹ het hierdie benadering gewild gemaak en beskryf dit soos volg (soos aangehaal deur Liardon, 1996:239): “Jesus as die Redder, Jesus as die Doper met die Heilige Gees, Jesus as die Geneesheer, Jesus as die komende Regeerder.” Hierdie viervoudige benadering is 'n duidelike basis vir die begrip van die Pentekostalistiese benadering tot teologie (Dayton, 1987:20).

Vir Pentekostaliste speel ervaring 'n prominente en belangrike rol in hul spiritualiteit (Nel, 2021) en die rol van die Heilige Gees in alledaagse ervarings word beklemtoon. Dit fokus op persoonlike en gemeenskaplike ontmoetings met God. Hierdie benadering maak ruimte vir navorsing oor mistieke ervarings en die dinamika van charismatiese rituele (Cartledge, 2010).

Smit (1998:343) skryf die volgende:

For Pentecostals, experiences and affections play a prominent, significant and integral role in their spirituality, reflected in the hermeneutical processes they employ in understanding the Bible. They see the Bible not just as an ancient literary collection, but a testimony of God's participation in humanity's history.

Klassieke Pinkstergelowiges deel, saam met baie konserwatiewe Protestante, 'n “hoë” siening van die Skrif en glo dat die Bybel God se gesaghebbende, betroubare en geïnspireerde (“God-geasemde”) woord is. Die Bybel het 'n goddelike oorsprong wat as teken en instrument dien van God se liefdevolle toetrede tot gesprek met intelligente wesens (Webster 2003:42) en ook as die woord van God (sacra scriptura est verbum Dei) – God se selfopenbaring en liefdevolle kommunikasie met mense. Pinkstergelowiges beskou die uiteindelijke doel van die Bybel as Christelike identiteitsvorming (Philemon, 2019:205) en erken die 66 boeke van die Protestantse Bybel as kanonies (Nel, 2020:1).

Die Pinksterbeweging beklemtoon die eskatologie, veral verwagtinge rondom die wederkoms van Christus en die finale oorwinning oor dood en kwaad. Hierdie

¹ Foursquare Church, ook bekend as die “International church of the Foursquare Gospel”, is in 1923 deur Aimee Semple McPherson in Los Angeles, VSA, gestig. Die kerk het 'n besondere rol in die begrip van Pinksterteologie gespeel. Die viervoudige benadering het 'n eenvoudige, dog kragtige raamwerk gebied waarin die konsepte van persoonlike redding, geestelike bekragtiging, bonatuurlike genesing en eskatologiese hoop gedefinieer kan word.

toekomsgerigte perspektief beïnvloed navorsing oor hoop en lewensbenaderings, sowel as 'n unieke siening van lyding en dood (Anderson, 2004; Kay, 2009).

Pinksterperspektiewe plaas die fokus op die invloed van geloof op menslike gedrag en lewenswyse (Kay, 2009). Die klem op bekering en morele transformasie maak hierdie tradisie 'n waardevolle bydraer tot studies oor geloofsvorming en persoonlike groei. Met betrekking tot die navorsing is hierdie dus 'n baie waardevolle perspektief.

1.2.6. Heraanpassing

Die dood van 'n huweliksmaat laat 'n besondere leemte. Om in 'n wêreld sonder die oorledene aan te pas en te leer hoe om sonder die teenwoordigheid van die oorledene te funksioneer is 'n komplekse emosionele proses; daar is ontwrigting in elke lewensaspek. Hierdie proses is sentraal tot studies oor rou en verlies en word gekenmerk deur persoonlike transformasie en aanpassing by veranderinge in sosiale en emosionele verhoudings.

Shikwati *et al.* (2013:2) voer aan dat die doel met rou nie genesing is nie, aangesien genesing 'n definitiewe moment het soos die genesing van 'n oop wond na chirurgie:

In bereavement, healing is of course not understood as a goal in itself. The pain of bereavement cannot be likened to a wound or some illness that can "heal". Bereavement healing is a process by which the bereaved work through their traumatic experience, adapt to their changed status, and find or begin to ascribe new meaning to life as they come to terms with the loss of a significant other. Bereavement healing is often a life-long process.

Worden (2009:37) onderskei drie vername aanpassings wat in 'n rouproses uitgedaag word, naamlik interne, eksterne en geestelike uitdagings.

Kognitiewe heraanpassing behels die herdefiniëring van geloofstelsels en wêreldbeskouing ná die verlies, veral wanneer mense hul persepsie van lewensbetekenis moet herorganiseer. Sosiaal gesien sluit dit in om nuwe verhoudings te ontwikkel of bestaande sosiale rolle aan te pas. Die vermoë om met nuwe verhoudings in te skakel word dikwels as 'n aanduiding van gesonde aanpassing gesien (Neimeyer *et al.*, 2006:715).

In gemeenskappe soos Pinkstergemeentes speel geloof en spiritualiteit dikwels 'n sentrale rol in die heraanpassing van weduwees ná die afsterwe van hul eggenote

(Anderson, 2004). Deur geloof in die opstanding en ewige lewe kan mense troos vind en sin maak van hul verlies.

1.3 Agtergrond en probleemstelling

1.3.1 Agtergrond

Die navorsing spruit uit die navorser se bediening as pastor verbonde aan die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS) in Mokopane, Limpopo. Enige sterfte is 'n oorweldigende verlies vir geliefdes, maar sekere sterftes bring unieke uitdagings. Dit is veral die geval waar die weduwee kinders het, en nog meer wanneer die kinders minderjarig is. Die navorser het in sy bediening eerstehands beleef watter uitdaging dit vir weduwees is om ná die sterfte van hul huweliksmaat, te midde van hul eie hartseer en rouSMART, die rol van enkelouer effektief vol te staan. Dit is veral die geval wanneer daar nie voldoende voorsiening deur middel van lewensversekering gemaak is nie. Die uitdagings is nie net ekonomies nie, maar ook fisiek, psigies en emosioneel, aangesien die huweliksmaat spesifieke rolle in die gesin vervul het. Hierdie uitdagings is ook nie net relevant tot die huweliksmaats nie. Vir die kinders is die verlies van 'n geliefde net so moeilik of selfs moeiliker as vir volwassenes, en dit is belangrik dat daar vir hulle platforms geskep word waarin hulle hul hartseer kan verwerk. In die navorsing van Marx (2007:1) is aangetoon dat onverwerkte rouSMART later 'n groot rol in kinders se lewe kan speel deur emosionele, intellektuele en geestelike wanfunksionering.

Die dood van 'n geliefde laat ongetwyfeld vrae oor God en sy goedheid ontstaan. Hoe kan 'n liefdevolle God verlies toelaat? Waarom het Hy dit nie gekeer nie? Wanneer die onderwerp objektief beskou word, sien 'n persoon dat hierdie vrae universeel is. Die bekende evangelis, Billy Graham (1994:72), skryf: "Wanneer die dood ons van iemand skei wat ons liefhet, is daar 'n tyd wanneer ons dink dat niemand nog ooit soveel gely het as ons nie, maar rouSMART is universeel." Tog is daar uiteenlopende reaksies op die sterfte van 'n geliefde.

In praktyk is die uiteenloopenheid van individuele verlies hantering iets wat vir my opvallend is. Bonnano (2009) skryf dit aan menslike veerkragtigheid toe. Dit skyn van buite af of sommige persone nie deur die verlies geaffekteer word nie, waar ander weer nie die verlies kan verwerk nie.

Baie gelowiges ervaar 'n geloofskrisis wanneer 'n geliefde sterf, omdat die verlies die kernkonsepte van hul geloof uitdaag. Gelowiges glo in 'n liefdevolle en almagtige God, maar die dood van 'n geliefde kan hierdie oortuiging bevraagteken. Wanneer antwoorde nie bevredigend is nie, kan dit twyfel en verwarring veroorsaak (Kübler-Ross & Kessler, 2005).

Die feit dat daar vir genesing gebid is en die gebede onbeantwoord gebly het, versterk soms hierdie krisis. Die verwagting van 'n God wat beskerm en seën, kan bots met die realiteit van verlies. Hierdie botsing kan 'n eksistensiële krisis veroorsaak, waar die persoon nie net oor die dood van die geliefde treur nie, maar ook die verlies van sekerheid van hul verstaan van God (Neimeyer *et al.*, 2006:715-738).

Dit het die navorser laat nadink oor die rol wat die kerk kan speel om persone wat rou te begelei tot heraanpassing na die afsterwe van 'n geliefde; meer spesifiek, hoe die Pinksterkerk kan bydra tot die ondersteuning van persone in rou se innerlike genesingstryd. Die navorser is van opinie dat die kerk uniek geposisioneer is om hulp aan persone in rou te verleen. Watter teologiese waarhede kan bydra dat persone nie voel hulle is alleen in hierdie tyd nie? Vanuit die navorser se Bybelstudie van Jakobus 1:27 het hy ook besef dat hulp aan weduwees nie 'n opsie nie, maar 'n bybelse opdrag is. Die volgende vrae het ontstaan: Hoe lyk hierdie hulp prakties gesproke in moderne tye? Watter simbiotiese konneksies is daar tussen praktiese teologie en sielkunde in die rouproses en hoe kan die kerk hierdie waarhede gebruik om persone prakties te ondersteun?

1.3.2 Probleemstelling

Alle gelowiges gaan die realiteit van die dood op een of ander stadium in hul lewe beleef. Wat die reaksie op die verlies gaan wees word deur verskeie faktore bepaal, onder andere die rol wat die oorledene gespeel het en die oorlewende se persoonlike veerkragtigheid (Bonnano, 2009; Bowlby, 1980). Die kerk is die plaaslike gemeenskap wat primêr geposisioneer is vir gemeenskap en ondersteuning. Dit is daarom van belang dat die kerk en herderskap toegerus is om die liggaam te begelei en ondersteun tot waar 'n persoon weer ná die verlies kan aanpas. Die Pinksterkerk is uniek geposisioneer om sinvolle ondersteuning en hulp aan persone in rou te bied.

Die vraag is egter watter elemente heraanpassing ná die verlies van 'n huweliksmaat verhinder. Watter begeleiding vereis dit van die Pentekostalistiese pastor en gemeente sodat alle rou take suksesvol uitgevoer kan word?

1.4 Voorlopige literatuurstudie

Uiteenlopende navorsing is al oor die rouprosesse gedoen. Van die 20ste-eeuse navorsers was Freud een van die eerste navorsers wat rou in diepte bestudeer het (Freud, 1917; Heidari, 2021:36). Hy voer aan dat rou nie beperk is tot mense en die dood nie, maar sluit ook objekte, waardes, en statusse buite die dood in. Rou en smart is nie abnormaal nie, maar 'n normale reaksie op verlies. Erich Lindemann (1944) het verder op Freud se navorsing uitgebrei en van die vroegste empiriese studies oor die rouprosesse gedoen. Hy bou op Freud se twee take van ontkoppeling (dekatheksis) en herkoppeling (rekatheksis), en is die eerste navorser wat die konsep van heraanpassing gebruik (1944:141-148). Elizabeth Kübler-Ross se werk *On Death and dying* (1969, 2009:31-91) is die bekendste model van rou. Dit was oorspronklik bedoel om die rouprosesse van pasiënte wat terminaal siek is te beskryf, maar is sedertdien wyd toegepas op ander vorme van rou en verlies. Sy identifiseer vyf vlakke ("stages") van rou, genaamd ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding. Hierdie model het die basis vir ander modelle gelê en alhoewel navorsers mettertyd kritiek op die model gelewer het, is dit nodig om dit as een van die basismodelle van rou te erken.

John Bowlby (1952) en Colin Murray Parkes (1998) het baanbrekerswerk verrig met hul toepassing van gehegtheidsteorie op die rouprosesse. Bowlby is veral bekend vir sy werk oor die gehegtheidsteorie wat die rol van die primêre versorger en kinders bestudeer het. Hierdie teorie beweer dat vroeë belewenisse en gebeurtenisse die fondasie vir interpersoonlike verhoudings, veerkragtigheid en selfpersepsie lê (1952). Fase 1 is die periode van lamheid wat kort na die verlies geskied en fase 2 is die tydperk van verlange ("yearning") waarin woede 'n belangrike rol speel. Fase 3 is 'n periode van disorganisasie en verdriet waarin die agtergeblewene sukkel om in hul omgewing te funksioneer. Fase 4 is 'n tyd vir herorganisering van gedrag, waarin slagoffers weer hul lewe integreer.

Worden (2009:39) stel in sy beradingsmodel vir persone 'n ander term voor, naamlik take van rou. Dit verskil van ander modelle deurdat dit uitkomsgebaseerd is. Dit verwys nie bloot na passiewe fases waardeur persone beweeg nie, maar plaas 'n mate van

beheer terug in die persoon wat rou se hande, aangesien hulle aktief kan deel hê aan die proses.

In reaksie op die stadium- en fase-gebaseerde teorieë, ontwikkel William Worden sy taakgebaseerde routeorie en intervensieparadigma (2009:37). Hy identifiseer die vier take as onderskeidelik:

Taak 1: Om die realiteit van die sterfte en die gepaardgaande verlies te besef en te aanvaar. Die eerste routetaak is om te besef dat die geliefde dood is en dat die persoon se tyd om aarde verby is. Hul gaan nie weer terugkom nie. Deel van die aanvaardingsproses is om te besef dat persone mekaar in hierdie lewe nie weer gaan sien nie. Omdat die verlies nie net intellektueel van aard is nie, maar ook emosioneel, is die gevoel van onwerklikheid prominent.

Taak 2: Om die pyn van roumart te verwerk. Alhoewel die intensiteit van die pyn afhang van die tipe verhouding wat tussen die persoon en die oorledene bestaan het, is dit onmoontlik om geliefdes aan die dood af te staan sonder enige diep emosionele pyn. Daar is ook geen wyse vir voorbereiding op die stortvloed van emosie wat saam met verlies kom nie. Dit veroorsaak dat mense dikwels van ander onttrek, omdat die emosies net te oorweldigend raak. Tog is die pynlike belewenis van emosies in die verwerking van die dood 'n belangrike faktor wat nie vermy mag word nie.

Taak 3: Om in 'n wêreld sonder die oorledene aan te pas. In hierdie taak is daar die volgende drie areas waarin aanpassings gemaak moet word:

Eksterne aanpassings: Die mate van aanpassings wat gemaak moet word, is direk afhanklik tot die rol wat die oorledene gespeel het in die persoon se lewe. Veral in die geval van weduwees besef hulle eers met die verloop van tyd wat dit behels om sonder hulle mans te leef. Hulle moet vrede maak met 'n leë huis, om kinders alleen groot te maak en om finansies te bestuur. Omdat die rolle wat die oorledene vervul het uiteenlopend is, stel dit verskillende uitdagings aan die weduwee; dit kan telkens weer oorweldigend wees, want sy sal waarskynlik nuwe vaardighede moet aanleer. Indien die huweliksmaat al die administrasie behartig het, gaan die weduwee dit moet oorneem. Indien die persoon voltyds gewerk het en die huweliksmaat na die kinders en huis omgesien het, gaan daar ander aanpassings gemaak moet word.

Interne aanpassings: In sommige verhoudings is die agtergeblewene se selfagting aan die oorledene gekoppel en wanneer hul geliefdes nie meer daar is nie, ontstaan daar 'n identiteitskrisis. Persoonlikheid en afhanklikheid speel hier 'n groot rol, asook hoe gesond 'n persoon se selfbeeld en innerlike weerbaarheid is. Terselfdertyd moet hulle ook met die nuwe identiteit van weduwee of wewenaar vrede maak.

Geestelike aanpassings: 'n Geliefde se sutfte het die potensiaal om die agtergeblewene se hele lewensraamwerk te verander. Vergelyk byvoorbeeld die impak op 'n kind se fundamentele lewenswaardes en denkwysse wanneer ouers op 'n jong ouderdom sterf. Dit is nie vreemd vir mense wat rou om te voel dat hulle hul rigting in die lewe verloor het nie. Veral vanuit 'n geestelike sin kan die soeke na verduidelikings prominent raak: Hoe kan God dit toelaat? Vir sommige mag dit voel asof God hulle straf. "Ek moes iets verkeerd gedoen het, dit is hoekom God dit oor my bring." Daar word konstant na betekenis gesoek om sin te probeer maak van wat gebeur het. Drie basiese aannames word deur die dood uitgedaag: dat die wêreld 'n welwillende plek is, dat die lewe sin maak, en dat niks sleg met my of my geliefdes gaan gebeur nie. Uiteindelik moet die besef groei dat dit nie soseer oor 'n antwoord gaan nie, maar oor hoe om sonder antwoorde te lewe.

Taak 4: Om 'n aanhoudende konneksie met die oorledene te vind te midde van die begin van 'n nuwe lewenseisoen. Die afgestorwe geliefde was onlosmaaklik deel van die agtergeblewene se lewe. Die doel in hierdie fase is om die herinnering van die oorledene lewend te hou, maar op 'n wyse wat die agtergeblewene nie sal verhinder om voort te lewe nie. Hierdie taak is 'n progressiewe proses waarin daar stelselmatig na vrede en aanvaarding beweeg word.

Dit blyk dat die grootste uitdaging tot heraanpassing in die tweede en derde routake van Worden (2009:44-49) lê en indien hierdie twee take suksesvol voltooi word, sal die vierde fase natuurlik daarop volg.

Dit is die doel van hierdie navorsing om hierdie leemte te vul, naamlik hoe die take prakties toegepas kan word binne die konteks van die lokale gemeente.

1.5 Navorsingsvraag, doelstelling en doelwitte

1.5.1 Sentrale navorsingsvraag

Die navorsingsvraag wat met hierdie navorsing hanteer sal word, is die volgende: Hoe kan die kerk vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief weduwees pastoraal begelei om aan te pas na die sterfte van 'n huweliksmaat?

Om die navorsingsvraag te beantwoord, sal 'n prakties-teologiese interpretasie, soos deur Osmer (2008:4) voorgehou, gevolg word. Die interpretasieproses sal deur die volgende subvrae gerig word:

1.5.2 Verdere navorsingsvrae

1. Watter deskriptiewe insigte kan ontdek word oor rou en roumart wanneer die bestaande modelle van rou ondersoek word?
2. Wat sou die redes wees wat heraanpassing bemoeilik en 'n impak het op die rouproses om weduwees pastoraal te begelei?
3. Hoe kan prakties-teologiese perspektiewe vanuit 'n normatiewe studie van die Skrif bydra tot die samestelling van 'n skriftuurlike basis vir die versorging van weduwees?
4. Hoe kan 'n pastorale benadering geformuleer word om weduwees te begelei om al die routake suksesvol te verwerk en in 'n wêreld sonder die oorledene aan te pas?

1.5.3 Navorsingsdoel

Die doel van die navorsing is om te ondersoek hoe die kerk vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief weduwees effektief pastoraal kan begelei om die verlies van 'n huweliksmaat te verwerk en ná die verlies aan te pas.

1.5.4 Navorsingsdoelwitte

Die doelwitte met die navorsing is soos volg:

1. Om vanuit 'n deskriptiewe studie belangrike insigte te bekom oor bestaande modelle van rou en hoe die velde van teologie en sielkunde dit benader.

2. Om aspekte wat in die pad van heraanpassing staan te identifiseer, asook om die impak wat dit op die rouproses het uit te lig.
3. Om prakties-teologiese perspektiewe vir pastorale sorg vanuit 'n normatiewe studie van die Skrif te ondersoek om sodoende 'n skriftuurlike basis vir die versorging van weduwees te vestig.
4. Om 'n pastorale benadering te formuleer waarin weduwees begelei kan word om alle routake suksesvol te verwerk en in 'n wêreld sonder die oorledene aan te pas.

1.6 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teologiese argument van hierdie studie is dat 'n pastorale benadering vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief geformuleer kan word om weduwees te begelei om alle routake suksesvol te verwerk en ná 'n huweliksmat se sterfte in die gemeenskap aan te pas.

1.7 Navorsingsepistemologie

Die epistemologie van hierdie studie is vanuit die praktiese teologie, met pastorale sorg as fokus. Die studie se fokus is om by te dra tot die veld van navorsing wat reeds gedoen is.

In Praktiese teologie word die interaksie tussen geloof, teologiese refleksie en die praktiese uitvoering die bogenoemde realiteite binne 'n Christelike lewensraamwerk bestudeer (Heitink, 1999). Dit is 'n dinamiese dissipline wat nie net teorie ontwikkel nie, maar ook poog om geloofsgemeenskappe te help om op sinvolle maniere te leef en binne hulle konteks te getuig. Dit rus gelowiges, kerkleiers en gemeentes toe om die boodskap van die evangelie relevant te kommunikeer en om op die uitdagings en vrae van die samelewing te reageer.

Pastorale sorg is die praktiese uitdrukking van God se liefde en genade by wyse van die begeleiding, versorging en ondersteuning van mense in hul geloofsreis en lewensuitdagings (Louw, 2015). Dit vorm deel van praktiese teologie en fokus spesifiek op die versorgende taak van die kerk. Uit die werk van Louw is dit duidelik dat praktiese teologie en pastorale sorg onafskeidbaar is. Praktiese teologie help die kerk om op 'n gefundeerde manier diensbaar te wees, terwyl pastorale sorg spesifiek op die individuele en gemeenskaplike behoeftes van mense fokus. Albei rig hulself op die

transformasie van mense se lewens binne die konteks van God se liefdevolle teenwoordigheid in die wêreld.

1.8 Navorsingsontwerp/Metodologie

1.8.1 Metodologie

Die navorsing word as 'n literatuurstudie gedoen. Hierdie studie sal gebruik maak van 'n ondersoekende en beskrywende literatuurstudie waarin inligting en data vanuit bronne van die Noordwes-Universiteit se biblioteek, sowel as ander lokale en internasionale biblioteke, verwerk word. 'n Kombinasie van artikels, joernale en erkende verwysingsbronne gaan gebruik word. Die deskriptiewe literatuuranalise sal geskied by wyse van dataversameling op verskeie platforms, wat nasionale sowel as internasionale wetenskaplike hulpbronne en akademiese boeke insluit.

1.8.2 Navorsingsmetode

Om die doelwitte van die navorsing te bereik word Osmer (2008) se model vir praktiese teologie gebruik. Die navorsing word as 'n prakties-teologiese studie onderneem. Met behulp van praktiese teologie beskryf en ontleed die navorser teenswoordige gebruike en omstandighede met die doel om nodige aanpassings vir die praktyk voor te stel (Osmer, 2008:4; Virkler & Ayayo, 2007:11). Die praktiese teoloog volvoer die taak deur 'n Christelikgebaseerde strategie te ontwikkel wat die teenswoordige omstandighede hanteer. Alhoewel daar verskeie modelle is wat gebruik kan word in 'n prakties-teologiese studie (Ballard & Pritchard, 2006; Browning, 1996; Dingemans, 2000; Heitink, 1999; Van der Ven, 1998), is daar op Osmer se model besluit vanweë die wisselwerking wat dit noodsaak tussen sowel teologiese velde as sosiale en natuurlike wetenskappe om gepaste antwoorde op die teenwoordige omstandighede te ondersoek (Osmer, 2008:84). Die transversale model van kruisdissiplinêre dialoog (2008:170) gaan toegepas word om interdissiplinêre perspektiewe te vind; interdissiplinêre kontekste van teologie sowel as sielkunde word ondersoek om perspektiewe rakende die realiteit van rou en heraanpassing te vind.

Osmer se model (2008) is die mees toepaslike model vir hierdie studie, omdat dit 'n gestruktureerde en stelselmatige benadering bied waarin praktiese uitdagings ondersoek kan word, 'n raamwerk wat nodig is in hierdie studie. In elke taak word spesifieke vrae gevra wat toesien dat uitkomst bereik word.

Osmer (2008:4) onderskei vier take wat die ondersoeker spesifieke vrae laat ondersoek:

1. Wat gaan aan?
2. Waarom gaan dit aan?
3. Wat behoort aan te gaan?
4. Hoe behoort ons voort te gaan?

Die vier take van Osmer (2008) se prakties-teologiese model gaan soos volg uitgevoer word:

1.8.2.1 Die beskrywende empiriese taak – Wat gaan aan?

Die navorsing gaan aan die hand van 'n deskriptiewe studie gedoen word en nie 'n empiriese komponent bevat nie. Die rede is tweevoudig: Eerstens is die doel om die navorsing gefokus en gestruktureerd te doen om 'n deskriptiewe basis te lê (wat moontlik in verdere navorsing uitgebrei kan word in 'n empiriese studie). Tweedens fokus die navorsing op pastorale perspektiewe op die heraanpassing van weduwees. 'n Empiriese studie is nie nodig om die navorsingsuitkomst te bereik nie, aangesien daar nie oorsaak- en gevolgverhoudings ondersoek word nie, maar wel die komponente van heraanpassing na die sterfte van 'n huweliksmaat.

Die deskriptiewe empiriese taak vra: Wat gaan aan? (Osmer, 2008:4). Inligting word versamel om aan die navorser patrone en dinamika te openbaar wat spesifiek met episodes, situasies en kontekste te make het.

Om die eerste navorsingstaak te voltooi word verskeie modelle van rou bestudeer: Wat maak die verskynsel van rou smart so besonders moeilik om te oorkom? Waarom bied dit soveel uitdagings? Die inligting wat gekry word, gaan gebruik word om die eerste uitkoms van die navorsing te bereik, naamlik om belangrike insigte vanuit 'n deskriptiewe empiriese studie te bekom oor bestaande modelle van rou en hoe die velde van teologie en sielkunde dit benader.

1.8.2.2 Die interpretatiewe taak – Waarom gaan dit aan?

Die interpretatiewe taak vra die vraag: “Waarom gebeur dit?” (Osmer, 2008:4). Die funksie van metateoretiese perspektiewe en kruisdissiplinêre dialoë is om universele raakpunte te identifiseer in die velde van praktiese teologie en sielkunde.

Dit gaan gedoen word deur die evaluasieraamwerk van Osmer (2008:114) te gebruik. Die navorser het die volgende doelstellings:

- Om die model of teorie, sowel as die konseptuele veld waarop dit gebou is, te identifiseer en evalueer.
- Om die dissiplinêre perspektiewe wat die teorie gebruik te identifiseer sowel as om die mate waartoe die dissipline realiteite hanteer te ondersoek.
- Om die teorie se sentrale argumente en geloofwaardigheid te toets deur dit te identifiseer en assesseer.

Inligting wat deur die literatuurstudie ingesamel word, gaan beoordeel word om die tweede uitkoms van die navorsing te bereik, naamlik om aspekte wat in die pad van heraanpassing staan te identifiseer, asook om die impak wat dit op die rouproses het uit te lig.

1.8.2.3 Die normatiewe taak – Wat behoort te gebeur?

Die normatiewe taak stem ooreen met Osmer (2008:245) se normatiewe taak wat vra: Wat behoort te gebeur? Die doel van die normatiewe taak is om ‘n teologiese perspektief vanuit die Skrif te ondersoek deur op die leiding van die Heilige Gees staat te maak. Osmer (2008:135) noem hierdie aspek “profetiese onderskeidingsvermoë”. Die normatiewe taak word nagevors deur eksegetiese op spesifieke bybelse teksgedeeltes te doen wat op die onderwerp van toepassing is.

Jakobus 1:27 word bestudeer op die raamwerk van Virkler en Ayayo (2007). Dit bestaan uit die volgende eksegetiese analises:

1. Kultuurhistoriese analise – Die kultuur-historiese agtergrond van die teks word bestudeer om ‘n deeglike begrip te vorm.
2. Leksikaal-sintaktiese analise – Hierdie stap behels die ondersoek van die woorde en hul grammatikale verhoudings in die teks.

3. Teologiese analise – In hierdie aspek word die teologiese implikasies oorweeg en hoe die gedeelte binne die breër bybelse narratief inpas.
4. Literêre analise – Hierdie stap ondersoek die literêre konteks, struktuur en genre van die teks.
5. Toepassing – Hier word besluit hoe die gedeelte prakties uitgeleef behoort te word.

Inligting wat in die uitvoering van die taak bekom word, sal gebruik word om die derde uitkoms van die navorsing te bereik, naamlik om prakties-teologiese perspektiewe vir pastorale sorg vanuit 'n normatiewe studie van die Skrif te ondersoek om sodoende 'n skriftuurlike basis vir die versorging van weduwees te vestig.

1.8.2.4 Die pragmatiese taak – Hoe gaan daar voortgegaan word?

Die pragmatiese taak vra die vraag: Hoe kan daar effektief voortgegaan word om die gewenste realiteit te realiseer? Hierdie taak fokus op strategieë en aksies wat 'n persoon nader aan die voorgenome doelstellings sal laat kom (Osmer, 2008:10).

Die navorsing van die deskriptiewe, interpretatiewe en normatiewe take dien hier as basis om perspektiewe en raamwerke vir nodige toekomstige aksie daar te stel (Osmer, 2008:176). Die doel van die pragmatiese taak gaan wees om 'n prakties-teologiese raamwerk vir bedienaars te vestig waarin hulle getrou kan wees aan Jakobus 1:27 deur weduwees te begelei om weer na die sterfte van 'n huweliksmaat in die gemeenskap aan te pas.

Inligting wat in die uitvoering van die taak bekom word, sal gebruik word om die vierde uitkoms van die navorsing te bereik, naamlik om 'n pastorale benaderingsraamwerk te ontwikkel waarin weduwees begelei kan word om alle routake suksesvol af te handel en in 'n wêreld sonder die oorledene aan te pas.

1.9 Waarde en bydrae van die studie

1.9.1 Waarde van die studie

Die waarde van hierdie studie lê daarin dat dit wyses vind waarop die kerk 'n aktiewe rol kan vervul in die begeleiding van persone wat in rou is totdat hulle heraangepas is.

1.9.2 Bydrae van die studie

Hierdie navorsing gaan 'n praktiese bydrae lewer in die navorsingsveld wat met raakpunte tussen teologie en sielkunde te make het. Dit gaan pastore en pastorale beraders bemagtig om persone in rou pastoraal meer effektief te kan bedien en begelei.

1.10 Etiese oorwegings

Die studie sal aan die Noordwes-Universiteit se etiese riglyne vir navorsing voldoen. Hierdie navorsing is 'n beskrywende literatuurstudie en bied daarom 'n lae risiko, omdat daar nie fisieke, menslike deelnemers gaan wees nie. Die navorsingsrisiko is baie laag, omdat die navorser nie 'n eensydige persepsie najaag nie, maar daarop let om 'n Pentekostalistiese perspektief wat verskillende beskouings het in te sluit. Betroubaarheid is belangrik, aangesien dit die kredietwaardigheid sowel as die geloofwaardigheid van die navorsing beïnvloed (Guba & Lincoln, 1994:105).

1.11 Literatuurstudie: Metodologie

Hierdie studie sal gebruik maak van 'n ondersoekende en beskrywende literatuurstudie waarin inligting en data vanuit bronne van die Noordwes-Universiteit se biblioteek, sowel as ander lokale en internasionale biblioteke, gebruik word. 'n Kombinasie van artikels, joernale en erkende verwysings gaan deel van die literatuur uitmaak. Die deskriptiewe literatuuranalise sal geskied by wyse van dataversameling op verskeie platforms, wat nasionale sowel as internasionale wetenskaplike hulpbronne en akademiese boeke insluit. Verskeie soekenjins gaan ook ingespan word, waaronder EBSCO HOST; PsychInfo; PsychArticles; Google Scholar; SACat; SAePublication; en Health Source. Bronne sal relevante inligting oor rou en die rouproses bevat, of relevante substudies wat met die onderwerp te make het. Die navorser gaan van artikels gebruik maak wat in erkende akademiese joernale gepubliseer is, sowel as van sekere klassieke boeke. 'n Posing gaan aangewend word om nie literatuur wat ouer as 10 jaar oud is te gebruik nie, behalwe in gevalle waar teoloë 'n rigtinggewende impak op die onderwerp gehad het. Huidige artikels gaan geprioritiseer word.

1.12 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1: Inleiding, probleemstelling en navorsingsmetode

Hoofstuk 2: Die deskriptiewe-empiriese taak – Kry 'n duidelike raamwerk waarbinne beraders die fenomeen van rouSMART benader en ondersoek uitdagings wat prakties in die beradingsproses ondervind word.

Hoofstuk 3: Die interpretatiewe taak – Literatuurstudie rondom uitdagings wat in die tweede hoofstuk geïdentifiseer is en hoe die probleem benader is.

Hoofstuk 4: Die normatiewe taak – 'n Eksegeties-teologiese uiteensetting van Jakobus 1:27 en die praktiese uitvoering daarvan vir moderne Christenskap.

Hoofstuk 5: Die pragmatiese taak – Prakties-teologiese riglyne waarbinne die kerk weduwees prakties kan bystaan om die derde en vierde take van rou, soos deur Worden (2008) uiteengesit is, te voltooi.

Hoofstuk 6: Sintese – Die navorsing sluit met 'n bespreking af van die belangrikste gevolgtrekkings met die doel om sekere voorstelle vir die huidige praktyk te formuleer.

HOOFSTUK 2 ROU EN DIE ROUPROSES

2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk fokus op die beskrywende empiriese taak wat beoog om 'n antwoord op die vraag “Wat gaan aan?” (Osmer, 2008:4) te verkry. Dit behels die versameling van inligting om aan die navorser patrone en spesifieke dinamika te openbaar wat spesifiek met episodes, situasies en kontekste te make het.

By wyse van 'n literatuurstudie sal die volgende navorsingsdoelwit uitgevoer word: Om belangrike insigte te bekom oor die uitdagings wat persone in rou ná die sterfte van 'n huweliksmaat beleef. Om die eerste navorsingstaak te voltooi word verskeie modelle van rou bestudeer om te sien hoe bestaande raamwerke die rouproses definieer en benader. Wat maak die verskynsel van roumart so besonder moeilik om te oorkom? Waarom bied dit soveel uitdagings?

'n Geliefde wat sterf is een van die seerste realiteite van die lewe. In die roeping van die pastoraat is dood 'n gegewe en word die herder gereeld uitgedaag deur sterftes en ondersteuning aan die families in rou. Wat dood so moeilik maak om te verwerk is die effek wat dit op 'n persoon se holistiese menswees het ten opsigte van fisieke, geestelike en emosionele uitdagings. Soos Neimeyer (2016:16) dit stel: “Ons gevoel oor onself, sowel as ons kognitiewe, emosionele en fisiologiese reguleringsfunksies, word almal geaffekteer wanneer ons die persoon vir wie ons liefhet, verloor.”

Die velde van sielkunde en psigiatrie, sowel as praktiese teologie, word in hierdie hoofstuk bestudeer om te sien hoe hierdie prosesse benader word.

Verskeie modelle van rou word aan die hand van die volgende vrae bestudeer:

- Wat maak die verskynsel van roumart so besonder moeilik vir sommige om te oorkom?
- Wat is die uitdagings wat beraders geïdentifiseer het?
- Hoe het navorsers hierdie uitdagings benader?

2.2 Die realiteit van roumart

Die beskrywende taak van Osmer se praktiese teologiese model begin met die vraag: Wat gaan aan? (Osmer, 2008:4). Dit behels 'n ondersoek na die werklikheid van 'n gegewe verskynsel deur inligting te versamel wat patrone en dinamika blootlê soos wat dit in spesifieke situasies en kontekste voorkom. Hierdie is belangrik, want voor enige interpretasie of pastorale optrede gedoen kan word, moet die ervaring van roumart eers duidelik beskryf en verstaan word.

'n Omskrywing van die kernbegrippe is nodig om verwarring te voorkom. Blom (2004:215) onderskei tussen die terme "rou" en "smart" deur te verduidelik dat smart na droefheid of emosionele pyn verwys, terwyl rou op die tydperk dui waarin hierdie pyn ná die sterfte van 'n geliefde beleef word. Roumart kan daarom beskryf word as die ervaring van emosionele pyn binne die konteks van die rouproses ná die verlies van 'n geliefde. Van Niekerk (2002:18) bevestig dat rou noodwendig aan verlies gekoppel is en dat dit 'n mens dwing om van 'n veranderde werklikheid sin te maak.

Hierdie ervaring raak egter die mens op meer as net emosionele vlak. Diets (2000:2) wys daarop dat ingrypende emosionele verliese 'n persoon se totale lewensraamwerk beïnvloed, insluitend hul welstand en lewenskwaliteit. Rou word nie slegs as 'n emosionele reaksie ervaar nie, maar as 'n omvattende menslike ervaring wat fisieke, psigiese, sosiale en selfs geestelike dimensies raak.

Adams (1973:283) bied verdere insig deur daarop te wys dat roumart selde uit slegs een emosie bestaan. Hy beskryf dit as 'n saamgestelde ervaring waarin die pyn van verlies dikwels met ander emosies soos vrees, skuld en woede verweef is. Dit word nie as iets gesien wat afsonderlik van rou funksioneer nie, maar as 'n integrale deel daarvan. Die ervaring van rou ontwikkel dus nie op 'n lineêre of voorspelbare wyse nie; verskillende emosies kan gelyktydig of in wisselende intensiteit voorkom, wat die rouproses kompleks en soms verwarrend maak.

Op grond van die bogenoemde kan gestel word dat roumart 'n dinamiese werklikheid is wat op unieke maniere in mense se lewens manifesteer. Die doel van die hoofstuk is om 'n duidelike beskrywing van hierdie werklikheid te bied ten einde 'n gefundeerde basis vir verdere interpretasie en pastorale begeleiding te vorm.

2.3 Modelle en teorieë van rou wat 'n duidelike impak op die benadering van rou gehad het

Berading aan persone in rou het oor die afgelope honderd jaar aansienlik ontwikkel en is veral deur verskeie sielkundige en terapeutiese teorieë beïnvloed. Hierdie teorieë het die raamwerk geskep waarbinne beraders die proses van berading benader.

Wanneer modelle van rou bestudeer word, kan dit opgedeel word in taakgedrewe modelle, vlakgedrewe modelle, of kombinasies van taak- en vlakgedrewe modelle (Heidari, 2021:30-40).

2.3.1 Taakgedrewe modelle

2.3.1.1 Freud

Freud is van die eerste navorsers wat rou in diepte bestudeer het (Heidari, 2021:36). Hy voer aan dat mense nie slegs oor die dood van ander persone rou nie, maar ook oor die verlies van objekte, waardes en statusse. Rou en smart is nie abnormaal nie, maar eerder 'n normale reaksie op verlies. Freud erken psigotiese gedagtes, gevoelens en gedrag as 'n aanvaarbare en normale reaksie op verlies. Sy hipotese was in baie opsigte 'n taakgebaseerde teorie wat gegrond is op die idee dat die persoon wat treur van die verlore entiteit moet ontkoppel. Volgens Freud se teorie van gedrag vul die menslike verstand mense en geliefdes met libidinale energie (katheksis). Wanneer 'n geliefde sterf, is dit noodsaaklik om hierdie energieë te onttrek (dekatheksis) sodat iemand wat treur, na hul verlies kan genees. Hy het geglo dat pasiënte wat aan melancholie ly, nie in staat was om die katheksis te dreineer nie en hulp nodig het om dit te doen. Die volgende stap, volgens Freud, was om katheksis na 'n nuwe liefdesobjek oor te dra (rekatheksis). Freud (1917) het beweer dat rou eers voltooi is wanneer die ego van die oorlede liefdesobjek ontkoppel is deur libido te ontkoppel. Hy het 'n jaar voorgestel as die tipiese hoeveelheid tyd wat nodig is vir hierdie proses om plaas te vind en het die proses "rouwerk" genoem. Volgens Walter en McCoyd (2009:4-5) het hierdie taakgebaseerde paradigma vir rouwerk, hoewel basies, soms herontstaan as 'n bloudruk vir rouwerk in ander vorme.

2.3.1.2 Die drie take van die routeorie – Erich Lindemann

Erich Lindemann (1944:141-148) het van die vroegste empiriese studies oor die rouproses gedoen. Hy bou op Freud se twee take van ontkoppeling (dekatheksis) en herkoppeling (rekatheksis) en stel die volgende take voor:

1. Emansipasie van gebondenheid aan die oorledene (dekatheksis)
2. Her-aanpassing by die omgewing waarin die oorledene ontbreek (een stap verder as Freud se teorie)
3. Formulering van nuwe verhoudings (rekatheksis)

Deur stap twee erken Lindemann dat mense wat rou in 'n sosiale omgewing leef en dat hulle by 'n omgewing moet aanpas wat nie meer hul geliefdes insluit nie. Nietemin het hy 'n periode van vier tot ses weke as tipies vir die voltooiing van hierdie take gestel. As gevolg van sy tydsbeperking het rouendes wat as gesond gesien wou word, die uitdrukking van rou ná vier tot ses weke vermy, en praktisyns van rouwerk het begin om rou wat baie langer as dit duur as patologies in sekere opsigte te beskou (Walter & McCoyd, 2009:6).

2.3.1.3 William Worden: Die vier take van die roumodel

In reaksie op die stadium- en fasegebaseerde teorieë, ontwikkel William Worden (2009) sy taakgebaseerde routeorie en intervensieparadigma. Alhoewel dit reeds in die eerste hoofstuk as die basis vir hierdie navorsing beskryf is, word dit kortliks weer herhaal. Die volgende stappe is in Worden se model (2009:48-53) ingesluit:

1. Om die werklikheid van die verlies te aanvaar

Die eerste routaak is om tot die besef te kom dat die geliefde dood is en nie weer gaan terugkom nie (Worden, 2009). Deel van die aanvaardingsproses is om te besef dat persone mekaar in hierdie lewe nie weer gaan sien nie. Omdat die verlies nie net intellektueel van aard is nie, maar ook emosioneel, is die gevoel van onwerklikheid prominent.

2. Om die pyn van die rou te verwerk

Alhoewel die intensiteit van die pyn afhangend is van die verhouding wat tussen die persoon en die oorledene bestaan het, is dit onmoontlik om 'n geliefde aan die dood af

te staan sonder enige diep emosionele pyn (Worden 2009:43). Daar is ook geen manier om 'n persoon voor te berei op die stortvloed van emosie wat saam met verlies kom nie. Dit veroorsaak dat mense dikwels aan ander onttrek, omdat die emosie net te oorweldigend raak. Tog is die pynlike belewenis van die emosie 'n belangrike faktor in die verwerking van die dood wat nie vermy mag word nie.

3. Aanpassing in 'n wêreld sonder die oorledene

In hierdie taak is daar drie verskillende areas waarin aanpassings gemaak moet word (Worden 2009:46):

Eksterne aanpassings – Die mate van aanpassings wat genoodsaak word, is direk afhanklik van die rol wat die oorledene gespeel het. Veral in die geval van weduwees besef hulle eers met verloop van tyd wat dit beteken om sonder hulle mans te leef. Hulle moet vrede maak met 'n leë huis, om kinders alleen groot te maak en om finansies te bestuur. Omdat die rolle wat die oorledene vervul het uiteenlopend is, stel dit verskillende uitdagings aan die weduwee wat telkens weer oorweldigend kan wees. Hulle sal waarskynlik nuwe vaardighede moet aanleer. Indien die huweliksmaat al die administrasie behartig het, gaan die weduwee dit moet oorneem. Indien die persoon voltyds gewerk het en die huweliksmaat na die kinders en huis omgesien het, gaan daar ander aanpassings gemaak moet word.

Interne aanpassings – In sommige verhoudings was slagoffers se selfagting aan die oorledene gekoppel en wanneer hul geliefdes nie meer daar is nie, ontstaan daar 'n identiteitskrisis. Persoonlikheid en afhanklikheid speel hier 'n groot rol, asook hoe gesond 'n persoon se selfbeeld en innerlike weerbaarheid is. Terselfdertyd moet hulle ook met die nuwe identiteit van weduwee of wewenaar vrede maak.

Geestelike aanpassings – 'n Geliefde se sterfte het die potensiaal om die slagoffer se hele lewensraamwerk te verander. Vergelyk byvoorbeeld die impak op 'n kind se fundamentele lewenswaardes en filosofiese denkwyses wanneer ouers op 'n jong ouderdom sterf. Dit is nie vreemd vir mense wat rou om te voel dat hulle hul rigting in die lewe verloor het nie. Veral vanuit 'n geestelike oogpunt kan die soeke na verduidelikings prominent raak: Hoe kan God dit toelaat? Vir sommige mag dit voel asof God hulle straf: “Ek moes iets verkeerd gedoen het, dit is waarom God dit oor my bring.” Daar word konstant na betekenis gesoek om te probeer sin maak van die gebeurtenis.

Drie basiese aannames wat die dood uitdaag, is dat die wêreld 'n welwillende plek is, dat die lewe sin maak, en dat niks sleg met my of my geliefdes gaan gebeur nie. Uiteindelik moet die besef groei dat dit nie soseer oor 'n antwoord gaan nie, maar oor hoe om sonder antwoorde te lewe.

4. Om 'n blywende verhouding met die oorledene te vind terwyl jy 'n nuwe lewe aanpak

Die geliefde wat gesterf het, was onlosmaaklik deel van die slagoffer se lewe. Die doel in hierdie fase is om die herinnering aan die oorledene lewend te hou, maar op 'n wyse wat die oorledene nie verhinder om aan te gaan met hul lewe nie (Worden 2009:50). Hierdie taak is 'n progressiewe proses waarin daar stelselmatig na vrede en aanvaarding beweeg word.

Dit blyk dat die grootste uitdaging tot heraanpassing in die tweede en derde roufase op take berus; indien hierdie twee take suksesvol voltooi word, sal die vierde fase natuurlik daarop volg.

Worden (2009:96) voeg die sensasie van emosionele ventilasie by, wat nou as die rouwerkteorie bekend staan. Baie mense het Worden en ander se voorstel aanvaar dat uitdrukkings van hartseer deur te huil, te treur, en woede te beleef noodsaaklik is voordat genesing van 'n belangrike verlies kon plaasvind. As hierdie vorm van ventilasie nie plaasgevind het nie, is aangeneem dat die gehegtheid aan die verlore persoon nie sterk kon gewees het nie. Hierdie rouwerkhipotese het egter nie met verskeie navorsingsbevindinge ooreengestem nie (Corr *et al.*, 2009; Stroebe & Stroebe, 1991; Wortman & Silver, 1989, 2001).

2.3.2 Fasegedrewe modelle

Elizabeth Kübler-Ross se werk *On Death and Dying* (1969, 2009:31-91) is die bekendste model wat oor rou handel. Dit was oorspronklik bedoel om die rouproses van pasiënte wat terminaal siek is te beskryf, maar is sedertdien wyd toegepas op ander vorme van rou en verlies. Kübler-Ross (2009:31-91) identifiseer vyf stadiums van rou, naamlik ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding. Hierdie model het die basis vir ander modelle gelê en alhoewel navorsers die model mettertyd gekritiseer het, is dit nodig om dit as een van die basismodelle van rou te erken.

Kritiek teen Kübler-Ross se model

Daar is verskeie navorsers wat nie saam met Kübler-Ross stem nie. Bonnano (2009:3) bevind in sy navorsing dat daar persone is wat aan sy gevallestudies deelgeneem het wat getuig het dat dit nie hul belewenis was nie. Hy glo dat daar nie spesifieke fases is waardeur mense gaan nie, maar dat persone met die verloop van tyd verskillende patrone of trajekte van rou sal toon (Bonnano, 2009:5). Een aspek staan vir Bonnano uit en dit is die mens se veerkragtigheid. Persone met hoë veerkragtigheid word wel hartseer, maar dit affekteer hulle nie tot so 'n mate dat funksionaliteit verloor word nie. Bonnano identifiseer hoofsaaklik drie patrone ná verlies:

- Chroniese rou: Persone kan net nie die verlies verwerk nie.
- Verlies: Persone is aanvanklike hartseer, maar nie op 'n wyse wat hul funksionaliteit affekteer nie.
- Veerkragtigheid: Sommige mense hanteer die verlies so goed dat dit geensins hul werk of persoonlike lewe affekteer nie.

Hierdie sentiment word ook deur Stroebe en Schut (1999) gedeel. Een van die aspekte wat hulle uitlig, is dat daar in Kübler-Ross se model nie voorsiening gemaak word vir verskillende kulture se belewenisse nie. Stroebe en Schut se tweevoudige prosesmodel van rou ("dual process of mourning") word later in die hoofstuk in meer detail bestudeer.

2.3.2.1 John Bowlby en Colin Murray Parkes: Die gehegtheidsteorie van rou

John Bowlby (1952, 1980) en Colin Murray Parkes (1998) het baanbrekerswerk verrig met hul toepassing van die gehegtheidsteorie op die rouproses. Bowlby (1952) is veral bekend vir sy werk oor die gehegtheidsteorie wat die rol van die primêre versorger en kinders bestudeer het. Hierdie teorie beweer dat vroeë belewenisse en gebeurtenisse die fondasie vir interpersoonlike verhoudings, veerkragtigheid en selfpersepsie lê. Volgens Bowlby (1980:221) se teorie ontwikkel mense sterk emosionele bande met geliefdes en wanneer hierdie gehegheidsfigure tot 'n einde kom, lei dit tot intense roureaksies. Rou is dus 'n natuurlike en onvermydelike reaksie op die verbreking van 'n belangrike gehegtheidsband. Bowlby het geglo dat die rouproses soortgelyke stappe behels as wat in kinders se reaksies op skeiding voorkom, soos ang, woede, ontkenning, en uiteindelik aanvaarding; volgens die skrywer (1980:85-96) behels rou vier fases:

Skok en ontkenning: Die aanvanklike reaksie wanneer daar van die sterfte te hore kom is skok en ontkenning; daar bestaan 'n onwilligheid om die werklikheid van die dood te aanvaar (Bowlby, 1980:85). Hy sien dit as 'n beskermingsmeganisme wat die individu help om die volle emosionele impak van die verlies te verwerk. In hierdie fase mag mense moeite hê om tot aanvaarding te kom van die dood en kan hulle emosioneel afgestomp voel, met 'n gevoel van onwerklikheid wat die oorledene se afwesigheid omhul. Gedurende hierdie tyd kan mense hulleself emosioneel “afsluit” of gedistansieerd voel van wat gebeur het.

Ontkenning tree dikwels in, omdat die brein en emosies tyd nodig het om die omvang van die verlies te verwerk. Dit word gesien as 'n manier waarop die psige probeer om oorweldigende gevoelens van verlies op 'n beheerbare manier te hanteer. Hierdie fase kan kort wees, maar in sommige gevalle langer duur, afhangend van die individu se persoonlikheid en situasie.

Alhoewel skok en ontkenning normaal is, moet die individu uiteindelik na verdere fases van rou beweeg waarin die realiteit van die verlies hanteer en geakkommodeer word.

Hunkering en soeke: In hierdie fase ervaar die persoon in rou 'n intense emosionele hunkering en soeke na die oorledene. Hierdie hunkering kan gemanifesteer word deur 'n obsessiewe fokus op die oorledene, waar die persoon gedurig herinneringe herleef, die oorledene se afwesigheid voel en selfs fisieke simbole van die oorledene (soos reuke, klere, of stem) probeer vasvang.

Die soeke is dikwels nie rasioneel nie, maar weerspieël 'n diep, onbewuste behoefte om die persoon weer te vind of met hulle te herenig. Dit kan insluit dat mense die oorledene in skares soek, hul stem hoor, of na plekke toe gaan waar hulle saam tyd deurgebring het in die hoop om 'n gevoel van hul teenwoordigheid te herwin.

Hierdie fase spruit voort uit die gehegtheidsband wat deur die afsterwe verbreek is. Die brein en hart sukkel om te aanvaar dat die geliefde permanent weg is, en hunkering en soeke dien as 'n manier om die intensiteit van die verlies te hanteer. Gevoelens van wanhoop en frustrasie oor die onmoontlikheid daarvan om die geliefde terug te kry kan ook in die fase beleef word.

Disorganisasie en wanhoop: Die persoon besef die finaliteit van die sterfte en voel 'n verlies van doel en betekenis. Dit is een van die moeilikste fases van die rouproses, wat

voorkom nadat die persoon in rou besef het dat die oorledene permanent weg is en dat die hunkering en soeke vergeefs is. In hierdie fase word die verlies as finaal aanvaar, wat dikwels met gevoelens van wanhoop, hulpeloosheid, en intense emosionele pyn gepaard gaan.

Disorganisasie verwys na die gevoel wat die agtergeblewenes het dat hul lewe heeltemal ontwrig is. Die roetine, rolle en identiteit van die rouende persoon is dikwels nou gekoppel aan die oorledene, en hul afwesigheid skep 'n gevoel van chaos en verwarring. Rouendes kan sukkel om die sin van die lewe in te sien sonder hul geliefde en kan voel dat hulle geen rigting of doel meer het nie.

Wanhoop is die emosionele toestand van intense verlies en hopeloosheid, waar mense dikwels depressief voel en dit moeilik vind om 'n rede te sien om aan te gaan. Gedurende hierdie fase ervaar die persoon dikwels gevoelens van leegheid en waardeloosheid, en kan hulle geïsoleerd van ander voel. Bowlby beklemtoon dat hierdie gevoelens van wanhoop 'n natuurlike reaksie is op die aanpassing by 'n lewe sonder die oorledene.

Hierdie fase is deel van die verwerking van die werklikheid van die verlies en alhoewel dit uiters moeilik is, is dit noodsaaklik vir die uiteindelijke aanpassing en herorganisasie wat volg.

Herorganisasie: Die individu begin stadigaan aanpas en vind maniere om die verlies in hul lewens te integreer en om aan te pas ná die verlies van die oorledene. Na die intense emosionele en disorganiserende fases van rou (soos skok, hunkering, disorganisasie en wanhoop) begin die persoon in rou stadig weer 'n gevoel van stabiliteit en orde in hul lewe terugkry.

Herorganisasie behels dat die individu nuwe rolle en identiteite ontwikkel, onafhanklik van die oorledene. Hulle vind maniere om hul verlies in hul lewens te integreer en beweeg na 'n nuwe normaal. Dit beteken nie 'n afwesigheid van pyn oor die verlies nie, maar dat die rouende persoon geleer het om daarmee saam te leef op 'n manier wat minder oorweldigend is. Soos tyd aangaan, verminder die emosionele intensiteit van die verlies en die persoon kan begin om weer nuwe sin en betekenis in die lewe te vind.

Herorganisasie beteken nie dat die band met die oorledene verbreek word nie, maar eerder dat die rouende persoon hul verhouding met die oorledene herinterpreteer en op

'n ander manier handhaaf. Hierdie proses van aanpassing is 'n teken van groei en emosionele herstel na die diep rouproses.

Bowlby (1980:221) beklemtoon dat gehegtheid sentraal staan in die wyse waarop mense verlies verwerk en dat die rouproses 'n natuurlike reaksie is op die verbreking van daardie hegte bande. Dit verklaar waarom rou dikwels as 'n verlamende en emosioneel pynlike proses beleef word.

2.4 Gehegtheidstyle

Vanuit die navorsing van navorsers soos Bowlby en die konsep van gehegtheid is gehegtheidstyle oor die jare soos volg geïdentifiseer en geklassifiseer (Ainsworth *et al.*, 1978; Main & Solomon, 1990; Mikulincer & Shaver, 2014):

Volwasse gehegtheidsbande verskil van ouer-kindverhoudings, omdat albei gades as gehegtheidsfigure vir mekaar kan funksioneer (Heidari, 2021:31). Wanneer 'n gehegtheidsfiguur se band verlore gaan as gevolg van dood, het die oorlewende die uitdaging om nabyheid aan die gehegtheidsfiguur te behou of te herbou. Skeidingsangs lei tot seekgedrag in 'n poging om die verlore verhouding te herstel, maar die treurende leer uiteindelik om die verlies as permanent te aanvaar. Die rouende persoon kan 'n gesonde aanpassing aan hierdie nuwe realiteit maak deur die oorledene te internaliseer, sodat psigologiese nabyheid die vorige fisieke nabyheid vervang. Die geestelike beeld van die oorledene kan emosionele ondersteuning aan die treurende verskaf, wat die behoefte aan die oorledene se fisieke teenwoordigheid, wat nie meer beskikbaar is nie, verminder. Die volgende gehegtheidstyle word uit Worden (2009:66-70) aangehaal:

Veilige gehegtheidstyl: Baie mense ontwikkel 'n veilige gehegtheidstyl as gevolg van voldoende ouerskap en ander gesonde vroeë interaksies (Worden, 2009:67). Veilige gehegtheid verskaf goeie geestelike modelle van waardevolheid en die gevoel dat jy ondersteuning, sorg, en liefde verdien. Individue met 'n veilige gehegtheidstyl ervaar hartseer na die dood van 'n belangrike gehegtheidsfiguur, maar hulle kan hul rou verwerk en voortgaan om gesonde, blywende verhoudings met die oorlede geliefde te vorm. Aanvanklik verhoed hul intense rou (soos seekgedrag en huil) nie dat hulle die waarheid van die verlies aanvaar nie.

Onveilige gehegtheidstyle: Wat ouerskap en vroeë verhoudings betref, is daar vier tipes onveilige gehegtheidstyle wat mense kan ontwikkel. Hierdie verskillende gehegtheidstyle beïnvloed 'n persoon se verhoudings gedurende sy/haar lewe en speel 'n besondere rol in die rouproses wanneer 'n gehegtheidsfiguur sterf. Dit kan aanpassing moeiliker maak en tot ingewikkelde rou lei (Stroebe *et al.*, 2005:55-57; Worden, 2009:68). Die onveilige gehegtheidstyle behels die volgende:

- Angstige/preokkupasie-gehegtheid: Hierdie gehegtheid staan ook as angstige/weerstandige gehegtheid bekend (Worden, 2009:68). Dit is verhoudings wat 'n persoon ongemaklik laat voel en hipersensitief maak vir verwerping en ander vorme van waargenome verwaarloosing in die verhouding. Hierdie mense het dikwels 'n rugsteunkêrel of -meisie indien die huidige verhouding nie uitwerk nie. Hulle is dikwels ongelukkig met hulleself en is geneig om hul selfbeeldbehoefte deur hul geliefde te laat vervul. Wanneer 'n geliefde sterf, ervaar mense met hierdie gehegtheidstyl dikwels intense nood vir 'n lang tydperk, wat tot chroniese of langdurige rou kan lei. Hul vermoë om emosies te reguleer, asook om met stres om te gaan, kan benadeel wees. Die persoon is geneig om baie oor die verlies te tob. Verder kan oormatige pyn deur 'n vermydende styl bemiddel word wat behels dat daar vermy word om aan die verlies herinner te word om sodoende pyn en lyding te verminder. Wanneer 'n persoon glo dat hy of sy magteloos is en nie sonder 'n geliefde kan leef nie, is dit 'n teken van 'n lae selfpersepsie. Hierdie gehegtheidstyl se gedragskenmerke sluit kloueriegheid en die soeke na ondersteuning in. Die doel van berading vir mense met hierdie gehegtheidstyl is om hulle te help om op te hou om 'n fisieke verband met die oorledene te probeer herstel en eerder veilig te voel deur psigologiese nabyheid (Field *et al.*, 2005:277-299).
- Angstige/ambivalente gehegtheid: Liefde en haat bestaan byna op gelyke vlakke in ambivalente verhoudings. Individue wat hierdie tipe band vorm, sien die ander persoon as onbetroubaar (Worden, 2009:68). Wanneer 'n verhouding bedreig word, kan dit stormagtig raak en woede kan waargeneem word. Worden (2009:268) verwys na hulle as "kwaai gehegtheid" in sy kliniese praktyk. Dit is soortgelyk aan 'n kind se protes om die gehegtheidsfiguur se fisieke nabyheid te herstel. Wanneer 'n geliefde sterf, word die intensiteit van woede en angs oordrewe en die treurende persoon mag verkies om op goeie gevoelens te fokus,

wat die teenoorgestelde van woede is. Hierdie treurendes oordryf dikwels hul geliefdes se eienskappe om te voorkom dat hulle die dieptes van hul hartseer aan die ander kant van hul ervaring in die gesig staar. Wanneer hulle oor hul geliefde praat, het die berader die indruk dat niemand so wonderlik kan wees nie. Die fokus van die ingryping moet wees om beide positiewe en negatiewe emosies te erken en uitdrukking aan dit te gee, anders kan die persoon aan depressie of langdurige rou ly.

- Vermydende/verwerpende gehegtheid: Die individu mag grootgeword het met 'n onoplettende ouer en 'n valse gevoel van selfgenoegsaamheid ontwikkel het (Worden, 2009:69). Die begeerte na selfstandigheid en onafhanklikheid word in hulle gedrag weerspieël. Sommige van hierdie mense word as onbetroubaar beskou. Hulle waardeer onafhanklikheid en selfgenoegsaamheid bo enigiets anders. Omdat hulle skynbaar minder geheg is, mag hierdie mense min simptome en emosionele reaksies na 'n dood vertoon. Hierdie individue het 'n oordrewe positiewe siening van hulself en 'n negatiewe indruk van ander, na wie hulle minder geneig is om te draai wanneer hulle onder druk is. Daar word steeds in navorsing debat gevoer oor die vraag of mense met hierdie gehegtheidstyl 'n vertraagde roureaksie ontwikkel nadat hulle aanvanklik min emosionele reaksies op 'n verlies getoon het. Sommige, soos Fraley en Bonanno (2004:878-879), stem nie hiermee saam nie. Individue met hierdie gehegtheidstyl is egter meer geneig om liggaamlike simptome ná 'n verlies te hê, hetsy direk na die dood of daarna, as gevolg van onbewuste verlange na afstand (Stroebe *et al.*, 2005:55-57).
- Vermydende/afwysende (“dismissive”) gehegtheid: Individue met hierdie gehegtheidstyl vind dit moeiliker om aan te pas na die verlies (Worden, 2009:70). Anders as die vermydende/verwerpende persoon wat selfgenoegsaamheid waardeer, verlang hulle na nabyheid, maar het 'n lang geskiedenis van huiwerige gehegthede as gevolg van 'n vrees vir seerkry. Wanneer enige gehegtheid wat hulle gevorm het deur dood weggeneem word, is hulle uiters vatbaar vir die ontwikkeling van ernstige depressie. Hierdie depressie dien dikwels as 'n skild teen enige woede wat hulle mag ervaar. Die mees algemene rougedrag is sosiale isolasie, wat as 'n selfbeskermingsmeganisme dien. Wanneer gesonde gehegthede verbreek word, veroorsaak dit hartseer. Wanneer 'n minder gesonde band deur dood verbreek word, veroorsaak dit gevoelens van woede en skuld.

Gehegtheidskwessies is veral belangrik vir diegene wat oormatig afhanklik is of sukkel om verhoudings te ontwikkel. Mense wat met sekere persoonlikheidsteurings gediagnoseer is, mag sukkel om verlies te hanteer. Dit is veral waar vir diegene wat met grenslyn- of narsistiese persoonlikheidsteurings gediagnoseer is (APA, 2013:766-768)

2.4.1 'n Kombinasie van taak- en fasemodelle

2.4.1.1 Rando se faseteorie van rou

Alhoewel Rando (1993) se oorspronklike rouwerk as 'n proseteorie eerder as 'n stadium voorgestel is, het die skrywer (1993:45) die aanname gehandhaaf dat mense deur vergelykbare fases gaan (hetsy stadiums of prosesse) wat redelik universeel is. Rando (1993:43-60) verwys daarna as die ses "R"-prosesse ("recognise the loss, react to the loss, recollect and re-experience the deceased's life, relinquish old bonds to the deceased, readjust to the new ways of life, reinvest in new relationships and activities"), dit wil sê, erken die verlies, reageer op die verlies, onthou en herleef die oorledene se lewe, doen afstand van ou bande met die oorledene, pas aan by die nuwe lewenswyse, herbelê in nuwe verhoudings en aktiwiteite. In haar beskouing is die resultaat van 'n gesonde rouproses 'n mengsel tussen die stadiumgebaseerde ("fase" in haar terminologie) en taakgesentreerde modelle. Haar model van fases en take word hieronder weergegee. Dit som die prosedures op wat diegene wat rou moet volg om te genees.

Vermydingsfase

1. Erken die verlies. Die persoon wat rou moet die waarheid van die verlies aanvaar en begryp.

Konfrontasiefase

2. Reageer op die verlies. Die treurende moet deur die rou van verlies gaan, dit kommunikeer, en sekondêre verliese betreur.

3. Herroep en herbeleef die oorledene se lewe en interaksie. Die persoon wat rou, moet die verhouding opreg ontleed en herroep, sowel as hersien en herroep wat hy of sy as gevolg van daardie verhouding ervaar.

4. Laat vaar ou bande met die oorledene om 'n "nuwe normaal" met nuwe verhoudings en aktiwiteite te skep.

Aanpassingsfase

5. Pas by die nuwe lewenswyses in die nuwe wêreld aan, terwyl die ou herinneringe behou word.

6. Herbelê. Dit is die tyd om in nuwe verhoudings en aktiwiteite betrokke te raak, wat ook as 'n teken dien dat die intense rou verby is (Walter & McCoyd, 2009:11-12).

2.4.2 Margaret Stroebe en Henk Schut: Die tweevoudige fokusmodel van rou

Stroebe en Schut publiseer hul tweevoudige fokusmodel van rou in 1999. Die ontwikkelingsrasionaal van hierdie model was om 'n omvattende raamwerk te vestig waarin voorsiening gemaak kon word om nie net die uitkomst van rou te meet nie, maar ook hoe persone die proses hanteer en daarmee saamleef (Stroebe & Schut, 1999:211). Dit was ook noodsaaklik om te kan bepaal wanneer daar goeie aanpassing is of nie, sowel as om 'n raamwerk te vestig waarbinne individuele verskille bepaal kan word in die wyses waarop persone rou hanteer. Gebaseer op die teorieë van Bowlby (1980) en die stadiums van disorganisasie en reorganisasie, is die tweevoudige prosesteorie 'n verdere ontwikkeling van die routeorie. Alhoewel Bowlby hierdie stadiums as verskillende fases in die genesingsproses ná 'n verlies gesien het, het Stroebe en Schut (1999:212) verliesoriëntasie en hersteloriëntasie as 'n deurlopende proses gesien. Die treurende individue wissel tussen oomblikke waarin hulle die hartseer aktief voel en op die verlies fokus, en dan na tye van hersteloriëntasie oorgaan, wat van die organisasiestadiums verskil. Tydens die hersteloriëntasie fokus die treurendes op die heropbou van hul nuwe lewens en deelname aan nuwe verhoudings, stokperdjies, en ander afleidings wat hulle van aktiewe rou af weglei. Dit is opmerklik dat kinders en volwassenes blykbaar op ietwat verskillende maniere tussen hierdie stadiums beweeg, met kinders wat geneig is om meer tyd in hersteloriëntasie deur te bring (veral wanneer hulle afleiding gebruik), terwyl volwassenes meer dikwels in verliesoriëntasie bly (Heidari, 2021:38).

Stroebe en Schut (1999:198) het bevind dat daar uiteenlopende wyses is waarop 'n persoon vrede ná die sterfte van 'n geliefde kan vind en daag die bestaande teorie oor rouwerk ("grief work") uit. Laasgenoemde is die konfrontasie van emosies en om nie

daarvan weg te skram nie om daardeur seker te maak dat dit nie later te voorskyn kom nie. Studies van nie-Westerse kulture het bewys dat die mate van konfrontasie met die emosie nie universeel is nie en van verskeie aspekte afhang, onder andere van gehegtheidstyle. Die verlies van konfrontasie lei ook nie noodwendig tot wanaanpassing nie.

Die skrywers (1999:198) se kritiek op ander modelle, soos die fasemodel van Bowlby (1980), is dat dit baie passief is. Hulle model help persone hoe om verlies sinvol te verwerk en beskryf nie net breë fenomene wat in roumart teenwoordig is nie.

Dit is belangrik om die duidelike verskil te onderskei tussen om iets die hoof te bied (proses) en konsekwensies (uitkomst).

Die tweevoudige prosesmodel van verliesverwerking (Stroebe & Schut, 1999:197-224) is tot 'n groot mate aan die kognitiewe stressteorie te danke. In hierdie teorie word sekere kernkomponente wat hantering beïnvloed, geïdentifiseer (Folkman, 2001:565). Dit sluit stresfaktore (gebeure wat tot stres aanleiding gee, d.w.s. die oorsprong) in, prosesse van waardebeepaling (waardebeepaling van bedreiging), hanteringsprosesse (wyses waarop die bedreiging hanteer word) en uitkomsveranderlikes (geestes- en fisieke gesondheidsaanduidings).

Rou word as 'n dinamiese proses beskryf wat behels dat 'n mens tussen twee tipes stresfaktore wissel: verliesgerigte en herstelgerigte stresfaktore (Stroebe & Schut, 1999:212).

- Verliesgerigte stresfaktore: Hierdie is aspekte wat direk met die verlies, soos hartseer en verlange, omgaan.
- Herstelgerigte stresfaktore: Hierdie aspekte fokus op sekondêre stresfaktore wat met aanpassing by die lewe sonder die oorledene verband hou, soos om nuwe vaardighede aan te leer of by 'n nuwe identiteit aan te pas.

'n Persoon beweeg heen en weer (osilleer) tussen hierdie twee realiteite. Hulle kan óf kies om dit aktief te konfronteer, óf om dit te vermy. Beweging sal deur persoonlike sowel as kulturele neigings beïnvloed word. By tye sal 'n persoon beide stresfaktore aktief benader, terwyl dit op ander tye weer te oorweldigend sal wees. Hantering word dus deur 'n proses van konfrontasie en vermyding gekenmerk. Hierdie model bied besondere ruimte vir die verskillende benaderings van rou in verskillende kulture

(konfronterend teenoor vermydend), asook verskillende wyses van verlieshantering tussen mans en dames (verliesgerigte versus herstelgerigte beskouings).

2.4.3 Klass, Silverman en Nickman: voortgesette-bande-teorie

Klass *et al.* (1996) publiseer die voortgesette bandeteorie in 1996. In teenstelling met vroeëre modelle wat die fokus op die "loslaat" van die oorledene geplaas het, voer hierdie teorie aan dat dit gesond kan wees om 'n verhouding met die oorledene in nuwe, simboliese maniere voort te sit by wyse van herinneringe, rituele of innerlike gesprekke.

Met die verwerking en oorweging van navorsingsdata van hul verskeie navorsingspopulasies het Klass en kollegas gevind dat "eerder as om los te laat, dit gelyk het asof hulle [die treurendes] die verhouding handhaaf" (1996, xviii). Hierdie teorie het die opvatting uitgedaag dat die doel van rou is om van die oorledene of verlore geliefde te diskonnekteer, en beklemtoon eerder dat "die treurendes betrokke bly en verbind is met die oorledene, en dat die treurendes 'n innerlike voorstelling van die oorledene aktief ontwikkel as deel van die normale rouproses" (Klass *et al.*, 1996:22). Hulle gaan dan voort deur te sê:

When we discuss the nature of the resolution of grief, we are at the core of the most basic questions about what it is to be human, for the meaning of the resolution of grief is tied to the meaning of our bonds with significant people in our lives, the meaning of our membership in family and community, and the meaning we ascribe to our individual lives in the face of absolute proof of our mortality ... the idea that the purpose of grief is to sever the bonds with the deceased for the survivor to be free to make new attachments and to construct a new identity ... The constant message of these contributions is that the resolution of grief involves continuing bonds that survivors maintain with the deceased and that these continuing bonds can be a healthy part of the survivor's on-going life.

Hierdie benadering het die doel van rou herdefinieer, van loslaat na die volhouding van 'n getransformeerde verbinding met die oorledene, 'n perspektief wat met baie kulturele en geestelike praktyke ooreenstem.

2.5 Ander noemenswaardige modelle en teorieë van rou

2.5.1 Konstruktivistiese routeorie

Neimeyer (2001) se konstruktivistiese teorie van rou beklemtoon die rol van betekenisvorming in die rouverwerkingsproses. Volgens Neimeyer (2001:1-9) fokus rou nie slegs op die verwerking van emosionele pyn of die aanpassing by 'n lewe sonder

die oorledene nie, maar ook op die herskikking en herinterpretasie van die betekenis wat aan die verhouding met die oorledene geheg word. Rouendes herorganiseer hul wêreldbeskouing en persoonlike identiteit ná die verlies, aangesien die betekenis en narratiewe van hul lewe verander word.

Neimeyer (2001:2) stel voor dat rou 'n aktiewe proses van herkonstruksie is, waarin rouendes probeer om sin te vind in die verlies en om nuwe narratiewe vir hul lewens te bou. Die sentrale idee is dat mense betekenis soek ná 'n verlies om hul gevoelens van chaos en ontworteling te balanseer. Hierdie betekenis kan gevind word deur nuwe stories en interpretasies te skep wat die lewe van die oorledene integreer in die lewensverhaal van die persoon in rou.

Rou word as 'n kreatiewe proses beskou wat tot persoonlike groei of transformatiewe verandering kan lei, afhangend van hoe die individu nuwe betekenis skep en integreer. Hierdie benadering neem dus in ag hoe kulturele, sosiale en persoonlike faktore rou beïnvloed en hoe individue verskillende maniere vind om hul identiteit te hervorm.

2.5.2 Post-traumatiese groei en rou

Tedeschi en Calhoun (2004) se posttraumatiese groeimodel stel voor dat sommige mense ná 'n traumatiese gebeurtenis persoonlike groei kan ervaar. In stede daarvan om net skade te ly en in pyn voort te leef, kan individue ná trauma betekenisvolle positiewe veranderinge in hul lewens ontwikkel. Hierdie groei gebeur nie sonder moeilike emosies en uitdagings nie, maar die model beklemtoon dat trauma die vermoë het om mense sterker, wyser en meer weerbaar te maak.

Die posttraumatiese groeimodel identifiseer vyf domeine waarin hierdie groei kan plaasvind (Tedeschi & Calhoun, 2004:5-7):

- Verbeterde verhoudings: Ná trauma ervaar sommige mense 'n dieper band met ander en waardeur hulle hul verhoudings meer. Hulle mag meer empaties wees en sterker verhoudings bou.
- Nuwe moontlikhede: Mense begin nuwe rigtings in hul lewens verken wat hulle dalk nie voorheen oorweeg het nie, soos om nuwe doelwitte na te streef of nuwe vaardighede aan te leer.

- Persoonlike krag: Trauma kan mense help om 'n sterker sin van innerlike krag en selfvertroue te ontwikkel. Hulle besef dat hulle moeilike omstandighede kan oorkom.
- Geestelike ontwikkeling: Sommige mense ervaar 'n dieper geestelike of godsdienstige verbintenis ná trauma, wat tot verhoogde betekenis en doel in hul lewens kan lei.
- Verandering in waardes en lewensprioriteite: Trauma kan mense help om te heroorweeg wat werklik belangrik in hul lewens is, soos om meer waardering vir die klein dinge te hê en minder gefokus op materiële doelwitte te wees.

Tedeschi en Calhoun (2004:15) erken dat nie almal posttraumatiese groei ervaar nie en dat die pad na groei dikwels met intense emosionele pyn en uitdagings gepaard gaan. Posttraumatiese groei is dus nie 'n plaasvervanger vir rou nie, maar eerder 'n moontlike uitkoms van die rouproses.

2.6 Die rouproses en praktiese teologie

Dit was ook nie net in die veld van sielkunde wat rouSMART bestudeer is nie. Daar is verskeie praktiese teoloë soos Thomas Long (2009), Donald Capps (1983, 1989) en Alan Wolfelt (2003) wat noemenswaardige bydraes gelewer het tot die benadering van rou en rouSMART, en die rol van die kerk in die ondersteuningsproses.

Long (2009) se werk, wat oor die rol van die kerk en prediking in die rouproses handel, staan uit. Hy voer aan dat die kerk mense deur die rouproses behoort te begelei, asook die belangrikheid van rituele en gemeenskap in die hantering van verlies moet beklemtoon. Hy plaas spesifieke fokus op die rol van die roudiens.

Donald Capps (1983, 1989) lewer invloedryke navorsing in die pastoraat en sielkunde. Hy plaas die fokus op die sielkundige aspekte van rou en die maniere waarop die pastoraat kan help om mense deur rou te ondersteun. Capps plaas besondere fokus op die rol van narratiewe storievertelling, asook op rituele. Die skrywer het geglo dat om persoonlike stories oor die oorledene te vertel, persone help om betekenis in hul verlies te vind en hul identiteit, wat dikwels deur rou verander word, te herkonstrueer. Rituele soos begrafnisse, gedenkdienste en herdenkingsdae speel 'n kern rol in die verwerking en hantering van rou. Dit bied 'n gestruktureerde wyse vir die uiting van emosies wat die verlies met verloop van tyd meer hanteerbaar maak.

Alan Wolfelt (2003) is 'n bekende skrywer en leermeester in die veld van rou en verlies. Hy het baie bygedra tot die verstaan van rou vanuit 'n holistiese perspektief, wat ook geestelike aspekte insluit. Sy konsep van bystand (“companioning”) in plaas van behandeling (“treating”) van diegene wat rou, het 'n diep invloed gehad op hoe praktiese teoloë na die rouproses kyk. Wolfelt (2003:1-3) identifiseer belangrike behoeftes wat noodsaaklik vir genesing is, naamlik:

- om die werklikheid van die sterfte te aanvaar;
- om die seer van rou te omhels;
- om die persoon te onthou;
- om 'n nuwe selfidentiteit te ontwikkel; en
- om betekenis te vind.

Wolfelt (2003:119) beklemtoon die belangrikheid van 'n sosiale ondersteuningsraamwerk. Die rouproses moet nie alleen gedra word nie; 'n gemeenskap van familie, vriende of ondersteuningsgroepe kan van onskatbare belang wees in die genesing.

Hierdie genoemde teoloë het almal bygedra tot 'n dieper begrip van die rouproses vanuit 'n geloofsperspektief, asook hoe geloofsgemeenskappe 'n ondersteunende funksie kan vervull in die begeleiding van mense deur hul tydperk van rou.

2.7 Spanningspunte tussen teologie en sielkunde in die benadering tot rou en die rouproses

Alhoewel dit die basis van hierdie navorsing is dat daar ooreenskomste tussen die velde van sielkunde en praktiese teologie bestaan en dat daar 'n samewerkende verhouding tussen die twee vakgebiede kan (en behoort) plaas te vind, is dit noodsaaklik om spanningspunte tussen die twee velde uit te lig. Gesprekke hieroor is nodig in 'n wedersydse groeiproses. (Southgate, 2005:4) haal Pous Johannes Paulus II se woorde aan:

By encouraging openness between the church and scientific communities, we are not envisioning a disciplinary unit between theology and science like that which exists between a given scientific field or within theology proper. As dialogue and common searching continue, there will be growth towards mutual understanding and a gradual uncovering of mutual concerns, which will provide the basis of research and discussion.

'n Vername spanningspunt is die verskillende epistemologiese fondasies van beide dissiplines. Sielkunde beklemtoon empiriese, wetenskaplike metodes om rou te verstaan, met fokus op waarneembare gedrag, emosies en kognitiewe prosesse. Dit maak dikwels staat op navorsing, gevallestudies en terapeutiese tegnieke om rou aan te spreek (vgl. Freud, 1917:238). Teologie, aan die ander kant, is in geloofsperspektiewe gegrond (Buitendag, 2019:1) en interpreteer rou deur godsdienstige leerstellings met die Woord as basis en geestelike praktyke van eskatologiese hoop (Wright, 2008:31-34). Teologiese benaderings tot rou mag klem lê op betekenisvorming, goddelike doel en die hoop op 'n hiernamaals, wat nie empiries verifieerbaar is nie.

Dit is ook die navorser se uitgangspunt dat daar sinvolle wisselwerking tussen 'n multidissiplinêre benadering kan en behoort te wees.

2.8 Opsomming en insigte wat uit hierdie hoofstuk bekom is

Vanuit die modelle wat bestudeer is, kan daar tot die volgende insigte in verband met die rouproses en die effek van verlies gekom word:

- Die uiteindelijke doel van rou en die rouproses is nie genesing nie, maar heraanpassing.
- Rou en rousmart is 'n realiteit ná die sterfte van 'n geliefde. Hierdie proses is nie lineêr van aard nie; die belewenis en uitdaging verskil van persoon tot persoon. Een aspek wat heraanpassing sterk beïnvloed, is 'n persoon se natuurlike veerkragtigheid.
- Ritueel speel 'n noodsaaklike rol in die verwerking van rou.
- Daar is uitdagings wat heraanpassing kan keer, naamlik
 - interne realiteite – veerkragtigheid, persoonlikheid, en gekompliseerde rou;
 - eksterne realiteite – omgewing en finansiële uitdagings;
 - geestelike realiteite – kwaad vir God;
 - verhoudings met mense (gehegtheid); en
 - patologiese rou (gekompliseerde rou – kronies, afwesig, vertraag, geïnhibeerde) (Lindemann, 1944; Parkes & Weiss, 1984).

- Daar is hoofsaaklik twee stresfaktore wat 'n beduidende rol in die hantering ("coping") van mense speel: verliesgerigte en herstelgerigte stresfaktore (Stroebe & Schut, 1999).
- Nie alle persone wil 'n band met die oorlede persoon voortsit nie (Heidari, 2021:38).

HOOFSTUK 3 UITDAGINGS WAT HERAANPASSING BEÏNVLOED

3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is Osmer se eerste taak gebruik om die fenomeen van rou smart en die modelle waarin rou benader word te ondersoek. Om 'n basis van ondersoek te vestig is die vraag gevra: Wat gaan aan? Dit is opmerklik dat die uiteinde van die modelle wat in die vorige hoofstuk genoem is, afhang van die mate waarin heraanpassing plaasgevind het – eerstens, in hul eie persoonlike wêreld en tweedens, ook in die samelewing (Bowlby, 1980:85-96; Lindemann, 1944:141-148; Stroebe & Schut, 1999:197-224; Worden, 2009:48-53).

Hier word die tweede taak van Osmer se model ondersoek, naamlik die interpretatiewe taak. Laasgenoemde ondersoek die redes vir die deskriptiewe empiriese realiteite soos wat dit in die vorige hoofstuk ontdek is. In die interpretatiewe taak word die vraag gevra: Waarom gaan dit aan? (Osmer, 2008:4). Die eerste uitkoms in die interpretatiewe taak is om die belangrike kwessies te identifiseer wat die uitdaging is (Osmer, 2008:80). Gesien vanuit die studie in Hoofstuk 1 is die konsep van heraanpassing 'n sentrale uitdaging in die rouproses. Wat sou die redes wees waarom heraanpassing ná die dood van 'n geliefde so 'n moeilike taak is? Waarom kry sommige persone dit makliker reg as andere?

In hierdie hoofstuk gaan die areas wat uitdagings bied, vir heraanpassing bestudeer word; metateoretiese perspektiewe en kruisdissiplinêre dialoë rondom rou en heraanpassing gaan ook ondersoek word. Die funksie van metateoretiese perspektiewe en kruisdissiplinêre dialoë is om universele raakpunte te identifiseer in die velde van praktiese teologie en sielkunde. Dit gaan gedoen word deur die evaluasieraamwerk van Osmer (2008:114) te gebruik, wat die volgende doelstellings het:

- Om die model of teorie, sowel as die konseptuele veld waarop dit gebou is, te identifiseer en evalueer
- Om die dissiplinêre perspektiewe wat die teorie gebruik te identifiseer, sowel as die mate waartoe die dissipline aandag aan realiteite gee.
- Om die teorie se sentrale argumente en geloofwaardigheid te toets deur dit te identifiseer en assesseeer

3.2 Definisie en teorie van heraanpassing

Soos wat bevind is in die vorige hoofstuk, is die uitkoms van rou nie genesing nie, maar heraanpassing. Die teorie van heraanpassing fokus op die menslike vermoë om ná 'n ervaring van verlies of disoriëntering 'n nuwe sin, identiteit en stabiliteit te vind (Parkes, 1998a:39). Dit veronderstel dat rou of verandering nie 'n afsonderlike gebeurtenis is wat met verloop van tyd verbygaan nie, maar 'n lewenslange proses van aanpassing waarin die individu voortdurend probeer om balans en betekenis te hervind (Bonanno, 2004:23).

Die konsep van hierdie teorie is gesetel in die velde van sielkunde, eksistensiële antropologie en spiritualiteit. Vanuit hierdie raamwerk beteken heraanpassing nie bloot 'n terugkeer na normaliteit nie, maar die ontwikkeling van 'n nuwe normaliteit waarin die verlies deel van die persoon se lewensverhaal is (Neimeyer, 2001:63).

Vanuit 'n prakties-teologiese perspektief word hierdie teorie verder verdiep deur die begrip dat heraanpassing nie slegs 'n psigiese verwerking van verlies is nie, maar 'n geloofsreis waarin die mens in 'n nuwe verhouding met God, andere, en hom-/haarself tree (Louw, 2015:42; Müller, 2011). Die bybelse getuienis bevestig hierdie proses van vernuwing en herstellende groei, soos gesien kan word in Paulus se woorde: “As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepping” (2 Kor. 5:17).

Wanneer die definisies van heraanpassing bestudeer word, is navorsers dit eens dat dit 'n proses is en dat dit nie slegs in 'n spesifieke moment plaasvind nie (Bowlby, 1980:85-96; Lindemann, 1944:141-148; Stroebe & Schut, 1999:197-224; Worden, 2009:48-53). Dit is ook so dat die pad na heraanpassing nie lineêr is nie (Bonanno, 2004:20-28); persone wat op hierdie pad voortworstel, is ook nie seker waarheen die pad lei nie. Die uitdagings wat beleef word, is net te oorweldigend en uitmergelend.

Volgens Bonanno (2004:20) verwys heraanpassing na die wyse waarop individue hulself herorganiseer ná 'n stresvolle of traumatiese ervaring deur die proses van veerkragtigheid, wat hulle bekragtig om uiteindelik 'n nuwe sin van normaliteit te bereik. Parkes (1971:102) definieer heraanpassing as die proses waardeur mense die betekenis van hul lewens hervorm na die verlies van 'n geliefde, en hul lewensdoel en identiteit herdefinieer. Schlossberg (1981:2) definieer dit as die proses waarin individue deur 'n oorgang beweeg en hulleself herstruktureer om by nuwe lewensomstandighede

aan te pas. Sy beklemtoon dat heraanpassing ook van die individue se persepsie van die oorgang afhang, sowel as van die ondersteuning wat hulle ontvang. Folkman (2001:564) beskryf heraanpassing as 'n voortdurende proses van kognitiewe herstrukturering, waarin individue probeer om ná 'n stresvolle gebeurtenis betekenis aan hul situasie te gee. Tedeschi en Calhoun (2004:1-18) gebruik die konsep van heraanpassing in hul bespreking van posttraumatiese groei. Hulle verduidelik dat heraanpassing ná trauma dikwels tot 'n herskepte identiteit en nuwe lewensfilosofie lei en dat die gebeurtenisse, alhoewel pynvol, unieke geleenthede vir persoonlike groei skep. Aldwin en Werner (2007:247) definieer heraanpassing as 'n aktiewe proses waarin individue hul gedrag, emosies en denke verander om by 'n nuwe situasie aan te pas, insluitend die wyse waarop hulle nuwe lewenspatrone ná trauma of verlies ontwikkel. Die mate waartoe hulle die stres van heraanpassing hanteer, word deur vier faktore beïnvloed: die beoordeling van stres; die individu se hanteringshulpbronne; die hulpbronne wat deur die kultuur voorsien word; en die reaksie van andere (Aldwin, 2004:564-572). Hierdie vier faktore sal 'n direkte invloed op heraanpassing hê.

3.3 Toets van die sentrale argumente en geloofwaardigheid van die teorie

Die kernargument van die teorie van heraanpassing is dat menslike groei en herstel ná verlies moontlik is deur 'n proses van herorganisering, betekenisvorming, en integrasie (Tedeschi & Calhoun, 2004:8). Die skrywers se argument is gebaseer op die aannames dat persone 'n ingeboude kapasiteit vir aanpassing het; dat verlies nie noodwendig tot disintegrasie hoef te lei nie; en dat aanpassing dikwels gepaard gaan met persoonlike en spirituele groei.

Nuwe lewe ná verlies resoneer met die bybelse patroon van dood en opstanding, verlies en nuwe lewe. Volgens Louw (2015:59) is aanpassing nie bloot selfregulering nie, maar ook 'n handeling van genade waarin God self die primêre agent van herstel is.

3.4 Uitdagings wat heraanpassing beïnvloed

Die volgende vraag ontstaan: Wat is die uitdagings wat maak dat dit ná die sterfte van 'n geliefde so moeilik is om weer aan te pas? Watter aspekte maak dat heraanpassing moeiliker vir sommige as vir ander is? Vanuit Worden (2009:39-53) se model kan daar gelet word dat die vernaamste uitdagings wat 'n persoon beleef om weer intern, ekstern en geestelik aan te pas, die volgende is:

Interne uitdagings:

- Die liggaam se reaksie op rou
- Emosies
- Liggaamlike vermoë vir stres hantering spesifiek tot rou smart
- Die verband tussen persoonlikheid en rou smart verwerking
- Konneksiestyle ("attachment styles")
- Identiteitskrisis – onsekerheid van identiteit sonder die huweliksmaat
- Oorweldiging van die realiteit om alles nou self te moet doen

Eksterne uitdagings:

- Finansies
- Behuising
- Praktiese verantwoordelikhede

Geestelike uitdagings:

- Vrae oor God se goedheid en regverdigheid
- Gevoelens van verlatenheid
- Eksistensiële vrae en twyfel
- Wil nie meer kerk toe gaan nie
- Druk van die gemeenskap

3.4.1 Interne uitdagings

Interne aanpassings in die rouproses is veelsydig en behels meer as net die bestuur van emosies of die herstrukturering van identiteit (Worden, 2009:47). Dit sluit eksistensiële, kognitiewe en emosionele uitdagings in, soos onder andere die verlies van betekenis, skuldgevoelens, eensaamheid en selfs angste oor die persoon se eie sterflikheid. Interne uitdagings word deur faktore soos persoonlikheid en persoonlike veerkragtigheid beïnvloed. Die interne effek wat rou op die liggaam het, kan aan fisieke sowel as emosionele uitdagings toegeskryf word (Bonnano, 2009:707).

3.4.1.1 Fisieke uitdagings

Volgens Brook en Blair (2008:25-47) is daar kenmerkende effekte van rou op 'n persoon se liggaam. 'n Prominente aspek wat deur rousmart geaffekteer word, is energie. Alledaagse take kan monumentaal voel en oorweldigend wees.

Algemene funksionaliteit word ook uitgedaag. Daaglikse funksionaliteit is vir die deursnee persoon nie 'n besondere uitdaging nie. Roetines word gevestig en persone leer om binne daardie bekende raamwerke te funksioneer. Lewensaspekte vloei oor die algemeen in sinergie en vereis nie besondere inspanning nie. Ná die dood van 'n geliefde kan dit egter voel asof die meeste van hierdie vaardighede verloor is. Basiese take kan nou besondere inspanning verg om uit te voer. 'n Onvermoë om take te voltooi, asook konsentrasievermoë, kognitiewe kapasiteit en die vermoë om keuses te maak, word beïnvloed en gewone organisering en beplanning is ongewoon uitdagend (Brook & Blair, 2008:25-47).

3.4.1.2 Emosionele uitdagings

Wanneer geliefdes sterf, is dit dus te verstane dat dit 'n geweldige emosionele tyd sal wees. Ewe skielik word emosies beleef waarop die persoon se liggaam geensins voorbereid is nie en wat uiters oorweldigend is. Die volgende is kenmerkende emosies wanneer 'n geliefde sterf:

3.4.1.2.1 Aggressie/woede

Woede is 'n natuurlike reaksie wanneer 'n geliefde sterf (Brook & Blair, 2008:28; Kubler Ross, 1969; Worden, 2009:10). Dit is ook een van die mees teenstrydige emosies wat beleef kan word. Wanneer iemand 'n groot verlies ervaar, kan dit voel asof die wêreld onregverdig of wreed is. In ons menslike raamwerk moet iemand die blaam dra vir wat gebeur het en verantwoordelik gehou word vir die verlies. Hierdie woede kan op spesifieke persone gerig wees, onder andere die oorledene self, 'n werkgewer of kollegas van die oorledene, gesondheidswerkers, of selfs God, of dit kan net 'n algemene woede wees. Woede kom dan as 'n natuurlike reaksie op oor hierdie gevoel van onregverdigheid.

3.4.1.2.2 Skuldgevoelens

Skuld en selfverwyty is ook 'n normale reaksie op verlies (Worden, 2009:20). Die skrywer meld dat die skuldgevoelens gewoonlik manifesteer oor iets wat gebeur het of nagelaat is voor of tydens die sterfte, iets wat dalk die verlies kon voorkom het. Skuldgevoelens kan byvoorbeeld behels dat die agtergeblewene nie die oorledene genoeg in ag geneem het nie, nie die persoon vroeër na die hospitaal geneem het nie, en nie die oproep gesien het of die telefoon beantwoord het nie; soortgelyke gedagtes is algemene ervarings van oorlewendes. Meestal is hierdie skuldgevoelens irrasioneel en verminder dit deur middel van realiteitstoetsing. Laasgenoemde is 'n proses waarin skuldgevoelens ondersoek word om te bepaal of daar werklik gronde vir die beleef van hierdie emosie is (Worden, 2009:21). Daar is egter die moontlikheid van werklike skuld, waar die persoon inderdaad iets gedoen het wat die sterfte veroorsaak het. In hierdie gevalle sou ander intervensies as realiteitstoetsing nodig wees.

3.4.1.2.3 Alleenheid/eensaamheid

Gevoelens van alleenheid en verlatenheid is iets wat by baie oorlewendes gevind word, veral by mense wat lewensmaats verloor het. Die verlies laat 'n leemte en veroorsaak emosionele sowel as sosiale eensaamheid. Laasgenoemde kan hanteer word deur byvoorbeeld by 'n sportklub in te skakel of geleenthede waar mense met dieselfde stokperdjies bymekaarkom te ondersteun. Emosionele eensaamheid, aan die ander kant, is meer kompleks, aangesien daar vir emosionele eensaamheid 'n nuwe band met iemand nodig is.

Stroebe *et al.* (1996:1241-1249) onderskei tussen emosionele en sosiale eensaamheid. Sosiale ondersteuning kan met sosiale eensaamheid help, maar dit verminder nie emosionele eensaamheid as gevolg van verbreekte gehegtheid nie. Laasgenoemde kan slegs verlig word deur die integrasie van 'n nuwe gehegtheid (Stroebe *et al.*, 2005:1241). Soms is die behoefte vir aanraking 'n korrelaat van eensaamheid; dit is veral die geval waar persone huweliksmaats verloor het (Van Baarsen *et al.*, 2001:6).

3.4.1.2.4 Angstigheid

Die totale oorweldiging van rou kan maklik 'n gevoel van hulpeloosheid teweeg bring. Dit is veral die geval by weduwees, waar die man spesifieke funksies verrig het en sy die verskillende rolle moet oorneem. Angs by die oorlewende kan van 'n ligte gevoel

van onsekerheid tot 'n sterk paniekaanval wissel (Worden, 2009:20). Hierdie ang spruit hoofsaaklik uit twee bronne: Eerstens is daar die vrees dat die oorlewende nie in staat sal wees om na hom- of haarself om te sien nie, en die gedagte ontstaan dikwels dat die persoon nie sonder die oorledene kan leef nie. Tweedens hou ang met 'n verhoogde bewussyn van persoonlike dood verband – 'n groter bewustheid van eie sterflikheid wat deur die sterfte van 'n geliefde versterk word. Indien dit tot die uiterstes gevoer word, kan hierdie ang in 'n volskaalse fobie ontwikkel (Worden, 2009:21).

3.4.1.2.5 Teenstrydige getrouheid

Daar kan ook 'n interne stryd wees om getrou te bly aan die oorledene, terwyl die persoon steeds vorentoe in hul lewe behoort te beweeg.. Sommige mense beleef skuldgevoelens wanneer daar emosionele herstel begin plaasvind of wanneer nuwe verhoudings begin ontwikkel, asof dit verraad teenoor die oorlede maat is. Worden (2009:3) verwys hierna as deel van die interne aanpassingsuitdaging, waar oorlewendes die oorledene emosioneel moet “herplaas” en ruimte vir nuwe verhoudings moet maak sonder om ontrou te voel.

3.4.1.2.6 Emosionele lokvalle

Met verloop van tyd kan daar emosionele lokvalle voorkom (Brook & Blair, 2008:25-47). Dit is gebeure waarin 'n persoon vir 'n tyd lank emosioneel goed funksioneer, net om die volgende oomblik totaal oorweldig te voel deur emosie nadat 'n sintuiglike persepsie die persoon onverwags aan die oorledene laat dink. Dit kan gebeur deur iets soos 'n geliefde liedjie wat in 'n winkel begin speel, die reuk van spesifieke voedsel, die smaak van iets wat jy eet, of enige iets anders wat jou aan die persoon laat dink. Hierdie onverwagse “lokvalle” kan op enige stadium en op enige plek gebeur. Selfs besoeke na plekke wat 'n spesiale betekenis het, kan moontlik emosioneel oorweldigend wees. Spesifieke dae soos verjaarsdae, huweliksherdenkings en ander spesiale dae kan uiteraard ook baie emosioneel wees.

3.4.1.3 Die verband tussen persoonlikheid en roumartverwerking

Die vraag ontstaan tot watter mate persoonlikheid heraanpassing beïnvloed. Persoonlikheid speel 'n sentrale rol in hoe persone rou hanteer en verwerk (Worden 2009:65). Dit bepaal dikwels die manier waarop iemand met die emosionele, kognitiewe en gedragsaspekte van verlies omgaan. Elke mens beskik oor verskillende

persoonlikheidseienskappe wat hanteringsmeganismes beïnvloed, en hierdie eienskappe bepaal hoe daar op stresvolle lewensgebeurtenisse soos die dood van 'n geliefde gereageer word.

Bonnano en Kaltman (2001:205-234) het bevind dat mense met hoër emosionele stabiliteit beter in staat is om veerkragtigheid ná verlies te toon, terwyl mense met hoër neurotiese eienskappe meer geneig is tot langdurige rou en probleme met aanpassing. Die konsep van veerkragtigheid word as 'n belangrike faktor beskou in die wyse waarop persoonlikheid die rouproses beïnvloed. Bonnano en Kaltman (2001:205-234) het tot die slotsom gekom dat ekstroverte en mense met hoër emosionele stabiliteit (lae neurotisme) dikwels op gesonder maniere met rou sal omgaan, soos om ondersteuning van ander te soek en openlik oor hul gevoelens te praat. Introverte of mense met hoër vlakke van neurotisme kan egter geneig wees om hul emosies te onderdruk, van sosiale interaksie te onttrek, en oorweldig te word deur gevoelens van angs en depressie.

Hanteringstyle is nie beperk tot rou nie, maar ook hoe geïnhibeerd iemand is ten opsigte van gevoelens, angshantering, en hoe iemand stresvolle situasies hanteer (Worden, 2009:64-65). Dit verskil ook van persoon tot persoon. Worden (2009:64-65) identifiseer drie hoofgroepe van hanteringsfunksies: Probleemoplossende hantering, aktiewe emosionele hantering en vermydende emosionele hantering.

- Probleemoplossende hantering: Persone se probleem oplossingsvaardighede verskil opmerklik. Diegene met die swakste vaardighede gebruik dikwels ondoeltreffende strategieë of is geneig om gou op te gee indien iets nie volgens hul plan uitwerk nie.
- Aktiewe emosionele hantering: Aktiewe emosionele hantering is die mees effektiewe strategie om probleme te hanteer en stres te bestuur. Die vermoë om iets positiefs of verlossends in 'n slegte situasie te vind staan boaan die lys van doeltreffendheid. Die idee van groei deur rou is gebaseer op die effektiewe gebruik van hierdie strategieë. Studies van beide kankerpatiënte en diegene wat 'n geliefde verloor het, het ontdek dat diegene met die laagste emosionele nood die vermoë besit om probleme te herdefinieer en iets positiefs in die moeilike situasie te vind. Humor is 'n ander hanteringstrategie wat effektief kan wees. Om humor te gebruik vereis dat 'n persoon 'n sekere afstand van die probleem

handhaaf, wat nuttig kan wees op die kort termyn. Die uitlaat van emosies eerder as om gevoelens op te krop kan ook nuttig wees. Dit is egter die beste wanneer die individue se hantering positiewe sowel as negatiewe gevoelens insluit en hulle nie so 'n sterk emosionele uitbarsting het dat dit ander oorweldig nie. Die vermoë om ondersteuning te aanvaar is 'n ander dimensie van 'n aktiewe emosionele benadering tot hantering. Om die ondersteuning van ander te aanvaar maak 'n mens nie noodwendig minder effektief nie. Inteendeel, dit is 'n keuse van die persoon wat rou en kan selfdoeltreffendheid sowel as selfbeeld verhoog.

- Vermydende emosionele hantering: Die mins doeltreffende strategie is vermydende emosionele hantering. Dit mag die persoon vir die oomblik beter laat voel, maar dit is nie besonder nuttig om 'n probleem op te los nie. Vermydende hantering sluit in blaam, van beide die persoon self en van ander; afleiding, wat op die kort termyn nuttig kan wees, maar nie indien dit voortduur nie; ontkenning, wat, net soos afleiding, korttermynvoordele kan hê as 'n buffer teen 'n moeilike realiteit, maar oor die lang termyn nie effektief is nie; en sosiale onttrekking, wat ook op die kort termyn kan help, maar nie die mees doeltreffende hantering is nie. Middelmisbruik mag die persoon beter laat voel, maar dit kan sy eie nadelige gevolge hê.

In die Harvard Child Bereavement Study het die beste uitkomst vir beide die ouers en hul kinders voortgespruit uit die gebruik van aktiewe emosionele hanteringstrategieë, veral die vermoë om te herdefinieer en herraam (Worden, 1996). Volgens Worden is passiewe strategieë (bv., "Daar is niks wat ek daaraan kan doen nie") van die mins effektiewe tipes. Schnider *et al.* (2007:344-350) het bevind dat aktiewe hantering geassosieer word met die beste uitkomst ná 'n traumatiese verlies, terwyl vermydende emosionele hantering geassosieer word met die ontwikkeling van PTSV en/of ingewikkelde rou.

Neurotisme, of die neiging tot emosionele onstabiliteit, is 'n belangrike voorspeller van hoe mense die rouproses gaan hanteer (Mancini *et al.*, 2011:144-152). Volgens die skrywers ervaar mense met hoër neigings tot neurotiese gedrag dikwels sterker negatiewe emosies soos ang, depressie en selfs woede ná die sterfte van 'n geliefde; hierdie individue is meer geneig tot chroniese rou, wat hul vermoë om aan te pas belemmer.

Bonnano (2004:22) stel dat optimisme en veerkragtigheid persoonlikheidseienskappe is wat positiewe uitkomst in die hantering van rou kan bevorder. Optimiste sien moeilike situasies dikwels as uitdagings wat hulle kan oorkom en is beter in staat om betekenis in hul verlies te vind; hulle is ook geneig om meer proaktiewe hanteringstrategieë te gebruik, soos om ondersteuning van vriende en familie te soek, hul emosies te reguleer, en weer balans in hul lewe te bring.

Volgens Folkman en Moskowitz (2000:647-654) is mense wat meer kognitief buigsaam is, dikwels meer toegerus om by veranderings aan te pas, soos die verlies van 'n geliefde, en om betekenis te vind uit traumatiese gebeurtenisse. Mense met sterk persoonlikhede wat deur aspekte soos georganiseerdheid en goeie probleemoplossingsvermoëns gekenmerk word, kan die praktiese aspekte van rou, soos die hantering van begrafnisreëlins en administratiewe take, makliker hanteer (Prigerson & Maciejewski, 2008:695-697). Die skrywers is van mening dat sodanige persone geneig is om take stelselmatig aan te pak en oplossings te vind vir die probleme wat met die dood van 'n geliefde gepaard gaan.

Ter opsomming kan gesê word dat persoonlikheidseienskappe dus 'n fundamentele rol speel in hoe mense die rouproses ervaar en hanteer. Mense met hoë emosionele stabiliteit, optimisme, veerkragtigheid en kognitiewe buigsaamheid is geneig om beter by verlies aan te pas. Aan die ander kant sukkel mense met hoë vlakke van neurotisme en introversie dikwels meer met die verwerking van rou.

3.4.2 Eksterne uitdagings

Eksterne uitdagings hou verband met die daaglikse uitdagings wat beleef word en rolle van 'n persoon (Neimeyer, 2001:17; Stroebe & Schut, 1999:213; Worden, 2009:46). Hierdie eksterne aanpassings behels die hantering van praktiese veranderinge en verhoudings ná die dood van 'n geliefde. Eksterne uitdagings bring interne uitdagings na vore wat die heraanpassingsproses beïnvloed. Corr *et al.* (2019:194) noem dat eksterne faktore soos regs kwessies, onvoldoende tyd om te rou sowel as stigma rondom spesifieke sterftes soos selfdood en miskrame, hindernisse in die pad van heraanpassing kan wees. Ander aspekte wat ook 'n prominente rol speel, is die volgende:

3.4.2.1 Aanpassing van dag-tot-dag verantwoordelikhede

Die mate van uitdaging wat 'n persoon beleef om weer aan te pas word grootliks bepaal deur hul verhouding met die oorledene asook die verskillende rolle wat deur die oorledene vervul is (Worden 2009:46). Die realiteit en implikasie van die verlies kom eers later na vore wanneer die rolle wat voorheen deur die huweliksmaat vervul was, of tussen die partye gedeel was, oorgeneem moet word (Parkes & Prigerson, 2010:143). Dit sluit die realiteit in van alleen woon, kinders alleen grootmaak, 'n leë huis alleen trotseer, en finansies alleen bestuur.

Die oorlewende is gewoonlik eers 'n geruime tyd ná die sterfte bewus van al die rolle wat deur die oorledene vervul is. Dis nie vreemd vir oorlewendes nie om kwaad te wees daarvoor dat hulle nuwe vaardighede moet aanleer en rolle moet oorneem wat voorheen deur hul lewensmaats uitgevoer is. Hierdie nuwe verantwoordelikhede kan oorweldigend wees, veral as die oorlewende nie voorheen ondervinding gehad het van hierdie take nie. Dit kan tot 'n gevoel van onkunde, vrees en frustrasie lei.

3.4.2.2 Veranderinge in sosiale verhoudings

Rou kan dikwels 'n impak hê op sosiale verhoudings en die rouende persoon se plek in sosiale kringe. Die verlies van 'n geliefde kan die dinamika van verhoudings met familie en vriende verander (Brook & Blair, 2008:147). 'n Weduwee mag vind dat haar vorige vriende, wat meestal pare is, haar nie meer na sosiale geleenthede uitnooi nie, wat haar verder geïsoleerd laat voel. Sosiale isolasie en vervreemding is dikwels 'n eksterne uitdaging vir rouendes, aangesien mense dikwels ongemaklik voel om met die persone oor hul verlies te praat. Verhoudings kan ook verswak as mense nie weet hoe om die oorlewende te ondersteun nie.

3.4.2.3 Aanpassing by die werk

Om terug te keer werk of skool toe kan nuwe uitdagings bring, aangesien die rouendes se emosionele energie deur rou geïmpak word. Iemand wat 'n ouer verloor het, mag sukkel om hul fokus by die werk te herwin, wat kan lei tot 'n afname in produktiwiteit of probleme met die bestuur van hul werk se vereistes. Werkplekke mag nie altyd voldoende ondersteuning aan mense in rou bied nie; hulle verwag dalk dat die rouendes gou na hul ou roetine toe moet terugkeer. Dit kan tot bykomende druk en stres lei vir die persoon wat reeds met emosionele en praktiese uitdagings worstel.

3.4.2.4 Finansiële uitdagings

Die dood van 'n broodwinner kan 'n groot finansiële impak op gesinslede hê. 'n 2025-studie wat in samewerking met ASISA en Unisa se Buro vir Marknavorsing (BMR) gedoen is, het bevind dat Suid-Afrikaanse families waarvan die primêre broodwinner tot sterwe kom of gestremd raak 'n gemiddeld van 30-34% aan totale inkomste verloor (ASISA *et al.*, 2025). Hierdie uitdaging kan alles, van direkte begrafniskoste tot langtermyn- finansiële stabiliteit, insluit. As 'n eggenoot wat die gesin finansiëel ondersteun het, oorlede is, kan die oorlewende persone sukkel om alle finansiële verpligtinge op hul eie te hanteer, insluitend rekeninge, skuld en toekomsbeplanning. Die studie het ook bevind dat die gemiddelde inkomsteverdieners gemiddeld met R600 000 onderverseker is, wat beteken dat oorlewendes in baie gevalle nie meer die finansiële sekuriteit en lewenstandaard kan geniet waaraan hulle gewoon was nie. Daar is dikwels 'n dringendheid om finansiële kwessies aan te pak terwyl die persoon steeds emosioneel oorweldig is. Hierdie kombinasie van emosionele en praktiese druk kan die rouproses bemoeilik.

Wanneer die man die primêre broodwinner is en hy tot sterwe kom, kan dit baie uitdagings na vore bring. Die gemiddelde inkomste van vrouens is statisties laer as dié van mans; in Suid-Afrika toon die arbeidsmark beduidende verskille tussen mans en vrouens in die werksplek. Volgens statistieke van Statistiek Suid-Afrika (Stats SA, 2021, 2024) is die indiensnemingskoers vir mans hoër in vergelyking met dié van vroue. In die eerste kwartaal van 2024 was die indiensnemingskoers vir mans ongeveer 60,4%, terwyl die indiensnemingskoers vir vroue ongeveer 50,3% was. Werkloosheidsyfers toon ook die duidelike verskil. Vir mans was die werkloosheidskoers 29,9%, terwyl dit vir vroue aansienlik hoër was op 35,3%. Stats SA toon aan dat hierdie verskil aan verskeie faktore toegeskryf kan word, insluitend geleenthede, verskillende vlakke van opleiding en vaardighede, en die maatskaplike norme, maar ook diskriminasie, wat vroue se deelname aan die arbeidsmark beïnvloed.

Vroue is ook geneig om oorverteenvoort te wees in laer betalende en informele sektore, wat tot die algemene inkomste-ongelykheid tussen geslagte in die arbeidsmark bydra (Stats SA, 2023, 2024). Pogings om hierdie gaping te oorbrug sluit beleide in wat daarop gemik is om opleiding en onderrig vir vroue te verbeter, geslagsgelykheid in die

werkplek te bevorder, en vroue te ondersteun om tot tradisioneel manlike sektore toe te tree.

Omdat hierdie faktore 'n beduidende invloed op die gemiddelde inkomste van vrouens kan hê, kan dié 'n faktor wees wat 'n groot implikasie het op aanpassing ná die sterfte van 'n geliefde.

3.4.2.5 Herorganisering van die gesinsdinamika

Die verlies van 'n gesinslid kan die gesinstruktuur en rolle binne die gesin verander. Hierdie veranderinge kan dikwels tot 'n heraanpassing lei van hoe die gesin funksioneer en wie watter verantwoordelikhede aanneem (Brook & Blair, 2008:130). Wanneer 'n ouer sterf, moet die oorlewende ouer dikwels die rol van beide ouers vervul en kinders moet moontlik meer verantwoordelikhede oorneem, soos om na jonger broers en susters om te sien. Gesinne kan sukkel om hul roetines en dinamika by die nuwe werklikheid van die verlies aan te pas. Dit kan tot spanning binne die gesin lei, veral wanneer almal op verskillende maniere rou.

3.4.2.6 Hantering van administratiewe sake

Ná die sterfte van 'n geliefde is daar dikwels baie administratiewe en wetlike take wat hanteer moet word, soos die afhandeling van boedels, die sluiting van rekeninge, en die reël van begrafnis. 'n Rouende persoon mag gedwing wees om vinnig met prokureurs of banke in gesprek te tree oor die afhandeling van die oorledene se boedel, terwyl hulle nog nie emosioneel gereed is om dit te doen nie. Hierdie administratiewe take kan baie tydrowend en emosioneel uitputtend wees, aangesien dit die individu voortdurend aan die verlies herinner.

3.4.3 Geestelike uitdagings

Geestelike uitdagings het te make met hoe 'n persoon sin van die lewe en die wêreld om hulle maak ná 'n verlies (Worden, 2009:48; Wortmann & Park, 2008:703). Ná die sterfte van 'n geliefde kan persone geestelike dissonansie beleef (Wortmann & Park, 2008:711). Laasgenoemde gebeur wanneer traumatiese verlies 'n persoon se geestelike raamwerk uitdaag deurdat dit wat beleef word en dit wat geglo is nie ooreenstem nie. Dit speel dikwels 'n belangrike rol in die rouproses, veral by persone wie se geloof of spiritualiteit 'n sentrale deel van hul lewe is. Hierdie uitdagings kan

verskeie vorme aanneem en raak aan diep vrae oor sin, betekenis, en die rol van geloof in die hantering van verlies (Neimeyer, 2016:14).

3.4.3.1 Die soeke na betekenis

Om sin te maak van die dood binne die raamwerk van geloof is vir baie persone 'n groot uitdaging en in die proses word daar na betekenis in die verlies gesoek (Neimeyer, 2016:14): Waarom het God dit toegelaat? Waarom het Hy dit nie gekeer nie? Wat sou die groter doel wees? Iemand wat 'n kind verloor het, kan God begin bevraagteken en wonder waarom Hy toelaat dat sulke pynlike dinge gebeur. Hulle mag sukkel om te verstaan waarom hulle gebede nie verhoor is nie. Hierdie verlies van vertroue in God kan lei tot 'n gevoel van geestelike verlatenheid en 'n verswakking van die persoon se geloofslewe, asook woede teenoor God (Koenig, 2007:3), soos reeds bespreek. Dit kan 'n groot struikelblok vir hul genesingsproses wees, aangesien hul vertroude geestelike steunstruktuur in twyfel getrek word. Sommige mense mag beleef dat hulle nie geestelik sterk genoeg was om die sterfte van hul geliefde te voorkom nie, of hulle mag hulself verwyt omdat hulle nie "genoeg" gebid het of sterk genoeg in hul geloof gestaan het nie. Pargament *et al.* (1998:710-724) definieer dit as "negatiewe godsdienstige hantering". Hierdie skuldgevoelens kan emosioneel en geestelik afbrekend wees en kan die persone verder van hul geloof en ondersteuning vervreem.

3.4.3.2 Hantering van ander se godsdienstige reaksies

Persone in rou moet ook die uitdaging hanteer van ander mense se geloofsgebaseerde kommentare of reaksies, wat dikwels bedoel is om troos te bied, maar dikwels nie help nie. 'n Rouende persoon mag te doen kry met kommentare soos "Dit was God se wil" of "God het hulle nodig gehad", wat die persoon eerder kwaad of verward laat voel as getroos (Wortmann & Park, 2008:703). Hierdie tipe opmerkings kan die rouende persoon laat voel dat hul pyn of vrae nie regtig verstaan word nie; dit kan tot verdere isolasie of selfs 'n afkeer van die geloofsgemeenskap lei (Pargament *et al.*, 1998:711).

3.4.3.3 Verlies van geestelike gemeenskap

Wanneer iemand hul geloof bevraagteken of met geestelike uitdagings sukkel, kan hulle dalk voel dat hulle vervreem raak van hul geloofsgemeenskap of dat hulle nie meer dieselfde verbintenis met ander gelowiges het nie. Neimeyer (2001:4-5) maak die stelling dat mense nie net in 'n verhoudingskonteks treur nie, maar ook in 'n

gemeenskapskonteks. Die menslike persepsie van identiteit lê sterk opgesluit in die dialoë met ander persone. Iemand wat altyd aktief in 'n geloofsgemeenskap was, mag skielik voel dat hulle nie meer deel van die groep is nie, veral as hulle met geloofsvrae worstel wat ander nie verstaan of erken nie. Hierdie gevoel van vervreemding kan tot isolasie lei, wat die persoon nog meer afgesny laat voel van die ondersteuning wat hulle andersins van hul gemeenskap sou ontvang het (Pargament, 1997:163-194; Pargament *et al.*, 1998:710-724).

3.4.3.4 Eksistensiële vrees en angs oor die dood

Die dood van 'n geliefde veroorsaak ná die dood meermale hernude fokus op eie moraliteit (Parkes & Prigerson, 2010:33-36). 'n Persoon mag begin wonder of hulle hul geliefde ooit weer sal sien, en hierdie onsekerheid kan hulle angstig of bang maak oor hul eie lewe en dood.

Hierdie gedagtes kan angs veroorsaak, veral as hulle onseker is oor hul geloof of oor die hiernamaals. 'n Studie oor sterflikheidsangstigtheid in ouer persone gedurende die Covid-19 pandemie het bevind dat van die 248 persone wat aan die studie deelgeneem het, diegene wat nie vaste geestelike oortuigings oor dood en die hiernamaals gehad het nie, meer spanning en angstigtheid oor die dood beleef het (Arslan *et al.*, 2020:1-17).

Dit noodsaak dikwels diep eksistensiële vrae oor geloof, betekenis, en die rol van God in die lewe en dood (Neimeyer, 2016:12). Rouendes mag sukkel met hul geloof, voel dat hulle geestelik onveilig is, of vervreem raak van hul geloofsgemeenskappe. Hierdie uitdagings kan die rouproses kompliseer, maar kan ook 'n geleentheid vir geestelike groei wees, mits die persoon ondersteun en toegelaat word om eerlike vrae te stel en sin te soek op hul eie tyd en manier.

3.5 Samevatting

Daar is verskeie elemente ná die sterfte van 'n geliefde wat 'n rol in die heraanpassing speel. Die mate waartoe interne, eksterne en geestelike uitdagings hanteer en navigeer word, speel 'n groot rol in die sukses van die proses. Aspekte soos persone se veerkragtigheid, asook die ondersteuningsraamwerk tot hul beskikking, is alles faktore wat die proses beïnvloed. In die volgende hoofstuk word normatiewe waarhede ondersoek om die proses te begelei.

HOOFSTUK 4 DIE NORMATIEWE TAAK

4.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die realiteit van heraanpassing ondersoek om vas te stel wat die konsep van 'n geliefde se verlies en heraanpassing so moeilik maak om te verwerk. In hierdie hoofstuk word daar uitvoering gegee aan die normatiewe taak (Osmer, 2008:4) om die navorsingsvraag te beantwoord: Hoe kan prakties-teologiese perspektiewe vanuit 'n normatiewe studie van die Skrif bydra tot die vestiging van 'n skriftuurlike basis vir die versorging van weduwees? Daarby is die volgende vrae ingesluit: Waarom kan gelowiges met hoop treur? Wat is die fondasie van die hoop wat daar in Christus gevind word? Wat is God se definisie van herstel? Hoe kan die kerk 'n rol daarin speel?

Die doel van die normatiewe taak is om 'n teologiese perspektief vanuit die Skrif te ondersoek deur op die leiding van die Heilige Gees staat te maak. Osmer (2008:135) noem hierdie aspek “profetiese onderskeidingsvermoë”. Die normatiewe taak word nagevors deur eksegetese te doen op spesifieke bybelse teksgedeeltes wat op hierdie onderwerp van toepassing is.

In die studie word Jakobus 1:27 op die raamwerk van Virkler en Ayayo bestudeer (2007). Dit bestaan uit die volgende eksegetiese analises:

1. Kultuur historiese analise – Die kultuur-historiese agtergrond van die teks word bestudeer om 'n deeglike begrip te vorm.
2. Leksikaal-sintaktiese analise – Hierdie stap behels die ondersoek van die woorde en hul grammatikale verhoudings in die teks.
3. Teologiese analise – In hierdie aspek word die teologiese implikasies oorweeg, asook die wyse waarop die gedeelte binne die breë bybelse narratief inpas.
4. Literêre analise – Hierdie stap ondersoek die literêre konteks, struktuur en genre van die teks.
5. Toepassing – Die wyse waarop die gedeelte prakties uitgeleef behoort te word.

Inligting wat in die uitvoering van hierdie taak bekom word, sal gebruik word om die derde uitkoms van hierdie navorsing te bereik, naamlik om prakties-teologiese

perspektiewe vir pastorale sorg vanuit 'n normatiewe studie van die Skrif te ondersoek om 'n skriftuurlike basis vir die versorging van weduwees te vestig.

Vanuit 'n Christo-sentriese perspektief kom twee prominente aspekte na vore, naamlik dat gelowiges vertroosting en hoop in God se beloftes sal vind, en dat daar na die weduwees en wese omgesien sal word. Die volgende vraag ontstaan: Hoe lyk die praktiese uitvoering daarvan in vandag se konteks, aangesien die kulturele en sosiale realiteite totaal anders lyk as ten tye van die geskiedkundige agtergrond waarin die Bybel geskryf is?

4.2 Die konsep van hoop as eskatologiese belofte

Die kerk is die kanaal waardeur God se hoop aan die wêreld bedien word. Christus is hoop! In 'n wêreld wat dikwels deur wanhoop, ekonomiese onsekerheid en persoonlike verlies oorweldig word, kan die kerk 'n kanaal wees waardeur God se hoop vir 'n heerlike toekoms sigbaar en tasbaar gemaak word. Gelowiges hou aan die beloftes in God se woord vas dat Hy alles gaan nuut maak en dat die ewige lewe vir hulle wag wat aan Sy beloftes vashou. Veral vir persone in roumart is hierdie 'n belangrike aspek.

Smith en Dreyer (2003:165) beskryf roumart soos volg:

Elke moment in die rouproses verteenwoordig die persoon wat rou se soeke na hoop, se poging om die los drade wat deurgesny is deur die verlies weer bymekaar te kry om die verlede en die toekoms in die teenwoordige weer aan mekaar te verbind. Vir diegene wat in verbondenheid met God lewe, is dit 'n geloofsdaad.

Müller (2000:99) stel roumart soos volg: “Om die bewustheid te hê dat God êrens uit die toekoms na jou toe aan die kom is, dít is om geloof te hê.”

Paulus skryf vir die Tessalonisense in 1 Tessalonisense 4:13-18:

Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.

Wanneer die roeping en rol van die kerk bestudeer word, is dit noodsaaklik om te sien dat die kerk die kanaal is waardeur God bestem het dat hierdie hoop en vertroosting aan die wêreld bedien word. Soos Paulus in 1 Tessalonisense 4:18 skryf: "Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde." Daar word dus gesien dat die konsep van hoop en bemoediging hand aan hand loop. Hierdie hoop is gebaseer op Goddelike beloftes van God se koninkryk wat reeds aangebreek het deur Christus se eerste koms, maar wat nog in sy volle vervulling voorlê.

Die kerk verkondig die boodskap van die opstanding van Jesus, die fondament van eskatologiese hoop. Paulus skryf in 1 Korintiërs 15:20-22 dat Christus die "eersteling" is van dié wat opgestaan het, wat beteken dat ons almal wat in Hom glo, ook in die opstanding en ewige lewe sal deel. Wanneer die kerk persone in rou bedien, bied dit nie net troos vir die hier en nou nie, maar ook die hoop van 'n toekomstige hereniging met geliefdes en 'n nuwe lewe in die teenwoordigheid van God.

Die kerk word opgeroep om as 'n lig in 'n gebroke wêreld te skyn (Matteus 5:14-16). Deur hierdie lig uit te dra, word die kerk 'n lewende herinnering aan die uiteindelijke triomf van God se lig oor die duisternis van sonde, dood en wanhoop.

Paulus noem die Heilige Gees 'n "waarborg" of "voorskot" van die toekomstige erfenis wat op ons wag (Efesiërs 1:13-14). Deur die kragtige werking van die Heilige Gees ervaar gelowiges reeds iets van die toekomstige heerlijkheid en die volheid van lewe wat God belowe. In tye van rou en verlies is die Heilige Gees ook die Trooster wat ons verseker van God se teenwoordigheid en die toekomstige hoop wat ons in Christus het.

Ook die nagmaal getuig as sakrament van hoop. Die nagmaal is 'n herinnering aan Christus se offer, maar dit wys ook vooruit na die bruilofsmaaltyd van die Lam (Openbaring 19:9). Wanneer die kerk die nagmaal vier, verkondig dit die Here se dood totdat Hy kom en versterk dit die hoop op sy wederkoms. Deur hierdie sakrament versterk die kerk nie net sy eie geloof in die eskatologiese hoop nie, maar dien dit ook as 'n kanaal van hoop vir die wêreld.

4.3 'n Skriftuurlike basis vir die bystand van weduwees

Die Bybel bevat verskeie gedeeltes wat oor die hartseer van weduwees handel en die medelye wat die gemeenskap en individue aan hulle moet betoon. Uit die Woord is dit

opmerklik dat God se gesindheid teenoor weduwees deurdrenk is met medelye, beskerming en sorg.

Wanneer 'n skriftuurlike basis vir die ondersteuning en bystand van weduwees ondersoek word, kan daar die volgende ontdek word:

God plaas 'n waarde op die sorg vir weduwees en hulle geregtigheid. In Eksodus 22:22-24 staan geskryf: "Julle mag geen weduwee of wees verdruk nie. As jy hulle verdruk en hulle na My roep om hulp, sal Ek hulle klaaglied hoor. My toorn sal ontvlam, en Ek sal julle met die swaard doodmaak, en julle vrouens sal weduwees word en julle kinders wees." Hierdie gedagte word weer in Deuteronomium 10:18 bevestig: "Hy laat reg geskied aan die wees en die weduwee, Hy het die vreemdeling lief en gee hom kos en klere."

Jesaja leer ook die volk om medelye met weduwees te hê en hulle by te staan. Vergelyk Jesaja 1:17: "Leer om goed te doen; soek die reg, stel die verdrukters tereg, doen reg aan die wees, behartig die saak van die weduwee." Dit word deur Jakobus bevestig in Jakobus 1:27: "Reine en onbevleete godsdienst voor God die Vader is dit: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jou onbesmet van die wêreld te bewaar." Jakobus 1:27 vorm dan ook die basis van die veronderstelling van hierdie navorsing.

Wanneer die verhaal van Rut en Naomi bestudeer word, is die boek Rut 'n diepgaande voorbeeld van hoe Naomi, 'n treurende weduwee, deur haar skoondogter Rut versorg word. Rut was self ook 'n weduwee. Hulle verhaal beklemtoon lojaliteit, liefde en, bowenal, God se voorsiening. Paulus gee 'n ooreenstemmende opdrag aan Timoteus in 1 Timoteus 5:3-4 waar hy hom beveel: "Eer die weduwees wat waarlik weduwees is. Maar as 'n weduwee kinders of kleinkinders het, laat hulle eers leer om hulle eie huis te verheerlik en 'n beloning aan hulle ouers te gee, want dit is welgevallig voor God."

Jesus self toon ook medelye met weduwees. In Lukas 7:12-15 toon Jesus diepe medelye met 'n treurende weduwee voordat Hy haar seun uit die dood opwek:

Net toe Hy naby die poort van die dorp kom, word 'n dooie uitgedra – die enigste seun van sy moeder, en sy was 'n weduwee. 'n Groot menigte van die dorp was by haar. Toe die Here haar sien, het Hy haar innig jammer gekry en vir haar gesê: 'Moet nie huil nie.' Hy het nader gegaan en die baar aangeraak, en die draers het gaan staan. Toe sê Hy: 'Jongman, Ek sê vir jou, staan op!' En die dooie het regop gaan sit en begin praat, en Jesus het hom aan sy moeder teruggegee.

In Psalm 68:6 lees ons: "God is 'n vader vir die weeskinders, 'n regter vir die weduwees, God in sy heilige woning." God word uitgebeeld as die een wat regverdigheid vir weduwees bewerk en hulle teen onreg beskerm. In Psalm 146:9 word daar weer geles: "Die Here beskerm vreemdelinge, Hy ondersteun weeskinders en weduwees, maar die weg van die goddelose maak Hy krom." God het 'n besondere liefde vir en simpatie met die kwesbares in die samelewing, en die kerk is die kanaal waardeur dit bereik word. Dit is egter die opdrag van Jakobus 1:27 wat 'n besondere klem vir die kerk dra.

4.4 Eksegese van Jakobus 1:27

"Die suiwer en onbevleete godsdiens voor God die Vader is dit: om weeskinders en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself onbesmet van die wêreld te bewaar." (OAV)

"Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld." (Afr., 1983)

"Dit is suiwer en onbesmette godsdiens voor ons God en Vader: om na weeskinders en weduwees om te sien in hulle ellende, en jouself onbesmet van die wêreld te hou." (2020)

4.4.1 Eksegetiese raamwerk

As eksegetiese raamwerk word Virkler en Ayayo (2007) se vyf stappe van hermeneutiese prosedure gebruik. Dit bestaan uit vyf intensionele analyses wat as raamwerk vir die hermeneutiese proses dien:

4.4.1.1 Kultuur-historiese analise

As vertrekpunt in die hermeneutiese proses word die oorspronklike historiese en kulturele agtergrond van die teks ondersoek (Virkler & Ayayo, 2007:71). Dit behels vrae soos: Wie was die outeur? Aan wie is dit geskryf? Watter sosiale, politieke en godsdienstige kontekste het 'n rol gespeel?

Die doel van die histories-kulturele en kontekstuele analise is om die afstand tussen die oorspronklike gehoor en die hedendaagse leser te oorbrug. Sonder 'n deeglike begrip

van die oorspronklike konteks kan die teks maklik verkeerd toegepas of selfs misbruik word. Dit herinner die leser daaraan dat die Bybel in spesifieke omstandighede gespreek het voordat dit tot ons gespreek het (Virkler & Ayayo, 2007:71-97).

4.4.1.2 Leksikaal-sintaktiese analise

Hier word die genre, struktuur en literêre styl van die teks ondersoek om die gepaste literêre onderskeiding te verkry (Virkler & Ayayo, 2007:99). Is die betrokke gedeelte 'n narratief, profesie, wysheidsliteratuur, of 'n brief? Hoe funksioneer metafore, vergelykings en poëtiese elemente binne die gedeelte? Die doel van hierdie stap is om die teks binne sy eie literêre raamwerk reg te verstaan. Alle literêre genres het hul eie reëls van interpretasie. 'n Psalm kan nie op dieselfde manier gelees word as 'n historiese vertelling nie. Hierdie stap beskerm lesers daarteen om oppervlakkig te lees en dwing die uitlêer om sensitief te wees vir die manier waarop betekenis oorgedra word (Virkler & Ayayo, 2007:99-123).

4.4.1.3 Teologiese analise

In hierdie stap word die teks se boodskap binne die breër bybelse en teologiese raamwerk geplaas en ondersoek (Virkler & Ayayo, 2007:125). In teologiese analise word daar nie net ondersoek gedoen na wat die teks self noem nie, maar ook hoe dit in die groter openbaringsverhaal van die skepping, sondeval, verlossing en voleinding inpas. Die doel daarmee is om die teks se plek in die Skrif as geheel te verstaan en te sien hoe dit God se karakter en plan openbaar. Hierdie stap voorkom dat 'n gedeelte losstaande en buite konteks gelees word. Dit help die uitlêer om die teks Christosentries te lees sodat die eenheid van die Bybel te eerbiedig word (Virkler & Ayayo, 2007:125-153).

4.4.1.4 Toepassing

Hier skuif die fokus na die hedendaagse leser. Die vraag is: Wat beteken hierdie teks vir die moderne hoorder? (Virkler & Ayayo, 2007:201). Hoe kan en behoort dit toegepas te word in 'n gelowige se lewensraamwerk binne die kerk en breër samelewing, en wat sou die implikasie daarvan wees indien dit nie gedoen word nie? Deur dít te doen word die tydlose waarhede van die teksgedeelte prakties geopenbaar. Dit verseker dat die Bybel nie net vir akademiese kennis bestudeer word nie, maar dat lewensveranderende

waarhede in die alledaagse lewe geïntegreer word. Hierdie stap beklemtoon dat die Skrif in elke generasie gesaghebbend en relevant bly.

4.4.2 Kultuur-historiese analise

Historiese agtergrond:

Die skrywer van Jakobus word tradisioneel aan Jakobus, die broer van Jesus en leier van die kerk in Jerusalem toegeskryf (Hand. 15:13; Gal. 1:19), hoewel daar wel navorsers is wat dit betwis (Allison 2013:113-114). Die brief vind sy ontstaan in die middel van die eerste eeu n.C., waarskynlik tussen 49 en 62 n.C. (Bybel in Praktyk, 2007:1933), en is aan Joodse Christene gerig (Allison, 2015:4) wat buite Palestina versprei is en wat beproewings en vervolging in die gesig gestaar het. Jakobus se brief fokus sterk op die praktyk van geloof: hoe 'n lewende geloof tot sigbare daade lei (Wolmarans, 2006:1).

Kulturele agtergrond:

In die Joodse kultuur was weeskinders en weduwees onder die mees kwesbare mense en het hulle spesiale beskerming onder die Mosaïese Wet geniet (Eks. 22:22-24; Deut. 10:18). God se besondere sorg vir weeskinders en weduwees is diep gewortel in die Ou Testamentiese Tora-etiek (Bauckham, 1999:54-55). In Deuteronomium 10:18 lees ons God "gee reg aan weeskinders en weduwees" en die gelowiges word opgeroep om dieselfde te doen (Jes. 1:17; Ps. 68:6). Jakobus skryf vanuit 'n Joods-Christelike perspektief en om hierdie rede kom die tema sterk na vore (Bauckham, 1999:54-55).

Vanweë die patriargale samelewing van 'n eerste-eeuse Joodse en Grieks-Romeinse wêreld was weduwees en weeskinders nie net in 'n godsdienstige konteks kwesbaar nie, maar ook in 'n wettige en sosiale sin (Jeremias, 1969:12). Weduwees en wese het geen wettige stand sonder die voogskap van 'n manlike familielid besit nie en weduwees het gereeld toegang tot eiendom en nalatenskap verloor, terwyl weeskinders geen sosiale stand gehad het nie (Jeremias, 1969:12; Malina & Rohrbaugh, 2003:378). Dit het weer ekonomiese uitdagings voortgebring by wyse van armoede en onregverdige verdeling van erfenisse (Horrell, 2006:96-99). In beide die Joodse en Romeinse samelewings het die rykes die vermoë gehad om die armes te onderhou, maar vrygewigheid was selektief. Weduwees en weeskinders was afhanklik van die gemeenskap se welwillendheid, wat nie altyd konstant was nie (Horrell, 2006:96-99).

Alhoewel daar in die tempels en sinagoges voorsiening gemaak was vir die versorging van weduwees en wese, was dit nie altyd genoeg nie en in ander gevalle selfs korrupt (Levine, 2006:124).

Jakobus maak dit duidelik dat om vir hierdie groepe te sorg gesien word as 'n weerspieëling van opregte godsdiens en godsdienstige plig.

4.4.3 Leksikaal-sintaktiese analise

4.4.3.1 Literêre konteks

In die boek van Jakobus is Jakobus 1:27 deel van 'n groter diskoers oor die karakter van ware geloof en praktiese Christelike lewe (McKnight, 2011:143). Jakobus 1:1-18 word as die proloog tot Jakobus 1:19-27 gesien (Wolmarans, 2006:1); die gedeelte bespreek spesifiek hoe gelowiges versoekings en beproewings behoort te hanteer en hoe geloof in praktyk omskep moet word. Geloof spruit uit God se Woord van waarheid voort; dit vorm die basis van die volgende perikoop, naamlik Jakobus 1:19-27 (Wolmarans, 2006:1). Verskeie temas kan in Jakobus 1:19-27 onderskei word:

Die tema van “hoor en doen” in Jakobus 1:19-21 plaas die spanningspunt tussen 'n passiewe gehoor en gelowiges wat aktief gehoorsaam is (Davids, 1982:93). Die metafoor van die spieëlbeeld in Jakobus 1:22-25 plaas klem op die manier waarop die mens homself kan bedrieg deur godsdienstige onaktiwiteit en hoe die volmaakte wet wat vrymaak (v. 25) Jesus se bergprediking, sowel as Psalm 199, aanhaal (Johnson, 1995:189). In Jakobus 1:26-27 kom die tema van ware godsdiens na vore. Dit bied 'n teenstelling tussen waardelose geloof (persone wat praat, maar dit nie prakties uiteleef nie) en ware, onbevleete godsdiens (Allison, 2013:293).

Jakobus 1:27 dien as 'n tematiese skarnier tussen hoofstukke 1 en 2 (Moo, 2021:86); in laasgenoemde brei Jakobus verder op die geloofs- en werketema uit.

4.4.3.2 Struktuur

Jakobus 1:27 vorm deel van die breër narratiewe en teologiese struktuur van die brief. McKnight (2011:143-147) wys daarop dat Jakobus 1:19-27 as een samehangende eenheid gelees moet word wat die skakel vorm tussen die inleidende gedeelte van die brief (1:1-18) en die daaropvolgende tematiese uitwerking in hoofstuk 2 en verder.

Die struktuur kan soos volg uiteengesit word:

1. Jakobus 1:1-18: Proloog

In die proloog is die fokus op volharding in beproewings en die gawe van wysheid van God. Hierdie gedeelte lê die fondasie vir die uitgangspunt dat geloof prakties is en in die werklikheid van lyding en versoeking getoets word.

2. Jakobus 1:19-27: Ware gehoorsaamheid aan die Woord

Hier skuif die klem na die tema van “hoor en doen”. McKnight (2011:145) voer aan dat hierdie paragraaf die kern van Jakobus se etiek verteenwoordig: Gelowiges moet nie slegs hoorders wees nie, maar ook doeners. Die metafoor van die spieël (vv. 22-25) illustreer hoe nutteloos dit is om die Woord te hoor, maar dit nie uit te leef nie.

3. Jakobus 1:26-27: Samevatting en skarnier

Hierdie twee verse dien as 'n samevattende slot vir hoofstuk 1 en 'n teologiese oorgang na die temas van hoofstuk 2. Jakobus 1:26 waarsku teen 'n waardelose godsdiens waarin woorde nie met daade ooreenstem nie. Jakobus 1:27 formuleer dan op 'n positiewe wyse wat ware godsdiens behels: die kombinasie van barmhartigheid (sorg vir weduwees en wese) en morele integriteit (onbesmet van die wêreld).

Volgens McKnight (2011:146) is dit 'n “programmatiese teks” wat die res van die brief rig. Dit bring die twee hooflyne van Jakobus se boodskap bymekaar: eerstens, dat geloof in konkrete daade van liefde en geregtigheid uitgedruk behoort te word; en tweedens, dat geloof'n lewe van heiligheid en skeiding van wêreldse praktyke vereis.

4. Jakobus 2 en verder

Hoofstuk 2 brei die tema van geloof en werke verder uit, spesifiek rondom die voorkeure aan rykes (2:1-13) en die bekende gedeelte oor geloof sonder werke (2:14-26). McKnight (2011:147) wys daarop dat Jakobus 1:27 die “tematiese brug” is wat direk na hierdie argument toe lei.

Die struktuur dui daarop dat Jakobus 1:27 nie bloot 'n losstaande definisie van ware godsdiens is nie, maar 'n samevattende en rigtinggewende vers vir die hele brief. Dit

plaas die fokus op die praktiese aard van geloof en dien as 'n hermeneutiese sleutel om die res van Jakobus se oproepe tot werke, barmhartigheid en heiligheid te verstaan.

4.4.3.3 Genre

Die boek van Jakobus is 'n narratiewe brief, maar word ook as 'n vorm van wysheidsliteratuur (McCartney, 2009:25) beskou, soortgelyk aan die Spreuke, wat praktiese lering vir 'n etiese lewe bied.

4.4.3.3.1 Sleuteltermes

Besoek (ἐπισκέπτεσθαι): Dit dui op sorg en voorsiening – nie net 'n oppervlakkige besoek nie, maar 'n aktiewe verantwoordelikheid. Hier word nie net 'n vriendelike kuier geïmpliseer nie, maar 'n besoek met die doel om hulp en ondersteuning te bied. Alhoewel die navorser glad nie met Cheshire (2025:3) se teologie rondom poligamie saamstem nie, staan die mandaat van verantwoordelikheid wat aan hierdie term gekoppel word, uit. Cheshire gebruik die Hebreeus in die Septuagint (Papa) as basis en definieer dit as “'n gesagvolle besoek wat 'n langdurige effek op 'n persoon het”; dit dui op aktiewe betrokkenheid en praktiese hulpverlening. Moo (2021:95) wys daarop dat hierdie frase verteenwoordigend is van 'n groter oproep tot barmhartigheid. In die antieke wêreld was weduwees en wese die mees kwesbare groepe, wat dikwels sonder sosiale of finansiële ondersteuning gelaat is. Om hulle “te besoek” beteken om aan hulle behoeftes te voorsien, wat meer behels as net 'n kortstondige besoek, maar eerder langtermynondersteuning. Dit dien as 'n sentrale deel van die vroeë kerk se praktyke, wat daarop gemik was om teen armoede en onreg te stry. Die eerste-eeuse Christengemeenskap was bekend vir hulle sorg aan armes en behoeftiges (vgl. Hand. 6:1-6).

Godsdienst (θρησκεία): Dit verwys na uiterlike uitdrukkings van aanbidding, asook dade van toewyding en vroomheid, maar nie na die ritueel nie. Jakobus beweer dat ware godsdienst nie tot seremoniële praktyke beperk is nie, maar dat dit 'n lewenswyse van medelye en integriteit vereis. Hierdie woord kom slegs drie keer in die Nuwe Testament voor, en twee van die kere is dit in Jakobus 1:26 en 27 (Bauer et al., 2000:459). Volgens Moo (2021:123) is die rede hiervoor heel waarskynlik as gevolg van die breë verband wat die woord met algemene godsdienst het en dat dit nie na diens aan 'n spesifieke entiteit verwys nie.

Suiwer (καθάρᾱ) en onbevleete (ἀμίαντος): Hierdie terme beklemtoon die onberispelike en opregte aard van die godsdienstige praktyk. Moo (2021:94) interpreteer die frase as 'n oproep tot morele en geestelike suiwerheid. Dit is Christene se aksies wat uiteindelik bewys lewer van hulle geloof. Die skrywer verbind die terme met Jakobus se waarskuwing teen wêreldse invloede wat gelowiges weg van 'n lewe van ware gehoorsaamheid aan God kan verlei (Jak. 4:4).

Weeskinders (ὀρφανοὺς) en weduwees (χήρας): Hierdie twee groepe simboliseer diegene sonder beskerming of ondersteuning. Moo (2021:96) verduidelik dat dié groep 'n voorbeeld van die kwesbares is en dat ware geloof gemanifesteer word deur daadwerklike sorg vir hulle.

4.4.4 Teologiese analise

Hierdie stap ondersoek die teologiese implikasies en hoe die gedeelte binne die breëre bybelse narratief inpas.

4.4.4.1 Teologiese temas

4.4.4.1.1 Ware godsdiens

Jakobus beklemtoon dat ware geloof deur praktiese liefde en morele integriteit gedemonstreer word. Nystrom (1997:94) wys daarop dat Jakobus nie 'n volledige definisie van godsdiens gee nie, maar eerder toon wat ware godsdiens insluit: barmhartigheid en persoonlike heilighheid. Volgens die skrywer beklemtoon Jakobus dat die gelowige se verhouding met God nie losstaande is van verhouding met ander mense nie, veral diegene wat verdruk word, en dat mense jou geloof meet aan dít wat hulle van jou beleef. Jakobus se oproep tot "reine en onbesmette godsdiens" is op 'n gemeenskap van gelowiges gerig wat teen wêreldse invloede stry. Hy stel dat hierdie praktiese dade van liefde 'n uitdrukking van geloof is wat nie deur die wêreld se materialisme en individualisme besoedel is nie.

Wanneer die term “ware godsdiens” in die breëre bybelse narratief ondersoek word, is dit opvallend dat die hart daarvan in Ou Testamentiese geskrifte ook uitgedaag word.

In Jesaja 1:11-17 verwerp God leë rituele en vra Hy dat die volk reg laat geskied aan die wese, en weduwees verdedig. In Miga 6:6-8 kom dieselfde tema weer na vore waar

God deur Miga spreek: “Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is: om reg te doen, liefde en trou te bewys en nederig te wandel met jou God.” Samuel spreek vir Saul in 1 Samuel 15:22 aan met die woorde dat gehoorsaamheid beter is as offers, en om te luister beter is as die vet van ramme.

In die Nuwe Testament kritiseer Jesus die Fariseërs se bloot uiterlike godsdienst. In Matteus 23:23 gee die skrywer Jesus se woorde aan hulle weer: “Julle laat die swaarder sake van die wet na: geregtigheid, barmhartigheid en trou.” Jesus verkondig self liefde vir God en liefde vir mense as die twee groot gebooe (Matteus 22:37-40). Hy bewys deur sy lewenswandel en die wyse waarop Hy met die geringes omgegaan het hoe ware godsdienst uitgeleef behoort te word.

In die res van die Nuwe Testament beklemtoon Paulus dat geloof sigbaar word in liefde (Gal. 5:6, 13) en dat liefde prakties behoort te manifesteer. Die vroeë kerk se diakonale sorg (Hand. 6:1-6) wys hoe sorg vir die weduwees deel van die gemeente se karakter was en in 1 Timoteus 5:3-4 word gelowiges spesifiek aangespoor om na weduwees om te sien.

4.4.4.1.2 Sosiale geregtigheid

Jakobus 1:27 weerspieël God se bekommernis oor geregtigheid en sorg vir die kwesbares, 'n tema wat konsekwent deur die Ou en Nuwe Testament voorkom. Martin (1988:52) beklemtoon dat Jakobus 1:27 aansluit by die profetiese oproep tot sosiale geregtigheid soos dit in die Ou Testament gesien kan word (vgl. Jes. 1:16-17; Miga 6:8). Hy argumenteer dat hierdie vers veral vir 'n gehoor geskryf is wat in 'n tyd van sosiale onreg geleef het en 'n praktiese benadering tot hulle geloof moes aanneem. Weduwees en wese was van die kwesbaarste persone in die samelewing. Die skrywer is van mening dat Jakobus bewus was van die moontlikheid dat gelowiges mislei kan word deur bloot uiterlike godsdienstpraktieke; daarom fokus hy op 'n praktiese en sigbare uitlewing van geloof. Die oproep om "onbesmet van die wêreld te bly" is 'n waarskuwing teen die kompromie van morele standaarde.

Heiligheid: Dit beklemtoon die belangrikheid van persoonlike reinheid en afsondering van wêreldse waardes. Gelowiges moet 'n lewenstyl handhaaf wat hulle geloof weerspieël deur nie aan die korrupte invloede van die wêreld toe te gee nie.

Diensbaarheid en liefde in aksie: Hierdie vers beklemtoon die belangrikheid daarvan om sosiale geregtigheid te beoefen deur te sorg vir diegene in nood. Dit daag gelowiges uit om te kyk na hoe hulle die kwesbares en gemarginaliseerdes kan ondersteun.

Geloof en werke: Jakobus se boodskap in hierdie vers is 'n voorbeeld van sy breëre tema in sy brief: ware geloof word deur goeie werke bewys (Jak. 2:14-17). Dit beklemtoon dat geloof nie net 'n innerlike oortuiging is nie, maar in liefdevolle aksies uitgedruk moet word.

4.4.5 Toepassing

Die volgende vrae ontstaan: Hoe behoort die beginsels van Jakobus 1:27 prakties uitgeleef te word? Wat is die kernwaarhede wat in die eksegeese ontdek is en hoe behoort dit oorgedra en toegepas te word binne 'n ander sosio-historiese raamwerk as die oorspronklike gehoor?

Jakobus 1:27 wys daarop dat ware godsdiens nie bloot uit uiterlike rituele bestaan nie, maar uit 'n lewe van morele integriteit en onbesmetheid van wêreldse invloede. Ware godsdiens is in sy kern om te doen wat God se wil is. Moo (2021:94) verduidelik dat die oproep tot “suiwer en onbevleete” godsdiens 'n oproep is tot morele en geestelike reinheid wat prakties sigbaar moet wees in 'n gelowige se lewensstyl. Gelowiges word dus uitgedaag om hulle geloof nie net te bely nie, maar dit konsekwent uit te leef, selfs te midde van kulturele druk (Nystrom, 1997:94).

Hierdie Bybelboek plaas besondere klem op die besoek aan weduwees en wese, wat volgens Jeremias (1969:12) en Malina en Rohrbaugh (2003:378) die mees weerlose groepe in die eerste-eeuse samelewing was. Hierdie roeping geld steeds vir die kerk van vandag: om stelselmatig en sigbaar betrokke te wees by armes, weduwees, wese en ander gemarginaliseerdes. Handeling 6:1-6 dien as 'n voorbeeld waar die vroeë kerk 'n gestruktureerde diakonale bediening gevestig het om vir behoeftiges te sorg (McKnight, 2011:143; Moo, 2021:95).

Jakobus se oproep is meer as individuele sorg – dit is ook 'n sosiale uitdaging. Martin (1988:52) wys daarop dat Jakobus 1:27 by die Ou-Testamentiese profetiese tradisie van geregtigheid aansluit (Jes. 1:16-17; Miga 6:8). Gelowiges en kerke word dus geroep om onreg te konfronteer, stelsels wat mense onderdruk te bevraagteken, en 'n profetiese stem teen uitbuiting en korrupsie te wees (Bauckham, 1999:54-55).

Die uitvoering van hierdie vers lê in die eenheid van geloof en werke. Jakobus beklemtoon elders (2:14-17) dat geloof sonder werke dood is. Allison (2013:293) onderstreep dat Jakobus se begrip van geloof onlosmaaklik verbind is aan daadwerklike liefde. Daarom behoort hedendaagse gelowiges steeds hulle geloof uit te leef deur tasbare handeling van liefde – of dit nou finansiële ondersteuning, emosionele bystand, of sosiale betrokkenheid is.

4.4.6 Opsomming van eksegeese

Jakobus 1:27 beklemtoon dat ware godsdienstige praktyk die sorg vir persone in nood behels (spesifiek weeskinders en weduwees), sowel as persoonlike reinheid van wêreldse invloede. Dit stem ooreen met breëre bybelse temas van sosiale geregtigheid, medelye en heiligheid. Jakobus dring by gelowiges daarop aan om hul geloof uit te leef deur tasbare dae en morele integriteit wat God se eie karakter en opdragte weerspieël. Die praktiese uitlewing van geloof soos wat dit deur Jakobus beklemtoon word, roep Christene tot 'n godsdiens op wat verder as rituele gaan; Gelowiges moet opregte liefde en regverdigheid utoel. Dit is juis vir hierdie opdrag wat die Pinksterkerk uniek geposisioneer is.

HOOFSTUK 5 DIE PRAGMATIESE TAAK

5.1 Inleiding

Vanuit die normatiewe taak wat in Hoofstuk 4 ondersoek is, vloei die pragmatiese taak. Daar is in die vorige hoofstuk vasgestel dat praktiese ondersteuning aan weduwees nie net 'n edel idee is nie, maar 'n vereiste vir ware godsdienste. Die vrae ontstaan egter nou: Hoe lyk die uitvoering van Jakobus 1:27 in die praktyk vir weduwees wat moet heraanpas na 'n huweliksmaat se verlies? Tot watter insigte kan daar gekom word ten opsigte van die verantwoordelikheid van die kerk vanuit 'n Pinksterperspektief? Hoe kan die Pinksterperspektief bydra om die normatiewe raamwerke wat geïdentifiseer is te laat realiseer?

5.2 Die funksie van die pragmatiese taak

Die pragmatiese taak in Osmer (2008) se model vra die vraag, "Hoe kan ons reageer?" (Osmer, 2008:4), met ander woorde, hoe behoort daar voortgegaan te word om dít wat as die norm in die vorige hoofstuk geïdentifiseer is te laat realiseer? Inligting wat uit die deskriptiewe, interpretatiewe en normatiewe take ingesamel is, sal ondersoek en geanaliseer word om die vierde doelwit van hierdie studie te bereik, naamlik om 'n pastorale benadering te formuleer waarin weduwees begelei kan word om alle routake suksesvol te verwerk en om sodoende in 'n wêreld sonder die oorledene aan te pas.

Die navorsing van die deskriptiewe, interpretatiewe en normatiewe take dien hier as basis om perspektiewe en raamwerke daar te stel vir nodige toekomstige aksie (Osmer, 2008:176). Die doel van die pragmatiese taak in hierdie navorsing gaan wees om 'n prakties-teologiese raamwerk vir bedienaars te vestig waarin hulle getrou kan wees aan Jakobus 1:27 deur weduwees te begelei om weer ná die sterfte van 'n huweliksmaat aan te pas.

Osmer (2008:176-177) beklemtoon dat die taak deur drie dimensies van leierskap gedra word, naamlik taakbevoegdheid, transaksionele leierskap en transformerende leierskap, waardeur die geloofsgemeenskap nie slegs op huidige uitdagings reageer nie, maar ook proaktief en missionaal beweeg.

5.3 Leierskap as pastorale taak

Osmer (2008:176-177) onderskei drie vername soorte leierskap wat nodig is vir die uitvoering van die pragmatiese taak: taakbevoegdheid, transaksionele leierskap, en transformerende leierskap.

Hierdie drie onderskeie kategorieë bied 'n raamwerk om leierskap nie slegs in terme van organisatoriese funksionaliteit te verstaan nie, maar ook in die lig van geloofsgemeenskappe se roeping om getrou aan die evangelie te leef.

5.3.1 Taakbevoegdheid

Taakbevoegdheid verwys na die vermoë wat 'n leier beskik om die basiese funksies en verantwoordelikhede wat aan hom of haar toevertrou is effektief uit te voer (Osmer 2008:176-177). Dit sluit die bestuursvaardighede in wat nodig is om 'n geloofsgemeenskap se strukture en prosesse te koördineer, soos administrasie, beplanning en kommunikasie. Volgens Osmer (2008:176) is taakbevoegdheid 'n voorwaarde vir geloofwaardigheid, aangesien 'n leier wat nie oor die nodige vaardighede beskik nie, die risiko loop om die vertroue van die gemeenskap te verloor.

5.3.2 Transaksionele leierskap

Transaksionele leierskap funksioneer binne 'n raamwerk van stabiliteit, reëls en duidelike verwagtinge (Osmer 2008:176-177). Hierdie vorm van leierskap berus op 'n verhouding van uitruil, waarin volgelinge deur beloning en erkenning vir prestasie gemotiveer word, en waar afwyking van die verwagte standarde sekere gevolge inhou. Osmer (2008:176-177) beklemtoon dat transaksionele leierskap noodsaaklik is vir die instandhouding van orde en die bevordering van voorspelbaarheid binne 'n organisasie of geloofsgemeenskap. Alhoewel dit soms as meganiese beskou kan word, bied dit 'n stabiele grondslag waarop verdere leierskap gebou kan word.

5.3.3 Transformerende leierskap

Hierdie vorm van leierskap het ten doel om mense se waardes, visie en motiewe te transformeer deur hulle by 'n groter roeping of missie in te skakel (Osmer, 2008:177). Transformerende leierskap word gekenmerk deur die vermoë om die visie te artikuleer, vertroue te bou, mense se potensiaal te ontwikkel en verandering te fasiliteer. In 'n

kerklike konteks beteken dit dat leiers nie bloot administrateurs is nie, maar dat hulle die geloofsgemeenskap inspireer om die evangelie op 'n geloofwaardige en bekwame wyse te beliggaam.

Hierdie drie tipes leierskap behoort nie teenoor mekaar gestel te word nie, aangesien dit nie in kompetisie met mekaar is nie. Taakbevoegdheid voorsien die tegniese vermoë om leiding te gee; transaksionele leierskap bied die nodige orde en struktuur; en transformerende leierskap bring groei, vernuwing en missionale beweging. Binne die pragmatiese taak word die rol van die leier dus as 'n geïntegreerde praktyk gesien waarin funksionele vaardigheid, organisatoriese stabiliteit en geestelike visie saam tot die opbou van die geloofsgemeenskap werk (Osmer, 2008:177).

Al drie leierskapskomponente is belangrik, maar dit is veral transformerende leierskap met die fokus op diepe verandering wat deurslaggewend gaan wees.

Alvorens 'n model vir praktiese begeleiding van weduwees ondersoek word, is dit belangrik om die volgende opmerkings te maak:

Die raamwerk wat voorgestel word se sukses kan nie net op die pastor of die gemeenteleier se skouers val nie. Die pastor is die inisieerder van die proses, maar is nie alleen daarvoor verantwoordelik nie. Die breë geloofsgemeenskap gaan 'n beduidende rol in die proses speel. Om hierdie rede is dit belangrik om die einddoel voor oë te hou; laasgenoemde is nie net die heraanpassing van 'n persoon nie, maar 'n verdere sukses sal wees dat so 'n persoon weer 'n kanaal van ondersteuning aan andere kan wees. Die moontlike impak daarvan kan ook nie onderskat word nie, aangesien die universele relevansie van roumart 'n persoon in staat stel om met mense oor kultuurgrense heen te kan identifiseer.

Dis veral transformerende leierskap wat 'n besondere rol gaan speel in die geval van die begeleiding en ondersteuning van persone in rou. Die doel van die begeleiding is dat daar diepe innerlike verandering sal plaasvind – dus, in die geval van 'n persoon wat rou, heraanpassing.

Dit is daarom nodig dat die pastor sal besef dat 'n stelselmatige denkwysie nodig is.

5.4 Praktiese transformerende begeleiding

Wanneer 'n moontlike raamwerk oorweeg word vir die kerk se rol in die begeleiding van weduwees na heraanpassing, is dit belangrik om onderskeid tussen 'n paar feite te maak. Die kerk en die geloofsgemeenskap is in hierdie konteks nie net die begeleier van die persoon nie, maar ook die fasiliteerder van die aanpassingsproses. Omdat die uitdaging van heraanpassing sowel prakties as emosioneel en geestelik is, vorm praktiese ondersteuning 'n groot rol in die begeleidingsproses.

Dit vereis sensitiwiteit vir die persoon, asook vir die proses en die moontlike uitdagings wat 'n persoon kan beleef, want die kerk word die bedienaar van hoop. God se beloftes vorm die grondslag van hoop, veral die eskatologiese beloftes waarin gelowiges hoop kan vind.

Om 'n moontlike praktiese raamwerk te vestig waarin die normatiewe uitkomst van Hoofstuk 4 bereik kan word, word John Kotter (1991:1-20) se raamwerk vir diepe verandering (soos deur Osmer aangehaal, 2008:206) as basis gebruik. Die navorser glo dat hierdie raamwerk 'n unieke perspektief bied wat tot groot waarde kan wees, aangesien dit die geloofsgemeenskap sowel as die persoon in rou in staat kan stel om in 'n uitkomsgebaseerde proses van genesing te beweeg. Dit is wel nodig om die raamwerk te verwerk vir praktiese uitvoerbaarheid in roumartbegeleiding. Kotter identifiseer agt uitkomst vir diepe verandering:

1. Vestig 'n raamwerk van dringendheid.
2. Vorm 'n sterk leidende koalisie.
3. Skep 'n visie.
4. Bekragtig ander om die visie te kan sien.
5. Kommunikeer die visie.
6. Beplan en vier korttermynoorwinnings.
7. Konsolideer verbeteringe om nog meer verandering voort te bring.
8. Hou voor oë dat nuwe gewoontes gereelde gewoontes word.

Wanneer die kern van hierdie agt uitkomst saamgevat word, ontstaan 'n raamwerk wat die navorser glo tot groot waarde vir die kerk kan wees as 'n model van ondersteuning. Om die model so gefokus as moontlik te hou, gaan punte 3, 4 en 5 wel gekonsolideer

word in een hoofpunt, genaamd “Vestig ‘n visie”, sowel as punt 7, wat saam met punt 8 een hoofpunt word, genaamd “Nuwe gewoontes word gereelde gewoontes”.

Die aangepaste raamwerk vir praktiese transformerende begeleiding van rou sal dus soos volg lyk:

1. Vestig ‘n raamwerk van dringendheid.
2. Vorm ‘n sterk leidende koalisie.
3. Vestig ‘n visie.
4. Beplan en vier korttermynoorwinnings.
5. Nuwe gewoontes word gereelde gewoontes.

5.4.1 Vestig ‘n raamwerk van dringendheid

Kotter (2008:39-56) beklemtoon dat een van die hooforsake vir die faling van verandering in organisasies die gebrek aan dringendheid is. Hierdie dringendheid is nie paniek of chaotiese aktiwiteite nie, maar ‘n doelgerigte ingesteldheid wat die realiteit van die noodsaaklikheid raaksien, dit ernstig opneem en ook die geleenthede binne die situasie raaksien (Kotter, 2008:5-7). Volgens hom lei die afwesigheid van dringendheid tot een van twee realiteite: ‘n selftevreedenheid of ‘n vals dringendheid wat bloot deur oppervlakkige aktiwiteit en reaktiewe gedrag gekenmerk word. Dit is die navorser se standpunt dat hierdie beginsels ewe toepaslik op bediening binne die kerk is. Emosionele pyn word dikwels as ‘n private saak beskou waardeur mense moet gaan, eerder as ‘n gemeenskapsverantwoordelikheid. Hierdie gesindheid word deur Boss (2006:90-91), wat bekend is vir haar werk oor veelduidige verlies (“ambiguous loss”), beaam. Sy voer aan dat kerke en gemeenskappe dikwels te lank wag om in te gryp, omdat daar nie voldoende kennis is van wat om te sê of te doen nie. Traagheid kan egter die verlieservaring vererger en tot gevoelens van verwerping by die rouende lei. Dringendheid in optrede – selfs deur eenvoudig teenwoordig te wees en te luister – kan dus ‘n beskermende faktor teen verdere emosionele seer wees.

Die belangrikheid van ‘n gesonde gevoel van dringendheid word deur Heifetz en Linsky (2002:13-15) ondersteun; hulle argumenteer dat leierskap in krisistye vereis dat leiers die “aanpassingstemperatuur” van ‘n gemeenskap moet regstel. Indien die hitte te laag is, gebeur daar niks; indien dit te hoog is, raak mense paniekerig. ‘n Gesonde dringendheid help om momentum te bou sonder om mense te oorweldig. In die konteks

van roubediening beteken dit dat die kerk die realiteit van verlies eerlik moet aanspreek, maar gelyktydig hoop en hanteringsmeganismes moet bied.

Bridges (2009:4-6) wys daarop dat alle verandering begin met 'n einde – die verlies van wat was. In die geval van rou is die “einde” die dood van 'n geliefde, wat tot 'n liminale tyd van onsekerheid en verwarring lei. Indien die kerk nie met dringendheid betrokke raak nie, word die rouende persoon dikwels alleen gelaat in hierdie oorgang. 'n Gemeenskap wat egter met 'n gevoel van dringendheid optree, kan die rouende help om deur hierdie tussenfase van verwarring na 'n nuwe begin te beweeg.

Worden (2009:69-72) beklemtoon dat effektiewe verwerking van rou vereis dat die gemeenskap proaktief betrokke raak. Hy wys daarop dat geïsoleerde individue geneig is om stadiger en moeiliker aan te pas, terwyl ondersteuning en betrokkenheid deur die geloofsgemeenskap genesing bevorder. Hierdie beginsel resoneer sterk met Kotter (2008:5-7) se klem op dringendheid: die kerk moet nie wag totdat 'n lidmaat se rouproses ontspoor nie, maar vroegtydig en doelbewus by die rouende teenwoordig wees.

Parkes en Prigerson (2010:69) voeg by dat die eerste maande ná 'n verlies kritiek is in die verwerking van rou. Indien daar nie onmiddellik en konsekwent ondersteuning gebied word nie, loop die persoon 'n groter risiko vir ingewikkelde rou. Hieruit volg dat kerke wat “stil, stelselmatig en afsydig” reageer (soos deur die navorser opgemerk) nie net 'n pastorale geleentheid mis nie, maar ook tot 'n moontlike risikofaktor bydra.

Vanuit 'n prakties-teologiese perspektief stel Osmer (2008:176-177) dat die pragmatiese taak van die kerk vereis dat sy leiers strategieë ontwikkel wat op die regte tyd momentum skep. Hy beskryf hierdie proses as leierskap wat transformerend werk – waar die kerk nie net sy lidmate begelei nie, maar ook homself verander deur sy roeping om teenwoordig te wees in lyding en dit ernstig op te neem.

5.4.2 Vorm 'n sterk leidende koalisie

Kotter (1996:51-65) beklemtoon dat transformasie nie 'n geïsoleerde poging kan wees nie, maar dat dit 'n leidende koalisie vereis wat die proses dryf. Só 'n koalisie moet saamgestel word uit persone wat geloofwaardigheid, vertroue, insig en emosionele intelligensie beliggaam. Die gesag van hierdie groep lê nie net bloot in formele posisies nie, maar met die potensiaal om mense deur verhouding en invloed te lei. In die

rouproses sal hierdie koalisie die pastor, die geloofsgemeenskap en die rouende persoon wees.

Hierdie insig word deur Northouse (2019:172-175) bevestig, wat verduidelik dat leierskap in tye van verandering kollektief beoefen moet word. Hy beklemtoon die waarde van gedeelde leierskap, waar verskeie rolspelers saam verantwoordelikheid dra en mekaar se sterkpunte benut. In die konteks van roubegeleiding beteken dit dat die pastor, familie, vriende, professionele beraders en die geloofsgemeenskap almal deel van 'n ondersteuningsnetwerk vorm wat saam die las dra.

Volgens Worden (2009:69-72) is een van die belangrikste veranderings wat 'n rouende persoon moet deurmaak, die ontwikkeling van nuwe rolle en aanpassing by 'n veranderde lewe. Hierdie proses word vergemaklik wanneer 'n koalisie beskikbaar is wat emosionele ondersteuning, praktykgerigte hulp en 'n gevoel van “behoort” bied. Rou is nie slegs 'n individuele proses nie, maar 'n relasionele ervaring (Neimeyer, 2001:100). Daarom funksioneer 'n koalisie as 'n teenmiddel teen isolasie en vestig dit terselfdertyd hoop.

Parkes en Prigerson (2010:69) wys daarop dat rou effektief verwerk word binne 'n konteks van voortgesette, betekenisvolle verhoudings (“continuing bonds”). 'n Leidende koalisie in die geloofsgemeenskap versterk hierdie verbondenheid deur ruimte vir herinnering, gesprek en die erkenning van verlies te skep. Wanneer die kerk, saam met familie en beraders, 'n rouende persoon omring, word 'n alternatiewe narratief moontlik: Die persoon is nie alleen nie.

Anderson (2010:57) beskryf koalisies in organisasies as instrumente van geloofwaardigheid – die vermoë om mense se vertroue te wen deur konsekwente teenwoordigheid en gesaghebbende optrede. In 'n gemeentelike rouproses is geloofwaardigheid eweneens van kardinale belang: Die rouende persoon ervaar genesing waar die koalisie nie net oor troos praat nie, maar dit konkreet uitleef.

Van der Kolk (2014:211-213) voeg by dat traumaverwerking beter geskied wanneer mense ingebed is in betroubare verhoudings wat veiligheid en stabiliteit bied. In dié sin funksioneer die koalisie as 'n “veilige basis” waarbinne die rouende persoon nuwe betekenis kan konstrueer: Dit kan by wyse van 'n vriend of familielid wees wat aktief luister en die rouende nie aanjaag om “daaroor te kom” nie, 'n professionele berader of

pastorale terapeut wat 'n veilige ruimte vir emosionele verwerking bied, of 'n gemeentelike rou-ondersteuningsgroep of kleingroep wat spesifiek op rou en verlies gefokus is. Deur só 'n koalisie te vorm, herwin die persoon in rou 'n gevoel van bemiddeling, gemeenskap en aanvaarding. Hulle word nie net "iemand vir wie daar gebid word" nie, maar word deel gemaak van 'n groep wat hul pyn eerbiedig en ondersteun en saam die helende pad met hulle loop.

Die kerk as geloofsgemeenskap behoort ook haar eie leidende koalisie te vorm wanneer dit by roubegeleiding kom. Die volgende is enkele voorbeelde:

- Predikante, ouderlinge en diakens wat hulself toerus en toegewyd is om proaktief betrokke te wees.
- Lede wat self deur rou gegaan het en nou ander kan ondersteun met begrip en empatie.
- Spesialiste of professionele beraders (selfs van buite die gemeente) wat opleiding aan die kerk bied.
- Gemeentelike leierskap wat roubegeleiding prioritiseer in tyd en begroting – byvoorbeeld ondersteuning ná begrafnisse, of by spesiale herdenkings of rougroepe.

So 'n koalisie dra geloofwaardigheid, emosionele kapasiteit en praktiese sorg. Dit vorm 'n kultuurverskuiwing weg van stilte en ongemak af na aktiewe teenwoordigheid en genesing.

Volgens Kotter (1996:51-65) moet die koalisie

- vertrouwe in mekaar hê;
- 'n gedeelde visie hê oor waarom hierdie verandering belangrik is;
- bevoeg wees om invloed uit te oefen (formele of informele invloed); en
- inskakeling by verskillende dele van die gemeenskap hê.

In 'n gemeente beteken dit nie net die predikant nie, maar ook die vrouelid wat by mense sit ná die diens; nie net die berader nie, maar ook die jong persoon wat iemand met 'n kospakkie én 'n luisterende oor gaan besoek.

Dit is die navorser se beskouing dat transformerende begeleiding in die konteks van rou nie net empatie vereis nie, maar ook samewerking, strukture en geestelike

volwassenheid. Deur 'n sterk leidende koalisie te vorm in ooreenstemming met Kotter se tweede stap, help ons om die pad van rou te dra as iets wat saam gestap word, nie alleen nie. Só word die kerk 'n liggaam wat nie net preek oor troos nie, maar dit beliggaam en Prediker 4:12 uitgeleef.

5.4.3 Vestig 'n visie. Hoe lyk die einddoel prakties gesproke?

Kotter (1996:68-71) argumenteer dat effektiewe transformasie nie moontlik is sonder 'n helder en aantreklike visie nie. 'n Visie bied rigting, motiveer en help mense om moeilike keuses te maak deur die groter doel voor oë te hou. In die konteks van roubegeleiding beteken dit dat die kerk saam met die rouende persoon en ondersteuningsnetwerk 'n realistiese en haalbare beeld van heraanpassing vestig. Hierdie visie moet konkreet en meetbaar wees eerder as abstrakte of onrealistiese ideale (Kotter, 2008:47), aangesien die uitdaging in rou nie daarin lê om die verlies te "oorwin" nie, maar om nuwe maniere te vind om met die verlies saam te leef (Worden, 2009:70-72). Om hierdie rede sal die einddoel prakties verskil na gelang van persoonlikheid, lewensomstandighede, die beskikbare ondersteuningsraamwerk en emosionele kapasiteit (Worden). Vir sommige kan dit beteken om weer finansiële en huishoudelike verantwoordelikhede te hanteer, terwyl ander eerder fokus op die herontdekking van identiteit, nuwe rolle en betekenisvolle deelname aan die gemeenskap.

Neimeyer (2001:100-103) beklemtoon dat heraanpassing dikwels sentreer rondom die konstruksie van nuwe narratiewe – die herbeskrywing van 'n lewe waarin die verlies ingesluit, maar nie allesoorheersend nie, is. 'n Gemeentevisie kan dus uitdruk hoe die geloofsgemeenskap die rouende in hierdie proses ondersteun deur ruimte vir storievertelling, herinnering en gemeenskapsbetrokkenheid te bied.

Die breër geloofsgemeenskap se rol is van besondere belang. Volgens Osmer (2008:176-177) vereis die pragmatiese taak dat kerkleiers 'n visie formuleer wat deur die gemeenskap gedeel word en in strategie omskep kan word. Indien die visie slegs deur die pastor gedra word, mis dit momentum; indien dit deur die hele gemeente verstaan en beliggaam word, word dit transformerend. Prakties beteken dit dat die visie met eenvoudige, verstaanbare kommunikasie in gemeentelike kanale gedeel moet word sodat die hele gemeente kan saamwerk om die einddoel te bereik.

Bridges (2009:55-56) waarsku egter dat 'n visie nie net inspirerend moet wees nie, maar ook sensitief vir die emosionele werklikheid van verlies. Indien dit te abstrak of onrealisties geformuleer word, kan dit die rouende verder vervreem. 'n Goeie visie beskryf dus konkrete, haalbare stappe, soos die herleer van daaglikse take, die ontwikkeling van nuwe ondersteuningsnetwerke, die hervatting van geloofspraktyke en die bevordering van emosionele gesondheid.

5.4.4 Beplan en vier korttermynoorwinnings

Kotter (1996:117-123) beklemtoon dat betekenisvolle transformasie nie deur groot, enkele projekte alleen volhoubaar is nie, maar deur 'n reeks van korttermynoorwinnings wat sigbaar en meetbaar is. Korttermynoorwinnings bied hoop, skep momentum en bou geloofwaardigheid vir die breër proses van verandering. In 'n organisasie beteken dit dat klein, haalbare mylpale gevier word om mense gemotiveerd en betrokke te hou.

In die konteks van roubegeleiding is hierdie beginsel ewe toepaslik. Worden (2009:70-72) wys daarop dat aanpassing ná verlies uit 'n reeks kleiner take bestaan, byvoorbeeld die hantering van daaglikse verantwoordelikhede, die verwerking van emosionele pyn, en die geleidelike hervatting van rolervulling. Hierdie stappe is korttermynwenne wat die rouende persoon se vermoë tot herstel bevestig. Wanneer die kerk hierdie kleiner mylpale saam met die rouende erken en vier, word hoop versterk en die proses minder oorweldigend.

Bridges (2009:62-63) argumenteer dat oorgange nie in een groot sprong plaasvind nie, maar in klein, haalbare segmente wat die persoon help om 'n nuwe identiteit en toekoms op te bou. Prakties kan dit beteken dat 'n rouende persoon ná 'n paar weke weer die moed vind om aan 'n kleingroep deel te neem, of dat iemand'n eerste verjaarsdag of herdenking ná die verlies suksesvol kan deurstaan. Hierdie oomblikke moet nie deur die geloofsgemeenskap geïgnoreer nie, maar erken en gevier word as bewys dat groei en heraanpassing plaasvind.

Volgens Parkes en Prigerson (2010:69-70) is hierdie korttermynoorwinnings belangrik, omdat dit die risiko van ingewikkelde rou verminder. Wanneer klein vordering sigbaar is, kry die rouende persoon 'n gevoel van selfdoeltreffendheid – 'n teenmiddel teen hooploosheid en isolasie.

Vanuit 'n prakties-teologiese perspektief merk Osmer (2008:176-177) op dat die pragmatiese taak van die kerk vereis dat die leiers strategieë ontwikkel wat momentum skep. Die viering van korttermynoorwinnings is juis só 'n strategie: dit versterk die geloofsgemeenskap se rol as draer van hoop en herinner lidmate daaraan dat die pad van rou nie in een keer voltooi word nie, maar deur volgehoue, sigbare treë van vooruitgang.

5.4.5 Nuwe gewoontes word gereelde gewoontes

Waar nuwe gewoontes uitdagend en oorweldigend mag wees, kan dit juis die sleutel wees tot nuwe verhoudings, nuwe vriende en 'n nuwe lewensraamwerk. Kotter (1996:145-147) verduidelik dat verandering slegs volhoubaar is wanneer nuwe patrone van optrede gevestig raak en deel van die alledaagse kultuur van 'n organisasie word. Indien nuwe praktyke nie deel van mense se "normale manier van doen" word nie, verval hulle maklik terug in ou gewoontes. Die konsolidasie van verandering verg daarom volgehoue aandag, herhaling en strukturele ondersteuning.

In die konteks van roubegeleiding beteken dit dat die kerk se betrokkenheid nie as 'n eenmalige projek gesien mag word nie, maar as 'n geïntegreerde en volgehoue praktyk van die geloofsgemeenskap. Worden (2009:73-75) beklemtoon dat heraanpassing by verlies dikwels maande of jare neem, en dat dit slegs deur nuwe roetines en hanteringsmeganismes volhoubaar word. 'n Gemeente wat gereelde besoeke, rou-ondersteuningsgroepe en herdenkingsgeleenthede as deel van sy gewone bediening inkorporeer, help rouendes om hierdie nuwe roetines te internaliseer.

Neimeyer (2001:103-105) wys daarop dat betekenisvolle verandering ná verlies plaasvind wanneer nuwe narratiewe deel word van 'n persoon se selfbegrip. Nuwe gewoontes, soos deel van herinneringe, deelname aan geloofsgemeenskaplike aktiwiteite en die herontdekking van roeping in die lig van verlies, word daardeur nie net praktiese aksies nie, maar ook identiteitsvormend. Die gevaar bestaan ook dat mense na ou maniere toe kan terugval wanneer daar nie 'n duidelike integrasie van nuwe gedrag plaasvind nie (Bridges, 2009:127-129).

Die rol van die geloofsgemeenskap is daarom nie net om korttermynondersteuning te bied nie, maar om 'n kultuur te skep waarbinne rou en genesing normaalweg erken en ondersteun word. Dit help dat nuwe gewoontes, soos oop gesprekke oor verlies of

deelname aan rou-ondersteuningsaktiwiteite, as gereelde praktyke in die gemeentelêre gevestig word.

Vanuit 'n teologiese perspektief herinner Osmer (2008:176-177) ons dat die pragmatiese taak van die kerk die volgehoue inkorporering van geloofspraktyke behels. Nuwe gewoontes van sorg, troos en gemeenskapsbetrokkenheid moet dus nie as addisionele aktiwiteite gesien word nie, maar as deel van die kerk se identiteit en roeping.

5.5 'n Pinksterperspektief: die waarde van 'n Pinksterparadigma

Pinksterteologie word algemeen as 'n Christelike tradisie verstaan wat die werk van die Heilige Gees, die ervaring van God se teenwoordigheid en die dinamiese werking van geestelike gawes sentraal plaas (Anderson, 2004:3-5). Land (1993:27) beskryf Pinksterteologie as 'n "teologie van die hart" waarin heiligmaking, liefde, hoop en die ervaring van die Gees die dryfkrag van geestelike lewe en bediening vorm.

Verder beklemtoon Yong (2005:18-20) dat Pinksterteologie sterk eskatologies georiënteerd is: Dit leef vanuit die verwagting dat God se Koninkryk reeds aan die werk is deur die Gees, maar steeds op volheid wag. Hierdie spanning tussen die "reeds" en "nog nie" bied 'n hermeneutiese raamwerk waarin lyding, verlies en 'n nuwe begin verstaan kan word. Uit die definisies van die navorsers kan gesê word dat die kern van die Pinksterperspektief is dat geloof nie bloot kognitief of institusioneel is nie, maar ervaringsgerig, gemeenskapsgebonde en missionaal.

Nel (2021:1-7) som die kernkomponente van Pinksterteologie as volg op:

1. Ervaringshermeneutiek – Pinkstergelowiges het 'n "hoë siening" van die Bybel (soos in konserwatiewe Protestantisme), maar lees die Skrif ook deur 'n lens van geestelike ervaring. Die ervaring van die Gees en affekte wat daarmee gepaard gaan, vorm 'n deel van hulle voorverstaan (*Vorverständnis*), wat hul interpretasie kondisioneer. Hulle verwag dat die Gees nie net in die verlede gewerk het nie, maar steeds openbaring bied, en gebruik hierdie verwagting om die Woord te interpreteer en in spirituele praktyke toe te pas. Hierdie pneumatologiese styl van taal en praktyk veroorsaak dat teorie en ervaring hand aan hand gaan.
2. Die rol van die Heilige Gees as aktiewe agent – Pinksterteologie beklemtoon dat die Heilige Gees nie 'n passiewe bystander is nie, maar aktief werksaam: in

bekering, genesing, gawes, bevestiging van die Koninkryk, die lewens van gelowiges en gemeenskap met die liggaam van Christus. Nel (2021:3) se navorsing noem dat gelowiges 'n verwagting het vir voortgesette, charismatiese ondervindings – nie net herinneringe aan die verlede nie, maar nuwe ervarings.

3. Gemeenskapsgeoriënteerdheid – 'n Pinksterteologie is inherent gemeenskapsgerig. Dieselfde navorsing wys daarop dat interpretasie nie 'n isolerende optrede is nie – lidmate deel saam in ervaring, bediening, getuienis en liturgiese praktyke. Die idee van “gemeenskap” met die liggaam van Christus in verskeie gawes is sentraal. Gelowiges leer van mekaar en ondersteun mekaar; die rol van die predikant/leier is nie eksklusief nie, maar deel van 'n breër interaksie.
4. Eskatologiese en missionale oriëntasie – Pinksterteologie kyk nie net terug nie, maar ook vorentoe – na God se Koninkryk, die wederkoms, die vervulling van beloftes, en die voortdurende roeping om die evangelie en hoop in die wêreld uit te leef. Hierdie oriëntasie motiveer lewe, bediening en verandering.
5. Voortsetting van gawes – In Pinkstertradisies is daar 'n aanname van voortgesette werking van geestelike gawes – genesing, profesie, glossolalia, gebed vir wonderwerke – wat nie bysaak of simboliese aktiwiteite is nie, maar deel van die middele waardeur God nog steeds Homself openbaar en sy Koninkryk uitbrei. Hierdie voortsetting van die “tekens” verskil van ander Protestante tradisies wat glo dat hierdie gawes tydelik of histories gebonde was.

'n Pinksterperspektief dra unieke waarde tot die uitvoering van die aangepaste raamwerk vir praktiese transformerende begeleiding (soos in die vorige punt bespreek), omdat dit op verskeie aspekte wat nodig is, klem lê. Dit sluit die volgende in:

- Dringendheid: Pinksterteologie koppel dringendheid aan 'n pneumatologiese begrip van roeping; die Gees roep en dring die kerk om op lyding en nood te reageer (Cartledge, 2010:73).
- Koalisie: Pinksterkerke verstaan die liggaam van Christus as 'n gemeenskap van gawes (1 Kor. 12). Dit skep ruimte vir breë deelname – predikante, ouderlinge, maar ook gewone lidmate met gawes van bemoediging, diens en gasvryheid (Martin, 2002:61).

- Visie: Pinksterteologie is eskatologies en missionaal, en bied dus 'n visie van hoop en herstel wat die rouende help om nuwe betekenis te vind (Land, 1993:108).
- Korttermynwenne: In Pinksterpraktyk is die viering van klein mylpale ingebed deur getuienisse (Kgatle, 2022:a2519), sowel as lofprysing en gedeelde aanbiddingservarings (Nel, 2023:1-19). Hierdie ritmes bevestig en vier sigbare treë van genesing.
- Nuwe gewoontes: Pinksterpraktyk lê sterk klem op dissipelskap, volgehoue gebed, en die herhaling van geloofshandeling. Hierdie geestelike ritmes vorm nuwe gewoontes wat rouendes in hulle daaglikse lewe kan inbou (Yong, 2014:121).

Al die bogenoemde aspekte van Pinksterteologie posisioneer die Pinksterkerk gunstig vir die uitvoering van die aangepaste raamwerk vir praktiese transformerende begeleiding.

HOOFSTUK 6 SINTESE

6.1 Inleiding

Die doel van die studie was om te ondersoek hoe die kerk vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief weduwees effektief pastoraal kan begelei om die verlies van 'n huweliksmaat te verwerk en ná die verlies aan te pas.

Die navorsingsvraag waarop hierdie navorsing gefokus het, is: Hoe kan die kerk vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief weduwees pastoraal begelei om aan te pas ná die sterfte van 'n huweliksmaat?

Om dít te bereik was die navorsingsdoelwitte soos volg:

Die studie is aan die hand van Osmer (2008:4) se model vir praktiese teologie gedoen. Osmer onderskei vier take wat die ondersoeker spesifieke vrae laat ondersoek. Hierdie vrae is die fondasie vir die vier navorsingsvrae wat bestudeer is. Dit het dan ook die hoofstukindelings gevorm:

1. Die beskrywende empiriese taak – Wat gaan aan?

In hierdie hoofstuk is verskillende modelle en teorieë van rou bestudeer. Dit het bygedra tot die uitkoms van die eerste navorsingsdoelwit: om belangrike insigte te bekom vanuit 'n deskriptiewe studie oor bestaande modelle van rou en hoe die velde van teologie en sielkunde dit benader.

2. Die interpretatiewe taak – Waarom gaan dit aan?

In hierdie hoofstuk is redes vir die uitdaging van heraanpassing bestudeer. Daar is bevind dat die mees prominente uitdagings intern, ekstern en geestelik is. Dit het bygedra tot die uitkoms van die tweede navorsingsdoelwit: om aspekte wat in die pad van heraanpassing staan te identifiseer, asook die impak wat dit op die rouproses het, uit te lig.

3. Die normatiewe taak – Wat behoort aan te gaan?

In hierdie hoofstuk is 'n skriftuurlike raamwerk vir die versorging van weduwees ondersoek en Jakobus 1:27 is eksegeties ontleed. Dit het bygedra tot die uitkoms van

die derde navorsingsdoelwit: om prakties-teologiese perspektiewe vir pastorale sorg vanuit 'n normatiewe studie van die Skrif te ondersoek om 'n skriftuurlike basis vir die versorging van weduwees te vestig.

4. Die pragmatiese taak – Hoe gaan ons voort?

In hierdie hoofstuk is 'n model ondersoek waarin die normatiewe uitkomst uitgeleef kan word. Dit het bygedra tot die uitkoms van die vierde navorsingsdoelwit: om 'n pastorale benadering te formuleer waarin weduwees begelei kan word om alle routake suksesvol te verwerk en in 'n wêreld sonder die oorledene aan te pas.

6.2 Integrasie van bevindinge uit Osmer se model

Die navorsing is doelbewus gestruktureer volgens Osmer (2008) se vier take van praktiese teologie, naamlik die deskriptief-empiriese, die interpretatiewe, die normatiewe en die pragmatiese take. Elkeen van hierdie take het 'n unieke bydrae gelewer tot die begrip van die heraanpassing van weduwees ná die dood van 'n huweliksmaat vanuit 'n Pinksterperspektief. Tog is dit noodsaaklik dat hierdie insigte nie bloot as afsonderlike elemente beskou word nie, maar in 'n samehangende eenheid geïntegreer word. In hierdie afdeling word die kernbevindinge van die verskillende take in 'n eenheid saamgevat met die doel om 'n holistiese raamwerk van heraanpassing te vorm.

6.2.1 Vanuit die beskrywend-empiriese taak (Hoofstuk 2) is die volgende insigte bekom

Die doel van die beskrywend-empiriese taak in hierdie studie was om 'n teoretiese beskrywing van rou en heraanpassing ná die sterfte van 'n geliefde te bied. Daar is gesien dat dit nie 'n homogene ervaring is nie, maar deur verskeie persoonlike, sosiale en geloofsfaktore gevorm word. Om hierdie komplekse verskynsel te ondersoek is die navorsing deur verskeie erkende roumodelle gelei. Hierdie modelle bied waardevolle perspektiewe en die integrasie daarvan het bygedra tot 'n vollediger begrip van die proses van heraanpassing wat weduwees beleef.

Taakgedrewe modelle

Die taakgedrewe modelle van rou beklemtoon dat rou nie bloot 'n emosionele toestand is wat spontaan verbygaan nie, maar 'n aktiewe proses waarin die persoon bepaalde aanpassings moet deurwerk.

Lindemann (1944) se drie take van rou het 'n vroeë teoretiese grondslag gelê. Volgens hom behels die rouproses die losmaking van emosionele bindings met die oorledene, die aanpassing by 'n nuwe realiteit, en die vorming van nuwe lewensraamwerke. In die studie is bevind dat hierdie take wel in 'n mate verklaring bied vir die aanpassingsproses van weduwees, maar dit word ook duidelik dat Lindemann se benadering te beperkend is vir die kompleksiteit van die sterfte van 'n huweliksmaat. Die idee van "losmaking" is veral uitdagend, aangesien baie weduwees nie die band met die oorlede maat verbreek (en wil verbreek) nie, maar eerder op nuwe maniere met die persoon se nagedagtenis leer leef.

Worden (2009) se vier take van rou het besonder betekenisvolle bydraes tot hierdie studie se begrip van rou gelever. Die skrywer stel voor dat die verwerking van rouSMART op die afhandeling van die volgende vier take berus:

1. Aanvaarding van die werklikheid van die verlies
2. Deurlewing van die pyn van die verlies
3. Aanpassing by 'n omgewing sonder die oorledene (eksterne, interne en geestelike aanpassingsuitdagings)
4. Hervestiging van emosionele energie in nuwe lewensmoontlikhede

Fasegedrewe modelle

Fasemodelle definieer die afhandeling van rouSMART aan die hand van emosionele fases waardeur 'n persoon beweeg. Hoewel hierdie modelle nie die hele werklikheid van rou vasvang nie, gee dit tog waardevolle insig in die emosionele dinamiek van verlies.

Kübler-Ross (1952) se vyf stadiums van rou (ontkenning, woede, bedinging, depressie en aanvaarding) is wyd bekend en het 'n nuttige beskrywende waarde. In hierdie studie is bevestig dat weduwees wel soortgelyke emosies beleef, maar nie op 'n lineêre wyse nie. Die wisselingsbeweging tussen hoop en pyn, asook vrede en traumatiese herinneringe, toon dat rou 'n komplekse, herhalende proses is.

Bowlby (1980) en Parkes (1998) se gehegtheidsteorie bied groter diepte, aangesien dit die reaksie op die verlies met gehegtheid verbind. Volgens hierdie teorie volg rou gewoonlik 'n patroon van aanvanklike skok, daarna verlange en soeke na die oorledene, wanhoop, en uiteindelik herorganisasie. Die verlies van 'n eggenoot bring nie net emosionele pyn mee nie, maar dikwels ook 'n verlies van sekuriteit, identiteit en toekomsoriëntasie.

Geïntegreerde modelle

Hierdie modelle bring beide die emosionele en praktiese dimensies van rou bymekaar en bied daarom 'n meer realistiese beskrywingsraamwerk vir die heraanpassing van weduwees.

Rando se faseteorie van rou (1993) beskryf rou as 'n proses waarin die persoon deur erkenning van die verlies, emosionele reaksie, herbeoordeling van herinneringe en uiteindelijke heraanpassing beweeg. Die model bevestig die bevinding dat weduwees nie eenvoudig die verlies “oorwin” nie, maar eerder leer om sin daarvan te maak.

Die tweevoudige prosesmodel van Stroebe en Schut (1999) is besonder relevant vir hierdie studie. Dit beskryf rou as 'n voortdurende wisseling tussen twee fokusvelde: verliesgerigte reaksies (soos hartseer, gemis en trauma) en herstelgerigte funksionering (soos nuwe rolle, finansiële oorlewing en sosiale aanpassing). Hierdie model beskryf presies wat in weduwees se lewens gebeur – hulle beweeg voortdurend tussen emosionele verwerking en praktiese oorlewing.

Die voortgesette-bande-teorie (“continuing bonds theory”) van Klass *et al.* (1996) verduidelik dat die beëindiging van emosionele bande met die oorledene nie 'n vereiste vir gesonde rou is nie. Vir baie weduwees is die voortduur van 'n simboliese verhouding met die oorledene 'n noodsaaklike bron van stabiliteit en troos in die proses. Hierdie perspektief is volledig in lyn met 'n bybelse verstaan van liefde, herinnering en hoop op die opstanding.

Die integrasie van hierdie modelle toon die volgende:

- Rou is nie net 'n emosionele proses nie, maar ook 'n funksionele en geestelike proses.
- Heraanpassing vereis aktiewe deelname; dis 'n pad wat geloop word.

- Die band met die oorlede huweliksmaat word nie afgesny nie, maar getransformeer.
- Weduwees leef in 'n dinamiese balans tussen verlies en herstel.

6.2.2 Die interpretatiewe taak (Hoofstuk 3): Die uitdagings van heraanpassing na die dood van 'n huweliksmaat

Die tweede taak (Hoofstuk 3) het die konteks en uitdagings van heraanpassing ondersoek. Hieruit is ontdek dat weduwees verskeie struikelblokke ervaar: emosionele eensaamheid, finansiële onsekerheid, rolveranderinge binne die gesin en gemeenskap, asook 'n gevoel van identiteitsverlies. Die interpretatiewe taak het gewys dat die pad van heraanpassing nie net psigologiese of sosiale uitdagings bied nie, maar ook 'n spirituele uitdaging waarin nuwe betekenis, identiteit en hoop gevind moet word.

Vanuit Worden (2009:39-53) se model is ontdek dat die vernaamste uitdagings wat 'n persoon beleef om weer ná die sterfte van 'n geliefde aan te pas, interne, eksterne en geestelike aanpassings is. Wanneer hierdie aanpassings suksesvol genavigeer kan word, is die uiteinde dat 'n persoon in 'n nuwe realiteit aanpas.

Interne aanpassings hou verband met innerlike kwessies waarmee persone gekonfronteer word. Dit sluit konsepte in soos emosionele uitdagings, aggressie of woede wat 'n persoon het as gevolg van die verlies, skuldgevoelens, gevoelens van alleenheid/eensaamheid, en angstigheid.

Eksterne uitdagings hou verband met die daaglikse uitdagings van die lewe en die rolle van 'n persoon: aanpassing by dag-tot-dag verantwoordelikhede, veranderinge in sosiale verhoudings, aanpassing by die werk, finansiële uitdagings, herorganisering van die gesinsdinamika, en die hantering van administratiewe sake.

Geestelike uitdagings het te make met hoe 'n persoon ná 'n verlies sin van die lewe en die wêreld om hulle maak (Worden, 2009:48; Wortmann & Park, 2008:703). Dit sluit in die soeke na betekenis, hantering van ander se godsdienstige reaksies, verlies van geestelike gemeenskap, eksistensiële vrees, en angste oor die dood.

6.2.3 Die normatiewe taak: Hoe Jakobus 1:27 'n rigtinggewende norm bied aangaande die kerk se roeping teenoor weduwees

In die derde taak (Hoofstuk 4) is die volgende normatiewe vraag ondersoek: Wat behoort te gebeur? Die eksegetiese studie van Jakobus 1:27 het dit duidelik gemaak dat die versorging van weduwees 'n integrale deel van Christelike geloofspraktyk is. Volgens Jakobus word suiwer godsdiens gemeet aan die sorg vir kwesbares, waarvan weduwees 'n belangrike kategorie verteenwoordig. Hierdie teks het nie net 'n historiese betekenis in die vroeë kerk gehad nie, maar het ook 'n voortdurende normatiewe relevansie vir die hedendaagse kerk. Vanuit 'n Pinksterperspektief beteken dit dat die kerk geroep is om die liefde en sorg van God tasbaar te laat realiseer deur weduwees te ondersteun – nie net emosioneel nie, maar ook prakties, sosiaal en geestelik.

6.2.4 Die pragmatiese taak (Hoofstuk 5): Die rol van die kerk in pastorale sorg en begeleiding

Die vierde taak (Hoofstuk 5) het gefokus op die vraag oor hoe praktiese ondersteuning aan weduwees deur die kerk kan en behoort te gebeur. Die navorsing het bevestig dat die kerk 'n onontbeerlike rol in die proses van heraanpassing speel. Dit sluit die volgende in: die skep van ondersteuningsgroepe waar rou verwerk kan word; die voorsiening van pastorale begeleiding; die aktiewe deelname van die geloofsgemeenskap in die bied van praktiese hulp; en die kweek van 'n spiritualiteit van hoop deur aanbidding, gebed en die bediening van die Woord. Die Pentekostalistiese perspektief voeg 'n besondere dimensie by, deur klem te plaas op die werk van die Heilige Gees as Trooster en Gids in die heraanpassingsproses.

6.2.5 Integrerende gesprek

Wanneer die vier take in eenheid saamgevoeg word, vorm daar 'n duidelike prentjie:

- Die beskrywend-empiriese taak toon dat roumart en die reaksie op verlies 'n werklike uitdaging vir persone in rou is.
- Die interpretatiewe taak help om te verstaan watter uitdagings en hindernisse heraanpassing beïnvloed.
- Die normatiewe taak bied 'n bybelse en teologiese riglyn wat aandui hoe die kerk behoort te reageer.

- Die pragmatiese taak gee konkrete riglyne en voorstelle vir implementering in die praktyk.

Hierdie take funksioneer dus nie as onafhanklike stappe nie, maar vorm saam 'n dinamiese eenheid. Die een kan nie sonder die ander ten volle verstaan word nie. Die waarde van Osmer (2008) se model lê juis daarin dat dit hierdie vier dimensies integreer om 'n teologiese én praktiese raamwerk te vorm.

6.3 Bybelse en Pinkster-teologiese bydraes

Hierdie studie beklemtoon dat die Bybel sowel as die Pinkstertradisie nie bloot agtergrond tot die verstaan van rou bied nie, maar 'n aktiewe bydrae lewer in die vorming van 'n raamwerk vir genesing en die begeleiding na herstel. Vanuit die Woord-raamwerk en 'n Pentekostalistiese perspektief kan die volgende insigte bereik word:

1. God se hart vir die kwesbares

Vanaf die Ou Testament tot die Nuwe Testament word weduwees, saam met wese en vreemdelinge, as deel van 'n kwesbare groep mense beskryf. Deuteronomium 10:18 stel God voor as die Een wat reg aan weduwees en wese laat geskied, en Psalm 68:6 beklemtoon God as Vader vir die wese en Beskermer van weduwees. Dit wys dat die versorging van weduwees nie bloot 'n sosiale plig is nie, maar 'n weerspieëling van God se eie karakter.

2. Die Heilige Gees as Trooster

'n Kernbydrae van die Pinkstertradisie lê in die verstaan van die Heilige Gees as Trooster (Joh. 14:16). Vir weduwees beteken dit dat God se nabyheid nie abstrak is nie, maar konkreet beleef word deur die werking van die Gees. Die ervaring van die Gees bring troos, krag en die vermoë om nuwe betekenis te vind te midde van verlies.

3. Jakobus 1:27 as normatiewe teks

In hierdie studie is Jakobus 1:27 die sentrale teksgedeelte. Hierdie teks beklemtoon dat "suiwer godsdienst" aan die sorg vir weduwees en wese gemeet word. Die vers toon dat ware geloof nie tot liturgie en ritueel beperk is nie, maar prakties uitgeleef word in liefdevolle diens. In die lig van heraanpassing beteken dit dat die kerk nie 'n opsionele rol speel nie, maar 'n verpligting het om aktief betrokkenheid te toon.

4. Geloofsgemeenskap as basis van ondersteuning

In Pinksterpraktyk is die plaaslike gemeente dikwels meer as net 'n erediensgemeenskap; dit word 'n familie van geloof. Hierdie koinonia-dimensie dra prakties tot heraanpassing by, aangesien persone ondersteuning, gebed en praktiese hulp vanuit die geloofsgemeenskap ontvang. Dié sterk gemeenskapsband weerspieël Jakobus 1:27 se oproep tot aktiewe sorg.

5. Christus as voorbeeld

Jesus se bediening toon herhaaldelik sy betrokkenheid by gemarginaliseerde en kwesbare mense. Sy sorg vir die weduwee van Nain (Luk. 7:11-17) is 'n duidelike voorbeeld van hoe Hy medelye met haar pyn gehad het en haar seun opgewek het. Hierdie gebeurtenis illustreer dat die hart van die evangelie God se medelye en ingrypende teenwoordigheid in lyding is.

6. Eskatologiese perspektief

Bybelse hoop strek verder as onmiddellike vertroosting. In Openbaring 21:4 word die belofte van 'n nuwe hemel en aarde gedoen waar daar geen dood, rou of pyn meer sal wees nie. Hierdie eskatologiese dimensie gee aan weduwees die versekering dat hulle pyn en verlies nie finaal is nie, maar dat daar 'n volmaakte toekoms wag. Pinksterteologie dra 'n sterk eskatologiese hoop wat aan die verwagting van Christus se wederkoms gekoppel is. Hierdie hoop bied aan weduwees 'n raamwerk om hulle verlies as tydelik te interpreteer in die lig van die ewige lewe. Dit bring nie ontkenning van pyn nie, maar plaas dit binne die groter narratief van God se verlossing.

6.4 Implikasies van die navorsing

6.4.1 Praktiese implikasies

6.4.1.1 Pastorale begeleiding

Een van die belangrikste implikasies van die navorsing is dat die kerk doelbewus pastorale begeleiding aan weduwees behoort te bied. Dit sluit individuele begeleiding sowel as groepprogramme in. Pastore en geestelike versorgers behoort beskikbaar te wees om weduwees te ondersteun deur middel van gesprekke, gebed en

teenwoordigheid. Hierdie begeleiding behoort sensitief te wees vir die unieke rouproses van elke individu en moet vermy om te vinnig “antwoorde” te bied.

6.4.1.2 Gemeente as gemeenskap van sorg

Gemeentes moet aanleer om die persoon in rou nie net as 'n “objek van sorg” te sien nie, maar as deel van die liggaam van Christus wat waardevol bly en steeds gawes het om tot die gemeente by te dra. Praktiese implikasies sluit sosiale ondersteuning, vriendskap en aktiewe betrekking by gemeente-aktiwiteite in.

6.4.1.3 Opleiding van geestelike leiers en lidmate

'n Verdere implikasie is dat geestelike leiers en lidmate toegerus moet word om sensitief en effektief met weduwees te werk. Dit kan geskied deur middel van werksinkels en kursusse oor rou, verlies en pastorale versorging, asook bewustheidsprogramme om stereotipes en misverstande oor weduwees te verwyder.

6.4.1.4 Samewerking met die breër gemeenskap

Terwyl die kerk 'n unieke roeping het, behoort sy ook samewerking met die breër gemeenskap te oorweeg deur, onder andere, samewerking met maatskaplike dienste om finansiële en regsadvies te bied, netwerke met ander kerke om gesamentlike ondersteuningsprogramme te ontwikkel, en betrokkenheid in gemeenskapsprojekte wat die welstand van weduwees verbeter.

6.4.1.5 Samevatting

Die praktiese implikasies van hierdie studie beklemtoon dat die kerk nie bloot 'n waarnemer van die pyn van weduwees kan wees nie, maar aktief betrokke moet raak as draer van God se sorg en liefde. Praktiese begeleiding, die krag van gemeenskap, die genesende werking van aanbidding, die toerusting van leiers en lidmate, en die unieke bydraes van Pinksterpraktyke vorm saam 'n raamwerk waardeur weduwees kan ontdek dat hulle nie alleen is nie. Hierdie implikasies daag die kerk uit om Jakobus 1:27 prakties en konkreet uit te leef en so 'n gemeenskap van hoop en transformasie te wees.

6.4.2 Teologiese implikasies

6.4.2.1 Die aard van God in verhouding tot lyding

Die studie bevestig dat die ervaring van verlies diep teologiese vrae ontlok oor God se teenwoordigheid, goedheid en getrouheid. Vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief word beklemtoon dat God nie afwesig in lyding is nie, maar aktief teenwoordig is deur die Heilige Gees as Trooster (Joh. 14:16-18). God is die Een wat 'n persoon deur die lyding dra. Hierdie perspektief kan aan Psalm 34:19 gekoppel word: "Die Here is naby die gebrokenes van hart." Die teologiese implikasie is dus dat pastoraat aan weduwees God se nabyheid moet beklemtoon te midde van hartseer, eerder as om te soek na vinnige rasonale antwoorde op lyding.

6.4.2.2 Die bybelse roeping tot sorg vir weduwees

God het 'n besorgdheid oor weduwees (Deut. 10:18; Ps. 68:6). Hierdie studie het getoon dat die kerk nie slegs 'n sosiale nie, maar ook 'n teologiese verantwoordelikheid teenoor weduwees het. Jakobus 1:27 verwoord hierdie roeping duidelik: "Die suiwer en opregte godsdiens voor God die Vader is om na weeskinders en weduwees in hulle nood om te sien." Hierdie navorsing bevestig dat pastorale bediening nie volledig is sonder doelbewuste bediening aan weduwees nie. Om hierdie rede moet bediening aan weduwees nie as 'n opsionele projek beskou word nie, maar as 'n kernuitvloeisel van die kerk se identiteit en missionale roeping.

6.4.2.3 Geloof as hermeneutiese raamwerk vir rou

Die integrasie van teologie en sielkunde toon dat geloof 'n hermeneutiese funksie vervul – dit help die gelowige om betekenis in verlies te vind. Rou is nie net 'n emosionele proses nie, maar ook 'n spirituele herinterpretasie van die lewe ná verlies. Die studie het bevestig dat weduwees wat betekenis in Christus vind, 'n groter vermoë toon om te herstel en weer hulle doel te vind. Soos Paulus skryf: "Ons treur, maar nie soos die wat geen hoop het nie." (1 Tess. 4:13) Hoop word dus nie as ontkenning van pyn aangebied nie, maar as geloofsanker te midde van pyn. Die teologiese implikasie is dat effektiewe pastorale begeleiding weduwees moet help om 'n geloofsraamwerk te ontwikkel wat rou en hoop kan akkommodeer.

6.4.2.4 Gemeenskap as teologiese ruimte van herstel

Teologies gesproke is die kerk die liggaam van Christus (1 Kor. 12); daarom vind genesing nie in isolasie plaas nie, maar in gemeenskap. Dit wys daarop dat die kerk geroep is om 'n gemeenskap van sorg te wees waarin mekaar se laste gedra word (Gal. 6:2). Die teologiese implikasie is dat die kerk nie slegs 'n aanbiddingsinstelling is nie, maar 'n ruimte waarin die liefde van Christus sigbaar en tasbaar word in praktiese dade van ondersteuning.

6.5 Sinvolle voortgesette verbondenheid en eskatologiese hoop

Die voortgesette-bande-teorie het teologies interessante raakvlakke met Christelike eskatologie. Anders as sekulêre modelle wat op finale afsluiting aandring, bevestig bybelse hoop dat aardse verhoudinge nie totaal vernietig word deur die dood nie (vgl. 1 Kor. 15). Die voortgesette herinnering aan 'n oorlede maat is nie net vertroostend nie, maar bied ook hoop. Hierdie teologiese insig normaliseer die emosionele verbondenheid van weduwees aan hulle oorlede huweliksmaats en plaas dit binne die raamwerk van troos en ewige hoop.

6.6 Beperkings van die studie

Alhoewel die studie belangrike insigte bied oor die begeleiding van persone in rou binne 'n pastorale konteks, moet verskeie beperkings erken word.

6.6.1 Subjektiewe aard van rou en interpretasie

Rou is 'n hoogs persoonlike ervaring en nie volledig meetbaar of objektief interpreteerbaar nie.

6.6.2 Beperkte vergelyking tussen modelle van rou

Hoewel verskeie modelle van rou teoreties bestudeer is, is daar nie 'n direkte empiriese vergelyking getref om die praktiese effektiwiteit van elke model te toets nie.

6.7 Voorstelle vir verdere navorsing

Die volgende voorstelle kan toekomstige studies rig:

6.7.1 Langtermynstudie oor heraanpassing

Die rouproses is dinamies en ontwikkel oor tyd. 'n Langtermynstudie wat die emosionele, geestelike en sosiale aanpassingsproses van weduwees oor 'n tydperk van drie tot vyf jaar ondersoek, kan waardevolle data oplewer oor die fases en tempo van heraanpassing, asook die faktore wat langtermynaanpassing beïnvloed.

6.7.2 Die rol van geloofspraktyke in rouverwerking

Verdere navorsing kan op spesifieke geloofspraktyke fokus soos gebed, Bybelstudie, lofprijsing of deelname aan die nagmaal, en ondersoek hoe hierdie praktyke subjektiewe welstand, geestelike veerkragtigheid en emosionele stabiliteit in rou beïnvloed. Dit kan help om 'n dieper begrip van dissiplines as terapeutiese hulpmiddels te ontwikkel.

6.7.3 Die invloed van geslag en ouderdom op heraanpassing

Hierdie studie het op weduwees gefokus, maar daar is beperkte navorsing oor rouervaring by wewenaars. 'n Verdere ondersoek kan geslagsverwante verskille in emosionele uitdrukking, sowel as individuele behoeftes aan ondersteuning, bestudeer. Navorsing onder jonger weduwees of weduwees met jong kinders kan ook besondere uitdagings blootlê.

6.7.4 Onderzoek na traumatiese of komplekse rou

Verlieservarings is nie lineêr of natuurlik nie. Toekomstige navorsing kan op gevalle fokus waar die dood traumaties was (selfdood, moord, en ongelukke) of waar komplekse rou voorkom. Hierdie navorsing kan geloofsgemeenskappe toerus om meer sensitiewe pastorale strategieë vir rou te ontwikkel.

6.7.5 Evaluering van pastorale intervensiemodelle

Die studie het 'n teologiese raamwerk vir pastorale begeleiding voorgestel, maar toekomstige navorsing kan op die implementering en evaluering van hierdie raamwerk in werklike bediening fokus. Aksienavorsing kan empiries toets watter pastorale programme die grootste geestelike, emosionele en sosiale impak op heraanpassing het.

6.8 Slotwoord

Hierdie studie het die heraanpassing van weduwees ná die dood van 'n huweliksmaat vanuit 'n Pentekostalistiese perspektief ondersoek met Osmer (2008) se vier take van praktiese teologie as metodologiese raamwerk. Die reis deur die beskrywend-empiriese, interpretatiewe, normatiewe en pragmatiese take het getoon dat heraanpassing nie 'n eensydige proses is nie, maar 'n komplekse en diepgaande pad van rou, betekenisvorming, geestelike groei en gemeenskapsbetrokkenheid.

Die navorsing het duidelik bevestig dat die ervaring van verlies die hele bestaan van 'n weduwee raak: emosioneel, sosiaal, spiritueel en selfs liggaamlik. Tog het dit ook aan die lig gebring dat heraanpassing moontlik is wanneer die realiteit van pyn erken word, nuwe betekenis en identiteit ontdek word, en weduwees deur die kerk en geloofsgemeenskap ondersteun word. Vanuit 'n bybelse perspektief, en spesifiek Jakobus 1:27, word dit duidelik dat ware godsdienst aan sorg vir die kwesbares gemeet word – en dat die versorging van weduwees 'n toets vir die egtheid van die kerk se geloof en praktyk is.

Die Pinksterperspektief het verder 'n unieke dimensie aan hierdie studie gebied. Dit beklemtoon dat die Heilige Gees nie net 'n trooster in die abstrakte sin is nie, maar 'n werklikheid wat hoop bring, identiteit herstel, en 'n hoopvolle toekoms vestig. Die Pinksterpraktyk bied ook op sy beurt 'n platform waarin transformasie kan plaasvind.

Die rol van die kerk kom duidelik na vore as agent van God se sorg. Die kerk kan nie neutraal teenoor die pyn van weduwees staan nie, maar word geroep om die liggaam van Christus te wees wat in aktiewe liefde dien. Dit vra van gemeentes om ruimte vir rou te skep en om praktiese sowel as emosionele ondersteuning te bied.

Hierdie studie dra tot die veld van praktiese teologie by deur 'n geïntegreerde raamwerk te bied wat beide die empiriese realiteit en teologiese roeping saambring. Dit beklemtoon dat die pad van heraanpassing nie alleen gestap word nie, maar in verhouding met geloofsgemeenskappe en onder die leiding van God se Gees. Die bydrae lê juis daarin dat die Pinksterperspektief nie net troos bied nie, maar ook nuwe lewensmoontlikhede oopmaak waar verlies aanvanklik as 'n einde ervaar is.

Ten slotte kan gesê word dat die heraanpassing van weduwees nie bloot die oorbrugging van verlies beteken nie, maar die ontdekking van 'n nuwe lewe in Christus.

Die kerk word opnuut herinner dat sy roeping is om 'n gemeenskap van sorg, hoop en liefde te wees waardeur weduwees kan ervaar dat hulle nie alleen is nie, maar deur God en sy mense gedra word. Hierdeur word Jakobus 1:27 nie net 'n Bybelvers nie, maar 'n lewende getuigenis van wat dit beteken om die evangelie van Jesus Christus konkreet en getrou uit te leef.

BRONNELYS

Adams, J.E. 1973. *The Christian counselor's manual*. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Company.

Ainsworth, M., Blehar, M., Waters, E., & Wall, S. 1978. *Patterns of attachment: a psychological study of strange situations*. Hillsdale, NJ: Erlbaum.

Aldwin, C.M. 2004. Culture, coping, and resilience to stress. In: Aldwin, C. M. & Stokols, D., eds. *International handbook of multilevel perspectives on stress and health*. New York, NY: Kluwer Academic/Plenum.

Aldwin, C.M. & Werner, E.E. 2007. *Stress, coping, and development: an integrative perspective*. New York, NY: Guilford Press.

Allison, D.C. 2013. *A critical and exegetical commentary on the Epistle of James*. T&T Clark, New York/London/New Delhi/Sydney, Bloomsbury. (The International critical commentary).

Allison, D.C. 2015. The Jewish setting of the Epistle of James. *In die Skriflig*, 49(1), art. #1897, 9 bladsye. [http:// dx.doi.org/10.4102/ids. v49i1.1897](http://dx.doi.org/10.4102/ids.v49i1.1897)

Anderson, A. 2004. *An introduction to Pentecostalism: global charismatic Christianity*. Cambridge: Cambridge University Press.

Anderson, D. 2010. *Effective leadership in the church: sustaining pastoral excellence*. Grand Rapids: Eerdmans.

APA (American Psychiatric Association). 2013. *Diagnostic and statistical manual of mental disorders*. 5th ed. Washington, DC: American Psychiatric Publishing. pp. 766-768, 789-792.

Arslan, G., Yildirim, M. & Wong, P.T.P. 2020. Association of death anxiety with spiritual well-being and religious coping in older adults during the COVID-19 pandemic. *OMEGA - Journal of Death and Dying*, OnlineFirst, pp.1-17.

ASISA (Association for Savings and Investment South Africa) & True South Actuaries & Consultants in partnership with the UNISA Bureau of Market Research. 2025. *Study on income earners' under-insurance and family coping*. (Business Report).

Augustine, 2003. *The city of God*. Translated by R.W. Dyson. Cambridge: Cambridge University Press.

Ballard, P.H. & Pritchard, J.L. 2006. *Practical theology in action: Christian thinking in the service of church and society*. London: SPCK.

Bauckham, R. 1999. *James: Wisdom of James, disciple of Jesus the sage*. London: Routledge.

Bauer W., Danker, F.W., Arndt, W.F. & Gingrich, F.W., 2000. *A Greek-English Lexicon of the New Testament and Other Early Christian Literature*. 3rd ed. Chicago: University of Chicago Press.

Blom, R. 2004. *Handbook of Gestalt play therapy*. Bloemfontein: Druforma.

Bonanno, G.A. 2004. Loss, trauma, and human resilience: Have we underestimated the human capacity to thrive after extremely aversive events? *American Psychologist*, 59(1):20-28.

Bonanno, G.A. 2009. *The other side of sadness: what the new science of bereavement tells us about life after loss*. New York, NY: Basic Books.

Bonanno, G.A. & Kaltman, S. 2001. The varieties of grief experience. *Clinical Psychology Review*, 21(5):705-734.

Bosch, D.J. 1991. *Transforming mission: paradigm shifts in theology of mission*. Maryknoll, N.Y: Orbis Books.

Boss, P. 2006. *Loss, trauma, and resilience: therapeutic work with ambiguous loss*. New York, NY: W.W. Norton.

Bowlby, J. 1980. *Attachment and loss. Vol. 3, Loss, sadness, and depression*. New York, NY: Basic Books.

Bridges, W. 2009. *Managing transitions: making the most of change*. 3rd ed. Philadelphia, PA: Da Capo Press.

Brook, N. & Blair, P.D. 2008. *I Wasn't ready to say goodbye: surviving, coping and healing after the sudden death of a loved one*. Naperville, IL: Sourcebooks Inc.

Browning, D.S. 1996. *A fundamental practical theology: descriptive and strategic proposals*. Mississippi: Fortress Press.

Brunsdon, A.R. 2009. Troos as unieke uitkoms in 'n pastoraal-narratiewe benadering tot rouSMART. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 65(1):1-7, art. 275.
DOI:10.4102/hts.v65i1.275

Buitendag, J. 2019. What is so theological about a faculty of theology at a public university? Athens – Berlin – Pretoria. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 75(4), a5488.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1953. *Die Bybel: Ou en Nuwe Testament*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983. *Die Bybel: Nuwe Vertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 2020. *Die Bybel 2020-vertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Capps, D. 1983. *Life cycle theory and pastoral care*. Minneapolis, MN: Fortress Press

Capps, D. 1989. *The poetics of grief: the emotional and psychological dimensions of grief*. Westminster: John Knox Press.

Cartledge, M.J. 2010. *Practical theology: charismatic and empirical perspectives*. Eugene, OR: Wipf and Stock.

Cheshire, J.G. 2025. The Husband Redeemer of James 1:27 — visiting widows and orphans in the New Covenant. <http://www.academia.edu/> Datum van gebruik: 24 Jun. 2025.

- Corr, C.A., Nabe, C., & Corr, D.M. 2009. *Death and dying, life and living*. 6th ed. pp. 210-220. Belmont, CA: Wadsworth. (Original work published in 2006).
- Corr, C.A., Nabe, C.M. & Corr, D.M. 2019. *Death and dying, life & living*. 8th ed. Boston, MA: Cengage Learning.
- Dauids, P.H. 1982. *The epistle of James: A commentary on the Greek Text*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Dayton, D.W. 1987. *Theological roots of pentecostalism*. Peabody, MD: Hendrickson Publishers.
- Diets, B. 2000. *Life after loss*. Tuscan: Fisher Books.
- Dingemans, G.D.J. 2000. *De stem van de Roepende: pneumatheologie*. Kampen: Kok.
- Farley, E. 1994. *Theology: the fragmentation and unity of theological education*. Philadelphia, PA: Fortress Press.
- Field, N.P., Gao, B.I. & Padema, L. 2005. Continuing bonds in bereavement: an attachment theory based perspective. *Death Studies*, 29:277-299.
- Folkman, S. 2001. Revised coping theory and the process of bereavement. In: Stroebe, M.S., Hansson, R.O., Stroebe, W., & Schut, H, eds. *Handbook of bereavement research: consequences, coping and care*. Washington, DC: American Psychological Association. pp. 563-584.
- Folkman, S. & Moskowitz, J.T. 2000. Positive affect and the other side of coping. *American Psychologist*, 55(6):647-654.
- Fowler, J. 1999. Practical theology and the social sciences. In: Schweitzer, F. & Van der Ven, J.A., eds. *Practical theology: international perspectives*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Fraley, R.C. & Bonnano, G.A. 2004. Attachment and loss: a test of three competing models on the association between attachment-related avoidance and adaptation to bereavement. *Personality & Social Psychology Bulletin*, 30:878-890.

Freud, S. 1917. Mourning and melancholia. In: Strachey, J., ed. *The standard edition of the complete psychological works of Sigmund Freud*. Vol.9, 1914-1916. London: Hogarth Press. pp. 237-258.

Geis, S.B. & Messer, D.E. 1994. *Caught in the crossfire: helping Christians debate homosexuality*. Nashville: Abingdon Press.

Gräb, W. 2012. Practical theology as a religious and cultural hermeneutics of Christian practice. *International Journal of Practical Theology*, 16(01):79-92.

Graham, B. 1994. *Death and the Life After*. Nashville, TN: Thomas Nelson.

Guba, E.G. & Lincoln, Y.S. 1994. Competing paradigms in qualitative research. In: Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., eds. *Handbook of qualitative research*. Thousand Oaks, CA: Sage. pp. 105-117.

Hagman, G. 2001. Beyond decathexis: towards a new psychoanalytic understanding and treatment of mourning. In: Neimeyer, R.A., ed. *Meaning reconstruction & the experience of loss*. Washington: American Psychological Association. pp. 13-32.

Heidari, M. 2021. A review study on understanding grief: attachment, love and loss. *Global Journal for Research Analysis*, 12(10). <https://doi.org/10.36106/gjra>

Heifetz, R.A. & Linsky, M. 2002. *Leadership on the line: staying alive through the dangers of leading*. Boston, MA: Harvard Business School Press.

Heitink, G. 1999. *Practical theology: history, theory, action domains*. Grand Rapids, MI: Eerdmans Publishing.

Hermans, C.A.M. & Schweitzer, F. 2014. Theory and methodology of praxis in practical theology: Introduction to the panel. *International Journal of Practical Theology*, 18(1):88-90.

Horrell, D.G. 2006. *Social-scientific approaches to New Testament interpretation*. Edinburgh: T&T Clark. pp. 96-99.

Jeremias, J. 1969. *Jerusalem in the time of Jesus*. London: SCM Press.

Johnson, L.T. 1995. *The Letter of James: A New Translation with introduction and commentary*. New York: Doubleday.

Kay, W.K. 2009. *Pentecostalism: a very short introduction*. Oxford: Oxford University Press.

Kgatle, M.S. 2022. *Peculiarities in the Pentecostal Tradition: Disciplinary and decolonial perspectives in a South African Context*. *Verbum et Ecclesia*, 43(1), a2519. Doi:10.4102/ve.v43i1.2519

Klass, D., Silverman, P.R. & Nickman, S.L., eds. 1996. *Continuing bonds: new understandings of grief*. Washington, DC: Taylor & Francis. pp. xviii, 16, 22.

Koenig, H.G. 2007. *Spirituality in patient care: why, how, when and what*. 2nd ed. Conshohocken, PA: Templeton Foundation Press.

Kotter, J.P. 1991. Leading change: Why transformation efforts fail. In: *Harvard Business Review on change*. Boston, MA: Harvard Business School Publishing.

Kotter, J.P. 1996. *Leading change*. Boston, MA: Harvard Business School Press.

Kotter, J.P. 2008. An astonishing lack of urgency (and what you can do about it). In: *Harvard Business Review*. Boston, MA: Harvard Business School Publishing.

Kübler-Ross, E. 1969. *On death and dying*. New York, NY: Macmillan.

Kübler-Ross, E. 2009. *On death and dying: what dying have to teach doctors, nurses, clergy and their own families*. 40th anniversary ed. New York, NY: Scribner.

Kübler-Ross, E. & Kessler, D. 2005. *On grief and grieving: finding the meaning of grief through the five stages of loss*. New York, NY: Simon & Schuster.

Land, S.J. 1993. *Pentecostal Spirituality: A Passion for the Kingdom*. Sheffield: Sheffield Academic Press.

Levine, A.J. 2006. *The misunderstood Jew: the church and the scandal of the Jewish Jesus*. New York, NY: HarperOne.

Liardon, R. 1996. *God's generals*. New Kensington, PA: Whitaker House.

- Lindemann, E. 1944. Symptomatology and management of acute grief. *American Journal of Psychiatry*, 101:141-148.
- Long, T.G. 2009. *Accompany them with singing: the Christian funeral*. Westminster: John Knox Press.
- Louw, D.J. 2015. *Wholeness in hope care: on nurturing the beauty of the human soul in spiritual healing*. Berlin: LIT Verlag.
- Main, M. & Solomon, J. 1990. Procedures for identifying infants as disorganized/disoriented during the Ainsworth strange situation. In: Greenberg, M., Cicchetti, D. & Cummins, E., eds. *Attachment in the preschool years*. Chicago: University of Chicago Press. pp. 121-160.
- Malina, B.J. & Rohrbaugh, R.L. 2003. *Social science commentary on the synoptic Gospels*. Minneapolis: Fortress Press. pp 378-380.
- Mancini, A.D., Bonanno, G.A. & Clark, A.E. 2011. Stepping off the hedonic treadmill: individual differences in response to major life events. *Journal of Individual Differences*, 32(3):144-152.
- Martin, D. 2002. *Pentecostalism: The World Their Parish*. Oxford: Blackwell Publishers.
- Martin, R.P. 1988. *James (Word Biblical Commentary)*. Waco, TX: Word Books.
- Marx, J. 2007. *Pastorale berading aan kinders met rouSMART*. Potchefstroom: Noord-Wes Universiteit.
- McCartney, D.G. 2009. *James*. Grand Rapids, MI: Baker Academic.
- McKnight, S. 2011. *The letter of James*. Grand Rapids, MI: Eerdmans. pp.143-147.
- Mikulincer, M. & Shaver, P.R. 2014. *Mechanisms of social connection: from brain to group*. Washington, DC: American Psychological Association.
- Moo, D.J. 2021. *The Letter of James*. 2nd ed. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans Publishing.
- Müller, J. 2000. *Reis-geselskap: Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering*. Wellington, Lux Verbi.

Müller, J.C. 2011. Postfoundational practical theology: how and why? *HTS Teologiese Studies*, 67(2):a837.

Neimeyer, R.A., ed. 2001. *Meaning reconstruction and the experience of loss*. Washington, DC: American Psychological Association.

Neimeyer, R.A. 2016. *Techniques of grief therapy: assessment and intervention*. New York, NY: Routledge. pp. 14-18.

Neimeyer, R.A., Baldwin, S.A. & Gillies, J. 2006. Continuing bonds and reconstructing meaning: mitigating complications in bereavement. *Death Studies*, 30(8):715-738.

Nel, M. 2015. Attempting to define a Pentecostal hermeneutics. *Scriptura* [online]. 2015(114):1-21.

Nel, M. 2020. Pentecostal canon of the Bible?. *Journal of Pentecostal Theology*, 29(1):1-17. <https://doi.org/10.1163/17455251-02901001>

Nel, M. 2021. Defining elements and challenges of a Pentecostal hermeneutics of experience. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 77(2). <https://doi.org/10.4102/hts.v77i2.6622>, Datum van gebruik: 19 Sept. 2025.

Nel, M. 2023. Vital distinctives of charismatic and Pentecostal churches' hermeneutics. *Stellenbosch Theological Journal*, 9(1):1-19. DOI: 10.17570/stj.2023.v9n1.a1 [Journals.co.za](https://journals.co.za) Datum van gebruik: 19 Sept. 2025.

Noel, B. & Blair, P.D. 2008. *I wasn't ready to say goodbye: surviving, coping, and healing after the sudden death of a loved one*. Naperville, Ill.: Sourcebooks.

Northouse, P.G. 2019. *Leadership: theory and practice*. 8th ed. Thousand Oaks, CA: Sage.

Nystrom, D.P. 1997. *James. (Expositor's Bible Commentary)*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Osmer, R.R. 2008. *Practical theology: an introduction*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Osmer, R.R. & Schweitzer, F.L. 2003. *Developing a public faith: new directions in practical theology*. St. Louis, MO: Chalice Press.

- Pargament, K.I. 1997. *The psychology of religion and coping: theory, research, practice*. New York, NY: Guilford Press. pp. 163-194.
- Pargament, K.I., Smith, B.W., Koenig, H.G., & Perez, L. 1998. Patterns of positive and negative religious coping with major life stressors. *Journal for the Scientific Study of Religion*, 37(4):710-724.
- Parkes, C.M. 1971. Psycho-social transitions: a field for study. *Social Science & Medicine*, 5(2):101-115.
- Parkes, C.M. 1998a. *Bereavement: studies of grief in adult life*. 3rd ed. Abingdon, Oxfordshire: Routledge.
- Parkes, C.M. 1998b. *Coping with loss: bereavement in adult life*. *BMJ* 316;856
doi:10.1136/bmj.316.7134.856
- Parkes, C.M. & Prigerson, H.G. 2010. *Bereavement: studies of grief in adult life*. 4th ed. London: Penguin Books.
- Parkes, C.M. & Weiss, R.S. 1984. *Recovery from bereavement*. New York: Basic Books.
- Philemon, L. 2019. *Pneumatic hermeneutics: the role of the Holy Spirit in the theological interpretation of Scripture*. Cleveland, TN: CPT Publishers.
- Prigerson, H.G. & Maciejewski, P.K. 2008. Affect, behavior, and cognition in complicated grief. *Journal of the American Medical Association*, 299(6):695-697.
- Rando, T.A. 1993. *Treatment of complicated mourning*. Champaign, IL: Research Press.
- Schleiermacher, F. 2011. *Brief outline of theology as a field of study*. 3rd ed. Louisville, KY: WJK Press.
- Schlossberg, N.K. 1981. A model for analyzing human adaptation to transition. *Counseling Psychologist*, 9(2):2-18.

Schnider, K.R., Elhai, J.D. & Gray, M.J. 2007. Coping style use predicts posttraumatic stress and complicated grief symptom severity among college students reporting a traumatic loss. *Journal of Counseling Psychology*, 54:344-350.

Schweitzer, F. 2014. Professional praxis in practical theology: theoretical and methodological considerations. *International Journal of Practical Theology*, 18(1):139-149.

Shikwati, B., Magezi, V. & Letsosa, R. 2013. Bereavement healing ministry amongst Abaluyia: towards a “circle for pastoral concern” as a healing model. *In die Skriflig/In Luce Verbi*, 47(1):1-11, art. 663. <http://dx.doi.org/10.4102/ids.v47i1.663>

Smit, D.J. 1998. Biblical hermeneutics: the 20th century. In: Maimela, S. & König, A., eds. *Initiation into theology: the rich variety of theology and hermeneutics*. Pretoria: Van Schaik. pp. 337-347.

Smith, W.J. & Dreyer, Y. 2003. ‘n Perspektief op hoop as pastorale bemagtiging in die rouproses. (*A perspective of hope as pastoral empowerment in the grief process*). HTS Teologiese Studies / Theological Studies, 59(1), pp 151-168.

Southgate, C. 2005. Theology and evolutionary biology. In: Southgate, C. ed. *God, humanity and the cosmos: a textbook in science and religion*. London, New York, NY: T&T Clark International. pp. 154-192.

Stats SA (Statistics South Africa). 2021. South African labour market is more favourable to men than women. <https://www.statssa.gov.za/?p=14606> Datum van gebruik: 21 Mei 2024.

Stats SA (Statistics South Africa). 2023. Equality in the job market still eludes women in SA. <https://www.statssa.gov.za/?p=16533> Datum van gebruik: 21 Mei 2024.

Stats SA (Statistics South Africa). 2024. How do women fare in the South African labour market? <https://www.statssa.gov.za/?p=11375> Datum van gebruik: 14 Nov. 2024.

Stroebe, M. & Schut, H. 1999. The dual process model of coping with bereavement: rationale and description. *Death Studies*, 23(3):197-224.

Stroebe, M. & Stroebe, W. 1991. Does "grief work" work? *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 59(3):479-482.

Stroebe, W., Schut, H. & Stroebe, M.S. 2005. Grief work, disclosure and counseling: Do they help the bereaved? *Clinical Psychology Review*, 25(4):395-414.
doi:<https://doi.org/10.1016/j.cpr.2005.01.004>

Stroebe, W., Stroebe, M.S., Abakoumkin, G., & Schut, H. 1996. The role of loneliness and social support in adjustment to loss: a test of attachment versus stress theory. *Journal of Personality and Social Psychology*, 70:1241-1249.

Swinton, J. & Mowat, H. 2016. *Practical theology and qualitative research*. 2nd ed. London: SCM Press.

Tedeschi, R.G. & Calhoun, L.G. 2004. Posttraumatic growth: conceptual foundations and empirical evidence. *Psychological Inquiry*, 15(1):1-18.

Townes, E.M. 1995. *In blaze of glory: womanist spirituality as social witness*. Nashville: Abingdon Press.

Van Baarsen, B., Van Duijn, M., Smit, J., Snijders, T., & Knipscheer, K. 2001. Patterns of adjustment to partner loss in old age: the widowhood adaptation longitudinal study. *Omega*, 44:5-36.

Van der Kolk, B., 2014. *The body keeps the score: brain, mind, and body in the healing of trauma*. New York, NY: Viking.

Van der Ven, J. 1998. *Practical theology: an empirical approach*. Belgium: Peeters Press.

Van Niekerk, R. 2002. *Verlies, pyn en die verwerking daarvan: praktiese begeleiding vir mense wat die beproewing van die dood ervaar het en steeds deurleef*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Virkler, H.A. & Ayayo, K. 2007. *Hermeneutics: principles and processes of Biblical interpretation*. Ada, MI: Baker Academic.

Walter, C.A. & McCoyd, J.M. 2009. *Grief and loss across the lifespan: a biopsychosocial perspective*. New York, NY: Springer. pp. 4-20.

- Webster, J. 2003. *Holy Scripture: a dogmatic sketch*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Wolfelt, A.D. 2003. *The journey through grief: reflections on healing*. Fort Collins, CO: Companion Press.
- Wolmarans, J.L.P. 2006. James 1:19-27: the hidden message. *Ekklesiastikos Pharos*, 88.
- Worden, J.W. 1996. *Children & grief: when a parent dies*. New York, NY: Guilford Press.
- Worden, J.W. 2009. *Grief counseling and grief therapy: a handbook for the mental health practitioner*. New York, NY: Springer Publishing.
- Worden, J.W. 2018. *Grief counseling and grief therapy: a handbook for the mental health practitioner*. 5th ed. New York, NY: Springer Publishing.
- Wortman, C.B. & Silver, R.C. 1989. The myths of coping with loss. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 57:349-357.
- Wortman, C.B. & Silver, R.C. 2001. The myths of coping with loss revisited. In: Stroebe, M.S., Hansson, R.O., Stroebe, W., & Schut, H., eds. *Handbook of bereavement research: consequences, coping, and care*. Washington, DC: American Psychological Association. pp. 405-430.
- Wortmann, J.H. & Park, C.L. 2008. Religion and spirituality in adjustment following bereavement: an integrative review. *Journal of Death Studies*, 32(8):703-736.
- Wright, N.T. 2008. *Surprised by hope: rethinking heaven, the resurrection, and the mission of the church*. New York, NY: HarperOne.
- Yong, A. 2005. *The Spirit Poured Out On All Flesh: Pentecostalism and the Possibility of Global Theology*. Grand Rapids, MI: Baker Academic.

ADDENDUM A

HESTER A VAN DER WALT

POSBUS 20252

NOORDBRUG 2522

Sel: 082 547 7016

ha.vanderwalt@gmail.com

15 November 2025

Hiermee verklaar ek dat ek die taalversorging van MG van Wyngaard se verhandeling,

Pastorale perspektiewe op die heraanpassing van weduwees na die dood van 'n
huweliksmaat vanuit 'n Pentakostalistiese benadering,

gedoen het en 'n geakkrediteerde lid van SAVI is.

Hester A van der Walt

BAHons Praktiese Linguistiek (UNISA)

BMus (NWU)

Geakkrediteerde lid van SAVI

SAVI-lidnr.: 1001208

ADDENDUM B



Private Bag X1290, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: 018 299-1111/2222
Fax: 018 299-4910
Web: <http://www.nwu.ac.za>

Senate Committee for Research Ethics
Tel: 018 299-4849
Email: rsdethics@nwu.ac.za

2025-04-23

ETHICS APPROVAL LETTER

Based on approval by the **Theology Research Ethics Committee (T-REC)** on 23 April 2025, the Theology Research Ethics Committee hereby **approves** your research as indicated below. This implies that the North-West University Senate Committee for Research Ethics (NWU-SCRE) grants its permission that, provided the special conditions specified below are met and pending any other authorisation that may be necessary, the research may be initiated, using the ethics number below.

Application Type: Research Proposal																														
Title: Pastorale perspektiewe op heraanpassing van weduwees na die dood van 'n huweliksmaat vanuit 'n Pentekostalistiese benadering																														
Student: Van Wyngaard, MG #23862068																														
Study Leader(s): Prof RA Denton & Prof M Nel																														
Ethics number:	<table><tr><td>N</td><td>W</td><td>U</td><td>-</td><td>0</td><td>1</td><td>3</td><td>2</td><td>6</td><td>-</td><td>2</td><td>5</td><td>-</td><td>A</td><td>6</td></tr><tr><td colspan="4">Institution</td><td colspan="4">Study Number</td><td colspan="2">Year</td><td colspan="4">Status</td></tr></table> Status: S = Submission; R = Re-Submission; P = Provisional Authorisation; A = Authorisation	N	W	U	-	0	1	3	2	6	-	2	5	-	A	6	Institution				Study Number				Year		Status			
N	W	U	-	0	1	3	2	6	-	2	5	-	A	6																
Institution				Study Number				Year		Status																				
Commencement date: 2025/04/23																														
Expiry date: 2026/04/23	Risk Category: <table><tr><td>Low risk</td></tr></table>	Low risk																												
Low risk																														
Approval of the research is initially provided for a year, after which continuation of the study is dependent on receipt and review of the annual (or as otherwise stipulated) monitoring report and the concomitant issuing of a letter of continuation.																														
Special in process conditions of the research for approval (if applicable): None																														

General conditions: While this ethics approval is subject to all declarations, undertakings and agreements incorporated and signed in the application form, the following general terms and conditions will apply: • The study leader/supervisor (principal investigator)/researcher must report in the prescribed format to the T-REC: - annually (or as otherwise requested) on the monitoring of the study, whereby a letter of continuation will be provided, and upon completion of the research; and - without any delay in case of any adverse event or incident (or any matter that interrupts sound ethical principles) during the course of the research. • The approval applies strictly to the article as stipulated in the application form. • In the interest of ethical responsibility, the NWU-SCRE and T-REC reserves the right to: - request access to any information or data at any time during the research or after completion of the article; - to ask further questions, seek additional information, require further modification or monitor the conduct of your research or the informed consent process; - withdraw or postpone approval if: - any unethical principles or practices of the research are revealed or suspected; - it becomes apparent that any relevant information was withheld from the T-REC or that information has been false or misrepresented; - submission of the annual (or otherwise stipulated) monitoring report, the required amendments, or reporting of adverse events or incidents was not done in a timely manner and accurately; and / or - new institutional rules, national legislation or international conventions deem it necessary. • T-REC can be contacted for further information or any report templates via Rudy.Denton@nwu.ac.za.
--

The T-REC would like to remain at your service as a scientist and researcher and wishes you well with your research. Please do not hesitate to contact the T-REC or the NWU-SCRE for any further enquiries or requests for assistance.

Yours sincerely

 Digitally signed by Prof
RA Denton
Date: 2025.04.23
11:48:55 +02'00'

Prof Rudy Denton
Chairperson NWU Theology Research Ethics Committee (T-REC)

